





UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0280787



111066326201220000019

DIE INVLOED VAN MODELLERING,  
GEDRAGSREPETISIE EN VIDEOBANDTERUGKOPPELING  
OP SELFOPENBARING

deur

BENJAMIN STEPHAN JANECKE

Verhandeling  
voorgelê ter gedeeltelike vervulling  
van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM  
(Kliniese Sielkunde)

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE  
(DEPARTEMENT SIELKUNDE)  
AAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT  
BLOEMFONTEIN

Studieleier : Mnr. C.M. Nel. (M.A.)  
Mede-studieleier : Prof. W.J. Schoeman (D.Phil.)

Augustus 1979.

Aan FOXIE.

" This above all : to thine own self be true;  
And it must follow, as the night the day,  
Thou canst not then be false to any man."

- Shakespeare

## DANKBETUIGINGS

My opregte dank aan die volgende persone wat hierdie ondersoek moontlik gemaak het:

My studieleier, mnr. C.M. Nel, vir sy volgehoue werkywer, aanmoediging en stimulerende leiding en my mede-studieleier, prof. W.J. Schoeman, vir sy onmisbare hulp en inspirasie. Dit was n besondere voorreg om saam met hulle te kon werk.

Al die studente wat aan die ondersoek deelgeneem het.

Mnre. J. Human en P. Heaven, mejj. E. Groenewald, E. Venter en M.F. Grobler asook mev. M. Marx wat elkeen n waardevolle bydrae gelewer het.

Mev. L. van Pletsen vir haar behulpsaamheid en netjiese tikwerk.

My moeder vir haar ondersteuning en belangstelling.

Dit is aan my vrou wat ek hierdie verhandeling opdra. Sy het my nie net in vele opsigte bygestaan tydens hierdie studie nie, maar haar liefdevolle ondersteuning en aanmoediging was vir my n konstante bron van inspirasie.

B.S.J.

Bloemfontein

Augustus 1979

## INHOUDSOPGAWE

		Bladsy.
DANKBETUIGINGS		i
INHOUDSOPGAWE		ii
TABELLE		v
HOOFSTUK		
1	INLEIDING	1
2	AGTERGROND TOT DIE PROBLEEM	6
	2.1 Inleidend	6
	2.2 Filosofiese agtergrond	7
	2.3 Selfopenbaring tydens terapie	10
	2.3.1 Voorstanders van selfopenbaring	11
	2.3.2 Waarskuwings teen die onoordeel= kundige gebruik van selfopen= baring	20
	2.3.3 Slotgedagte	33
	2.4 Navorsing oor die bevordering van selfopenbaring	33
3	TEGNIEKE VIR DIE AANLEER VAN SOSIALE VAARDIGHEDE	41
	3.1 Inleidend	41
	3.2 Die aanleer van selfgeldende gedrag	42
	3.3 Modellering	52
	3.3.1 Teoretiese raamwerk	52
	3.3.2 Die keuse van n model	65
	3.4 Gedragsrepetisie	66
	3.5 Opleidingsisteme waarin daar gebruik gemaak word van model= lering en gedragsrepetisie	71
	3.5.1 Ivey se mikro-opleidingssteeem	71
	3.5.2 Mediat terapie	79
	3.5.3 Die Truax-Carkhuff-Sisteeem	82
	3.6 Videobandterugkoppeling	85
	3.7 Gevolgtrekking	98

4	<b>TEORETIESE RAAMWERK: DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE</b>	100
	4.1 Inleidend	100
	4.2 Kernbegrippe	102
	4.2.1 Sisteem	102
	4.2.2 Omgewing	104
	4.2.3 Subsisteme, suprasisteme en hierargiese orde	105
	4.2.4 Spanning en konflik	105
	4.2.5 Ekwilibrium, bestendige toe= stand en homeostase	106
	4.2.6 Oop en geslote sisteme	108
	4.2.7 Terugkoppeling	110
	4.2.8 Kodering	112
	4.3 Die Kibernetika	113
	4.4 Die menslike persoonlikheid as sisteem	117
	4.4.1 Inleiding	117
	4.4.2 Interpersoonlike kommunikasie	118
	4.4.3 Selfopenbaring	120
	4.5 Omskrywing van tegnieke wat gebruik kan word om self= openbaring te bewerkstellig	121
5	<b>METODE</b>	125
	5.1 Algemene metodologiese strategie	125
	5.2 Probleemstelling	129
	5.2.1 Videobandmodellering plus gedragsrepetisie	129
	5.2.2 Videobandterugkoppeling	130
	5.2.3 Die kombinasie van videoband= modellering en gedragsrepetisie met videobandterugkoppeling	131
	5.3 Eksperimentele ontwerp	132
	5.3.1 Onafhanklike veranderlikes (Strategieë)	132
	5.3.2 Afhanklike veranderlike (Selfopenbaring)	135
	5.3.3 Die ontwerp	139
	5.3.4 Steekproef	142
	5.4 Prosedure	147
	5.4.1 Uitvoering van die eksperiment	147
	5.4.2 Verwerking van die data	152



6	RESULTATE EN BESPREKING	160
6.1	Inleidend	160
6.2	Resultate	161
6.2.1	Videobandmodellering plus gedragsrepetisie	164
6.2.2	Videobandterugkoppeling	165
6.2.3	Die interaksie tussen video= bandmodellering plus gedrags= repetisie en videobandterug= koppeling	165
6.3	Bespreking	168
6.3.1	Videobandmodellering plus gedragsrepetisie	168
6.3.2	Videobandterugkoppeling	169
6.3.3	Videobandmodellering plus gedragsrepetisie gevolg deur videobandterugkoppeling	169
6.3.4	Moontlikhede wat verder ondersoek kan word	170
	OPSOMMING	172
	BIBLIOGRAFIE	176
	BYLAE A	199
	BYLAE B	201
	BYLAE C	211
	BYLAE D	214
	BYLAE E	219

## TABELLE

TABEL		Bladsy
5.1	Samestelling van Steekproef	146
5.2	Inter-beoordelingskoëffisiënte	152
5.3	Variansie-analise ten opsigte van groepsverdeling	158
5.4	Rekenkundige gemiddeldes van die verskillende groepe voor eksperi= mentele manipulasie	159
6.1	Variansie-analise na eksperimentele manipulasie	162
6.2	Rekenkundige gemiddeldes van die verskillende groepe na eksperimen= tele manipulasie	163

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

As n persoon wat terapeuties gehelp wil word, nie in staat is om sy probleme te openbaar nie, vertraag dit die terapeutiese proses omdat n terapeut slegs kan reageer op die materiaal wat deur sy kliënt aan hom openbaar word.

Terapeute met n fenomenologiese benadering beskou selfopenbaring egter nie net as n wyse waarop jy jouself aan n ander bekend maak nie, maar ook as n manier waarop verhoudings wat bydra tot n individu se geestesgesondheid, tot stand kom (Jourard, 1968, 1971 a en b, 1974; Rogers, 1957, 1967, 1977). Daar is selfs terapeute wat wanaanpassing en neurotiese toestande toeskryf aan n persoon se onvermoë om homself te openbaar (Jourard, 1971 a; Mowrer, 1964, 1966).

Veral die psigoanaliste verwys na hul pasiënte se onvermoë om hulself te openbaar as "weerstand". Na n literatuuroorsig bevind Kruger (1972) egter dat weerstand:

"... n werklikheid [is] waarmee in elke terapie rekening gehou moet word. Die beskrywing van die verskyningsvorme van weerstand is konsekwent by alle skrywers ten spyte van die feit dat heftige terapeutiese dispuut ontstaan oor presies wat weerstand is" (p.v).

Weerstand word in die Encyclopedia of Psychology (Vol. 2 - 1972) beskryf as:

"... an individual's refusal to acknowledge as such unconscious motives which tend to affect his behavior and (in hidden form) his subjective experience" (p.935).

Terapeute het in videobandterugkoppeling 'n tegniek gesoek waarmee hul moontlik hul pasiënte se weerstand teen verbale terugkoppeling kon hanteer (Bailey en Sowder, 1970). Volgens Berger (1970) ondervind heelwat pasiënte weerstand teen die erkenning van aspekte van hul persoonlikheid nieteenstaande aanduidings daarvan in hul verhoudings met hul huweliksmaats, kinders en andere. Daar is dus geteoretiseer dat as sulke persone met hul gedrag gekonfronteer word, deur middel van videobandterugkoppeling, kan hulle gedwing word om hierdie aspekte van hul gedrag te erken. Dikwels reageer hierdie persone egter op videobandterugkoppeling deur te beweer dat die terapeut of die videoband hul optredes verwing, of dat hulle optredes nie reg geïnterpreteer word nie.

Heelwat navorsing is al gedoen om die effek van videobandterugkoppeling te bepaal. 'n Aantal navorsers bevind egter na hul studies dat hierdie tegniek nie aan die hoë verwagtings voldoen nie (Danet, 1968; Bailey en Sowder, 1970; Fuller en Manning, 1973; Bailey, Deardorff en Nay, 1977).

Nadat Rademeyer (1974) die Algemene Sisteemteorie as 'n teoretiese rasioneel vir die bestudering van videobandterugkoppeling daargestel het, is daar plaaslik ook heelwat navorsing

gedoen om die effek van hierdie tegniek te bepaal (Wilkinson, 1975; Van Zyl, 1975; Luttig, 1976; Pompe van Meerdervoort, 1976; Saunders, 1977). n Probleem wat dikwels voorkom tydens hierdie studies, is dat hierdie tegniek nie die weerstand teen verandering van die proefpersone verminder nie, maar dat dit eerder weerstand teen verandering by hul ontwikkel. Veral homeostatische persoonlikhede toon volgens Luttig (1976) en Pompe van Meerdervoort (1976) heelwat weerstand teen verandering wanneer hierdie tegniek aangewend word.

In die gedeelte wat uit die Encyclopedia of Psychology aangehaal is, word weerstand beskou as die individuele weiering om die onbewuste motiewe wat sy gedrag beïnvloed, te erken.

Weisstein (1970) wys egter daarop dat sielkundiges se onvermoë om n persoon te verstaan, dikwels toegeskryf kan word aan die feit dat daar gesoek word na innerlike determinante van gedrag, in plaas daarvan om te let op die sosiale konteks waarbinne die gedrag plaasvind. Bakker (1975) huldig dieselfde standpunt soos blyk uit die volgende aanhaling:

"Man's behavior is not primarily determined by unchangeable personality traits or other essential characteristics; on the contrary, his behavior is extremely changeable as a function of the situation in which he finds himself. Change the situation and the person's behavior will change"  
(p. 165).

In aansluiting by die bostaande benadering, wil navorser n gebrek aan selfopenbaring nie net beskou as n vorm van weerstand (wat dui op n weiering om onbewuste motiewe te erken nie),

maar as n onvermoë wat by n persoon bestaan wat verband hou met die situasie waarbinne hy hom bevind. Deur die eksperimentele gedeelte van hierdie studie te ontwerp as n leersituasie waarbinne selfopenbaring aangeleer kan word, wil navorser dus die weerstand teen verandering wat by homeostatiese persoonlikhede bestaan, probeer uitskakel.

Die benadering dat n verskeidenheid tegnieke gebruik kan word om persone sosiale vaardighede aan te leer, het in die afgelope aantal jare al hoe meer begin posvat (Carkhuff, 1969 a en b; Carkhuff en Berenson, 1967; Gambrill, 1977; Hersen en Eisler, 1976; Ivey, 1971, 1973, 1974; Trower et al. 1978). Modellerling, n tegniek wat veral deur Bandura (1965, 1969, 1971, 1977) ontwikkel en van n teoretiese rasioneel voorsien is, word gewoonlik met sukses aangewend. Daar is ook gevind dat die effek van modellerling verhoog word deur n ander tegniek, naamlik gedragsrepetisie (McFall en Lillesand, 1971; Young et al., 1973).

Vir die doel van hierdie studie is daar dus besluit om die effek van videobandmodellerling plus gedragsrepetisie en videobandterugkoppelling, asook die interaksie-effek van hierdie veranderlikes op selfopenbaring, as afhanklike veranderlike te ondersoek. Daar sal veral geprobeer word om die volgende vier doelstellings te bereik met die studie.

Eerstens sal daar gekyk word na die standpunte van n paar belangrike skrywers wat hulself uitgelaat het oor selfopenbaring. Deur dit te doen, sal daar gepoog word om aan te

toon dat selfopenbaring 'n vaardigheid is wat onder bepaalde omstandighede 'n bydrae kan lewer tot 'n persoon se geestesgesondheid. Hierdeur wil navorser aantoon dat dit belangrik is om tegnieke te ontwikkel waarmee selfopenbaring vir persone aangeleer kan word.

Tweedens sal die tegnieke wat gebruik kan word om sosiale vaardighede vir persone aan te leer, ondersoek word.

Derdens sal daar gepoog word om al die veranderlikes wat by hierdie ondersoek betrek word van 'n oorkoepelende teoretiese grondslag te voorsien. Die Algemene Sisteemteorie sal as 'n uitgangpunt gebruik word. Die kibernetiese beginsels van kontrole- en terugkoppelingsprosesse sal as 'n belangrike onderafdeling van die Algemene Sisteemteorie bespreek word.

Vierdens sal 'n eksperimentele studie uitgevoer word. In hierdie studie sal die waarde van videobandmodellering plus gedragsrepetisie; videobandterugkoppeling asook die kombinasie van hierdie tegnieke om selfopenbaring te verbeter, bepaal word. Daar sal ook gepoog word om vas te stel of persone wat reeds selfopenbaring aangeleer is deur middel van videobandmodellering en gedragsrepetisie, weerstand teen verandering gaan ontwikkel tydens videobandterugkoppeling.

## HOOFSTUK 2

### AGTERGROND TOT DIE PROBLEEM

#### 2.1 INLEIDEND

Selfopenbaring kan gedefinieer word as enige inligting oor homself, wat persoon A verbaal meedeel aan persoon B (Cozby, 1973). Sidney Jourard (1968, 1971 a, 1971 b, 1974) beskou selfopenbaring as 'n belangrike voorvereiste vir geestesgesondheid en hy is dan ook een van die belangrikste voorstanders van selfopenbaring as 'n terapeutiese tegniek. Jourard (1971a) definieer selfopenbaring soos volg:

"To disclose means to unveil, to make manifest, or to show. Self-disclosure is the act of making yourself manifest, showing yourself so others can perceive you" (p. 19).

Daar is 'n aantal terme in omloop wat verwant is aan die konsep van selfopenbaring. Rogers (1957), Tittler et al. (1976), Wilkinson et al. (1975), Truax en Mitchell (1971) en Allen (1967) gebruik die term "oopheid"; Rogers (1967; 1977) "kongruensie", Mowrer (1964) "eerlikheid"; Jourard (1971 a en b; 1974) "deursigtigheid" en Carkhuff en Berenson (1967) en Truax en Carkhuff (1964) "opregtheid". Die term "Self-gelding" (Dawley, 1976; Wolpe en Lazarus, 1966; Wolpe, 1973) hou ook verband met selfopenbaring.



Weiner (1978) beweer dat n terapeut homself ook kan openbaar tydens terapie. Die terapeut laat nie sy rol as terapeut vaar nie, maar openbaar homself as iemand wat as mens n terapeutiese verhouding het met n ander mens (die pasiënt). In so n verhouding stel hy nie net sy terapeutiese vaardighede beskikbaar vir die pasiënt nie, maar sy hele "self". Om volkome homself te kan wees, beteken dat die terapeut, net soos die pasiënt, n geskiedenis en n persoonlikheid het, en dat dit belangrike veranderlikes is tydens die terapeutiese proses.

## 2.2 FILOSOFIESE AGTERGROND

Die gedagte dat een persoon homself kan openbaar aan n ander persoon, hou verband met die mens-en-lewensbeskouing wat op n bepaalde stadium gehuldig word.

Die idee dat die sondaar sy sondes moet bely aan God, voordat hy vergifnis kan ontvang, is n kernbegrip by die Christendom. Alhoewel die gedagte dat jy jouself moet openbaar aan die Skepper maklik aanvaar word, vind die openbaarmaking van jou probleme aan jou medemens nie so geredelik plaas nie.

Binne die terapeutiese gemeenskap word die pasiënt onder die invloed van sekere waardesisteme beskou as n objek, terwyl ander waardesisteme weer daartoe aanleiding gee dat die pasiënt gesien word as n integrale deel van die terapeutiese proses.

Reeds in die vroegste tye het Plato geglo dat die waarheid nie gevind word in die waarneembare voorkoms van 'n objek nie, maar agter dit of onderliggend daaraan. In sy Discourse on Method van 1637 verklaar Descartes egter dat dit moontlik is om alles wat onbekend is metodes te ondersoek, sodat dit aan almal bekend sal wees. Newton baseer sy eksperimentele metode op Descartes se sienswyse (Shotter, 1975). Hierdie benadering gee aanleiding tot die wetenskaplike metode waarvolgens die wetenskaplike as 'n neutrale, onbetrokke waarnemer beskou word.

In die middel van die negentiende eeu verklaar Kierkegaard egter dat die mens met sy hele wese betrokke is tydens die proses van sy waarneming. Hy beklemtoon dit dat 'n persoon met sy hele wese betrokke moet wees om te kan begryp en dat die persoon deur hierdie deelname ook verander word: beide objek en subjek word verander in die proses van bewuswording (Weiner, 1978). Kierkegaard (1951) omskryf sy begrip van "waarheid as verhouding" soos volg:

"When the question of truth is raised in an objective manner, reflection is directed objectively to the truth, as an object to which the knower is related. Reflection is not focused upon the relationship, however, but upon the question of whether it is the truth to which the knower is related. If only the object to which he is related is the truth, the subject is accounted to be in the truth. When the question of the truth is raised subjectively, reflection is directed subjectively to the nature of the individual's relationship; if only the mode of this relationship is in the truth, the individual is in the truth, even if he should happen to be thus related to what is not true" (In Bretall., red., 1951, pp. 210 - 211).

Die wetenskaplike skeiding van die subjek en die objek word later deur die sielkundige, Rollo May en die psigiater Ludwig Binswanger, beskou as die vernaamste oorsaak van die moderne mens se primêre sielkundige probleme: sy vervreemding van homself en sy medemens deur objektivering. Die denkrigting wat hulle navolg staan bekend as die eksistensialisme.

Rollo May (1958) definieer eksistensialisme soos volg:

"Existensialism, in short, is the endeavor to understand man by cutting below the clearage between subject and object which has bedeviled Western thought and science since shortly after the Renaissance" (p.11).

Volgens Weiner (1978) word die terapeutiese openbaarmaking van die self gefundeer in die gedagte dat wanneer twee mense mekaar ontmoet, hulle n gesamentlike proses aan die gang sit wat die vektor is van kragte wat hul oorsprong het in beide van hulle. Die verskil tussen hierdie benadering en die van die onbetrokke terapeut, wat net waarneem, is tot n punt gedryf deur die totstandkoming van die sogenaamde derde beweging in die sielkunde: die fenomenologiese sielkundige benadering. Carl Rogers was een van die vroeë leiers van die beweging, wat in sy wese nou verbind is met eksistensialisme. Rogers se standpunt was egter gebaseer op die navorsing van wat plaasvind binne die terapeutiese proses, eerder as op n filosofiese sisteem. Sy benadering was dus eerder pragmaties as filosofies.

### 2.3 SELFOPENBARING TYDENS TERAPIE

Volgens Weiner (1978) is daar tans 'n groter klem op die gebruik van selfopenbaring as 'n terapeutiese tegniek. Die meningsverskil wat oor die tegniek ontwikkel het, kan op 'n kontinuum geplaas word, waar die een uiterste die "naakte" standpunt verteenwoordig en die ander uiterste die "neutrale" standpunt. Goeie voorbeelde van die neutrale benadering is die analitiese "blanko skerm" en die reflekerende Rogeriaanse kliëntgesentreerde terapeut. Die analitiese neutrale terapeut beskou homself as 'n blanko skerm waarop die pasiënt eers sy probleme projekteer en waarop hy dan sy onbewuste fantasieë kan deurwerk. Dié terapeut glo dan ook dat hy in staat is om homself daarvan te weerhou om sy gevoelens oor te dra op die pasiënt (teenoordraging). Die Rogeriaanse terapeute, wat hulself as 'n spieël beskou, voel dat hulle neutraliteit daartoe aanleiding gee dat die individu sy eie potensialiteite maksimaal kan ontwikkel. Die kritici van neutraliteit voel dit lei tot onmensliking en tot steriele, geïntellektualiseerde stagnasie. Die blootgestelde of "naakte" terapeut, wat homself sielkundig en/of liggaamlik openbaar, voel hy is emosioneel stimulerend en humanisties. Die neutrale terapeute beskou terapeute wat hul pasiënte aanraak en beide siel en liggaam ontbloot, as deelnemers aan geestelike masturbasie.

Omdat selfopenbaring 'n omstrede onderwerp is, gaan daar vervolgens gekyk word na die standpunte van 'n paar belangrike skrywers wat hulself oor hierdie onderwerp uitgelaat het.

### 2.3.1 Voorstanders van selfopenbaring

Soos dit reeds uit die filosofiese agtergrond blyk, is dit veral die aanhangers van 'n fenomenologiese benadering wat voorstanders is van selfopenbaring. Goldenberg (1973) beweer dan ook dat die objektiewe buitestanderbenadering vir baie kliniese sielkundiges onvoldoende is tydens terapie. Hulle wil weet wat hul kliënt se unieke persepsie van sy leefwêreld is, omdat hulle glo dat sy gedrag primêr gebaseer is op hierdie persepsie. Hulle wil dus weet hoe hy voel, wat hy van oomblik tot oomblik ervaar en watter persoonlike betekenis hy aan sy ervarings gee.

Dit gaan by die terapeute wat hierdie benadering volg, om die mens se potensiaal en nie oor sy patologie nie. Die persoon wat hulp soek, word nie as siek beskou nie, maar soek hulp om sy eie potensiaal te vervul en om sy verhouding met andere te verbeter. Terapeute wat hierdie benadering volg, glo dat elke individu 'n positiewe strewe het na selfvervulling en hulle probeer hom help om die strewe te realiseer. Hulle gaan uit van die standpunt dat die pasiënt se persoonlike groei gestimuleer word deur sy kontak met die ware self van 'n ander persoon, naamlik die terapeut (Weiner, 1978).

Sidney Jourard is 'n belangrike voorstander van selfopenbaring. Hy beskou selfopenbaring as die kommunikasie van persoonlike ervarings aan andere deur woord en daad. As 'n persoon wil hê dat andere hom moet ken soos hy homself ken, sal hy homself eerlik openbaar. As hy egter 'n vals openbare beeld wil projekteer, sal hy leuens vertel en voorgee dat hy iemand

anders is. Opregte selfopenbaring is nie net 'n manier om jouself bekend te maak aan andere nie, dit is 'n wyse waarop jy verhoudings ontwikkel wat lei tot 'n gesonde persoonlikheid.

'n Voortdurende vals voorstelling van die self het volgens Jourard ernstige gevolge. As 'n persoon voortdurend onwaarhede vertel oor sy ware gevoelens, wense, herinneringe en planne sal hy later kontak verloor met sy ware belewing. Hy sal nie weet, wie hy werklik is nie, omdat hy homself verloor in die identiteit van die persoon wat hy voorgee om te wees. Die verlies van eie identiteit of die vervreemding van die self, is die gevolg van die onderdrukking van jou eie belewing. Vervreemding van die self is dan ook volgens Jourard die oorsaak van die meeste sielkundige afwykings. Persone wat in 'n groot mate van hulself vervreemd is, het ook nie meer kontak met die realiteit nie (Jourard, 1974).

Volgens Jourard (1968) is vervreemding van die self die belangrikste rede vir die ontstaan van die sogenaamde "neurotiese persoonlikheid van ons tyd" wat Karen Horney in 1936 in haar boek met dieselfde titel beskryf het. Volgens hom is die vervreemding van die self 'n siekte wat reeds so algemeen is, dat ons dit nie meer kan uitken as 'n siekte nie. As iemand vra, "Wie is jy?" sal hy jou die naam van die rol gee waarmee hy die meeste identifiseer, "Ek is 'n sielkundige", " 'n onderwyser" of " 'n sakeman". Die feit dat mense rolle speel gee aanleiding daartoe dat hulle nooit mekaar se ware self ontdek nie. 'n Man kan vir vyftien jaar met 'n vrou getroud wees, sonder dat hy haar werklik ken. Hierdie tendens gee aanleiding tot die paradoks van die "eensame menigte".

Jourard (1971 b) beskou die vermoë van 'n persoon om homself te kan openbaar, as deursigtigheid. Om deursigtig te wees, is vir hom 'n tweevoudige proses met gevolge vir die "self" en vir andere. Hy omskryf deursigtigheid soos volg:

"It is to let the disclosure of the world, including our own embodied being, stand forth before our consciousness. It is to be accepting and nonselective toward the ceaseless disclosure of the changing being that is the world. And it is to be an active discloser to the world, which includes one's fellow beings. If I make myself transparent, I suspend my concepts, my expectancies as to how things and people are, and let myself perceive (that is, receive the transmissions of) their being. I suspend my concept of my own being (my self-concept) and let my changing being present itself to my experience, thus necessitating a changed concept of myself, with attendant changes in my behavior" (1971 b, p. 180).

Deursigtigheid is volgens Jourard (1971 b) 'n manier van optree wat op meer as een vlak van die mens se bestaan 'n invloed uitoefen. Dit verg die moed en gewilligheid om die wêreld te laat wees wat dit is, om 'n ander te laat wees wie hy is en om jouself dit te laat wees wat jy is. Dit vra ook 'n verbintenis aan die waarheid. Dit vra 'n gereedheid om konsepte en gevoelens oor die self, andere en die wêreld te verander en om dit wat besig is om te gebeur korrek waar te neem.

Dit is volgens Jourard (1971 a) nie net die pasiënt wat oop en deursigtig moet wees nie. Hy het in sy daaglikse praktyk gevind dat die terapeut ook in staat moet wees om homself te openbaar:

" Through trial and error I found that if I abandoned my psychotherapeutic techniques and presented myself as a fairly intelligent, well-intentioned human being, if I shared some of my experience with problems similar to the ones that my patients were wrestling with, we got a good working relationship going. This was quite a departure from the orthodox techniques in which I had been trained, and I felt anxious about it. But my research in self-disclosure was showing that disclosure invites or begets disclosure. My changes in psychotherapeutic behavior confirmed this. There's no way to force somebody to talk about himself. You can only invite. The most powerful and relevant invitation I could find was to share my subjectivity with the other" (p.14).

Jourard (1971 a) voel dat as hy sy kliënte toelaat om hom te leer ken tydens die terapeutiese gesprek, hulle hom ook sal toelaat om hulle te leer ken. Op hierdie wyse ontstaan daar vertroue tussen hulle en albei put groter satisfaksie uit die terapeutiese situasie. Die selfopenbaring van die kliënt help hom ook terselfdertyd om geestesgesond te word, want dit is volgens Jourard gewoonlik mense wat nie in staat is om hulself aan die belangrike mense met wie hul saamleef te openbaar nie, wat om hulp aanklop by die terapeut:

" Every maladjusted person is a person who has not made himself known to another human being and in consequence does not know himself nor can he be himself. More than that, he struggles actively to avoid becoming known by another human being. He works at it ceaselessly, twenty-four hours daily, and it is work! " (1971 a pp. 32 - 33).



Carl Rogers is nog 'n terapeut wat 'n positiewe benadering huldig ten opsigte van selfopenbaring.

In 'n artikel van hom wat in 1957 verskyn, bespreek hy die elemente in 'n verhouding wat aanleiding gee tot 'n konstruktiewe persoonlikheidsverandering by 'n individu. Alhoewel hy nie die term "selfopenbaring" gebruik nie, verwys hy na "opregtheid" wat verwant is aan die begrip. Vir hom is opregtheid 'n kern-eienskap van die terapeutiese verhouding. Volgens hom moet 'n terapeut 'n kongruente, opregte en geïntegreerde persoon wees. Hy omskryf hierdie toestand soos volg:

" It means that within the relationship he [die terapeut] is freely and deeply himself, with his actual experience accurately represented by his awareness of himself. It is the opposite of presenting a facade..." (p. 97).

Later, in 1967, verklaar hy dat een van die belangrikste dinge wat hy geleer het in sy verhoudings met andere die feit is dat dit op die lange duur nie baat om te probeer voorgee dat jy iets is wat jy nie is nie. Dit help nie om 'n fasade vir andere voor te hou nie: om oppervlakkig iets voor te gee terwyl jy dit nie werklik voel nie. Volgens hom is van die meeste foute wat hy begaan het in sy verhoudings met andere toe te skryf aan sy onkongruente gedrag. Hy beskou dit noodsaaklik vir 'n terapeut om kongruent te kan wees. In sy boek van 1967 omskryf hy kongruensie soos volg:

" By (congruence) we mean that the feelings the therapist is experiencing are available to him, available to his awareness, and he is able to communicate them if appropriate" (p. 61).

Hy voel dat die terapeut ekspressief genoeg moet kan wees om dit wat hy ervaar ondubbelsinnig aan sy kliënt te kommunikeer. Volgens hom is dit belangrik vir 'n persoon wat 'n terapeutiese gesprek wil voer om te leer dat dit veilig is om deursigtig en opreg te wees tydens die gesprek (1967).

In Rogers se nuutste boek (1977), verwys hy weer eens na deursigtigheid (transparancy). Dit is terwyl hy opregtheid en kongruensie bespreek dat hy van die term deursigtigheid gebruik maak om die ander twee terms te verklaar:

" The term transparent catches the flavor of this element - the therapist makes herself transparent to the client; the client can see right through what the therapist is in the relationship; the client experiences no holding back on the part of the therapist. As for the therapist, what she is experiencing is available to awareness, can be lived in the relationship, and can be communicated if appropriate. Thus there is a close matching, or congruence, between what is being experienced at the gut level, what is present in awareness, and what is expressed to the client" (p.9).

Rogers voel dat as die terapeut bewus kan wees van sy eie gevoelens tydens 'n terapeutiese sessie en as hy dit aan sy kliënt kan openbaar, is hy in staat om die kliënt te help (1977).

Ook Carkhuff (1969, a en b) verwys na opregtheid as 'n kern=dimensie van interpersoonlike verhoudings. Hy definieer opregtheid as die vermoë van 'n helper om vrylik, spontaan

en innig homself te wees en om in staat te wees om belangrike inligting oor homself te kan openbaar, indien dit toepaslik is. Hy beskou selfopenbaring dus as een van n aantal kern=dimensies wat n fasiliterende of n afbrekende invloed op interpersoonlike verhoudings uitoefen. Hierdie kerndimensies is aanwesig in alle interpersoonlike prosesse.

Volgens Carkhuff (1969 a en b) kan persone wat in staat is om ten opsigte van hierdie kerndimensies op n hoë vlak te funksioneer persone wat op n lae vlak funksioneer, help om beter te funksioneer. Hy het dan ook n aantal skale ontwikkel waarvolgens n individu se vlak van funksionering op die kerndimensies bepaal kan word en hy het metodes voorgestel waarvolgens helpers (terapeute) opgelei kan word om beter op die kerndimensies te funksioneer.

Truax en Mitchell (1971) ondersoek die vaardighede van die terapeut wat die uitslag van die interpersoonlike proses bepaal. Hulle voel dat opregtheid n vaardigheid is wat menslike interaksie fasiliteer. Hulle omskryf opregtheid as "an open, nondefensive, nonphoney being" (p. 313). Hulle voel dat opregtheid basies is aan interpersoonlike verhoudings en dat dit n oop en vertrouende verhouding tot gevolg het. Die helpende persoon is homself binne die verhouding, hy tree egter nie op soos hy tuis optree of soos hy in baie ander situasies optree nie. Hulle voel dat die effektiwiteit van die vaardigheid berus op die feit dat die terapeut se oopheid en vryheid om homself te wees, as n model dien vir die kliënt om na te volg.

Mowrer (1964) voel dat geestelike versteurings die gevolg is van onderdrukking: die weiering om aan n ander die hele waarheid omtrent jouself mee te deel. Hy glo nie dat die konflik wat tot geestesongesteldheid lei intrapsigies is, soos Freud beweer het nie, maar eerder interpersoonlik. Hy glo daar ontstaan by n geestelik ongestelde persoon n splitsing, dissosiasie en vervreemding op interpersoonlike vlak. Skuldgevoelens is n faktor wat aanleiding gee tot die probleem. n Skuldgevoel is die vrees wat n persoon ervaar, nadat hy iets gedoen het, wat afgekeur word deur die vir hom belangrike persone met wie hy saamleef en voordat hy dit bieg of dit vasgestel word. n Skuldgevoel is dus die vrees om betrap en gestraf te word vir n "oortreding". Dit duur voort omdat die verloop van tyd nie die toerekenbaarheid vir die oortreding verminder nie. Die oorspronklike oortreding word verder vererger deur die bedrog van geheimhouding:

"... which becomes an on-going sin which was not merely committed then, but is still being practiced and perpetuated here and now" (p. 327).

n Neurose is volgens Mowrer (1964) dus n probleem wat deur die gewete veroorsaak word as n persoon, wat n basiese goeie karakter het, hom kompromitteer en aanhoudend weier om iets daaraan te doen. Die "simptome" van die neurotiese persoon is n aanduiding van die stryd wat hy voer met sy gewete.

Mowrer (1964) glo dat selfopenbaring die neurotiese persoon help om weer normaal te funksioneer. Hy voel dat die waarde van die sogenaamde "self-help" groepe geleë is in die voor-

beeld en getuienis van persone wat probleme ondervind het wat opgelos is en wat bereid is om die persone wat nie self hul probleme kan oplos nie, te begelei. Daarenteen tree professionele terapeute paradoksaal op deur glad nie die begaafdhede wat hulle van hulle pasiënte verwag te openbaar nie. Dit is dus nie vreemd dat "geslote" terapeute nie daarin slaag om "oop" pasiënte te hê nie.

Mowrer (1966) beveel aan dat as neurotiese probleme wel ontstaan soos hy dit hierbo uiteengesit het, moet die terapeut nie fokus op die pasiënt se emosionele ongemak nie. Hy sal eerder aandag skenk aan sy afwykende en dubbelsinnige gedrag. Soms kan dit gedoen word deur aan die neurotiese persoon te suggereer dat sy emosionele lyding dui op skuldgevoelens wat onopgelos is en wat nie erken word nie. 'n Ander persoon kan 'n proses van selfopenbaring aan die gang sit wat daartoe kan lei dat die neurotiese persoon sy eie identiteit vind en dat hy weer sosiaal geïntegreer raak. Dikwels sal die "modellering" van volkome eerlikheid deur die terapeut dus nodig wees. Hierdie prosedure wyk radikaal af van konvensionele terapeutiese benaderings waartydens dit van die terapeut verwag word om onpersoonlik en professioneel op te tree en waar selfopenbaring deur die terapeut as oneties beskou word.

Mowrer (1966) beskou die verwerping van selfopenbaring deur terapeute as 'n faktor wat daartoe aanleiding gee dat terapie dikwels nie suksesvol is nie. As 'n terapeut oop en eerlik kan wees oor sy eie lewe, sy foute en die lesse wat hy daaruit geleer het, kan sy pasiënt baat vind daarby. Die terapeut

modelleer gedrag wat hy wil hê sy pasiënt moet navolg. Identifikasie met die terapeut word bewerkstellig. Die pasiënt begin om deur 'n proses van nabootsing en identifikasie om die mure wat hy om homself gebou het, af te breek. Die proses vind nie net plaas in sy verhouding met die terapeut nie, maar veralgemeen ook na sy verhoudings met ander belangrike persone in sy lewe.

### 2.3.2 Waarskuwings teen die onoordeelkundige gebruik van selfopenbaring

Alhoewel daar dus 'n aantal voorstanders is van die terapeutiese gebruik van selfopenbaring, is daar ook 'n aantal terapeute wat waarsku teen die gebruik van hierdie tegniek. Ander terapeute maak net selektief gebruik van selfopenbaring en waarsku teen die onoordeelkundige gebruik van die tegniek.

Freud het in sy analise van die "wolfman" (1910 tot 1914) homself in 'n mate aan sy pasiënt geopenbaar. Tydens 'n terapeutiese sessie vertel hy byvoorbeeld dat sy jongste seun sy been gebreek het en dat die seun se persoonlikheid baie ooreenstem met sy eie (Freud s'n). By 'n ander geleentheid bespreek Freud een van sy ander pasiënte met die "wolfman". Hy komplimenteer hom ook deur te sê dat dit wonderlik sou wees as al sy leerlinge psigoanalise so maklik begryp het soos die "wolfman" (Weiner, 1978).

Freud is egter nie altyd so gewillig om homself te openbaar nie. Dit blyk duidelik uit die volgende gedeelte uit

Gardiner se boek oor die "wolfman":

- " Too close a relationship between patient and doctor has, like everything else in life, its shadow side. Freud himself believed that if the friendly relations between the two overstep a certain boundary, this will work against the therapy"  
 (Soos aangehaal deur Weiner, 1978, p. 14).

Freud het hom dan ook in sy werk ondubbelsinnig uitgespreek teen die selfopenbaring van die terapeut tydens terapie, aangesien dit uitgebuit kon word vir die bevrediging van die terapeut se eie behoeftes en nie vir die oplossing van die neurotiese probleme van die pasiënt nie. In 1912 sit hy in "Ratschläge für den Arzt bei der Psychoanalytischen Behandlung" sy siening oor die hele aangeleentheid soos volg uiteen:

- " Young and eager psycho-analysts will no doubt be tempted to bring their own individuality freely into the discussion in order to carry the patient along with them and lift him over the barriers of his own narrow personality. It might be expected that it would be quite allowable and indeed useful, with a view to overcoming the patient's existing resistances, for the doctor to afford him a glimpse of his own mental defects and conflicts and by giving him intimate information about his own life, enable him to put himself on an equal footing. One confidence deserves another, and anyone who demands intimacy from someone else must be prepared to give it in return.
- " But in psycho-analytic relations things often happen differently from what the psychology of consciousness might lead us to expect. Experience does not speak

in favour of an affective technique of this kind. Nor is it hard to see that it involves a departure from psycho-analytic principles and verges upon treatment by suggestion. It may induce the patient to bring forward sooner and with less difficulty things he already knows, but would otherwise have kept back for a time through conventional resistances. But this technique achieves nothing towards the uncovering of what is unconscious to the patient. It makes him even more incapable of overcoming his deeper resistances, and in severer cases it invariably fails by encouraging the patient to be insatiable: he would like to reverse the situation, and finds the analysis of the doctor more interesting than his own. The resolution of the transference, too - one of the main tasks of treatment - is made more difficult by an intimate attitude on the doctor's part, so that any gain there may be at the beginning is more than outweighed at the end. I have no hesitation, therefore, in condemning this kind of technique as incorrect. The doctor should be opaque to his patients and, like a mirror, should show them nothing but what is shown to him " (1958, pp. 117 - 118). (Kursivering my eie.)

Alhoewel Weiner (1978) se basiese uitgangspunt psigoanalities is, is sy benadering deur ander sienswyses beïnvloed. Vanuit sy psigoanalitiese benadering gee hy veral aandag aan die verband tussen selfopenbaring en oordraging deur die pasiënt sowel as die terapeut. Hy voel dat 'n terapeut teenoordraging (countertransference) maklik kan rasionaliseer en dat dit nadelig is vir homself en vir sy pasiënt.

Weiner se benadering van selfopenbaring is veral beïnvloed deur sy kliniese praktyk. In sy praktyk probeer hy om



homself te wees met sy pasiënte. Hy ondervind egter probleme met hierdie benadering, aangesien hy dikwels vind dat hy nie die mens is wat hy dink hy is nie, of dat hy homself om ander redes openbaar as wat hy aanvanklik beplan het. Selfs al sien pasiënte hom soos hy homself sien, het dit nie altyd die verlangde effek nie. Baie mense baat by n eksistensiële ontmoeting, baie ander nie. Sommiges kry selfs seer. Hoe meer hy van homself bewus word, hoe meer besef hy dat hy geneig is om homself te openbaar sodat hy sy eie oordragings=verwagtings kan bevredig, om sy eie teenoordraging uit te reageer of deur hom skuldig te maak aan narsissistiese selftentoonstelling.

Weiner is dus nie n voorstander van die onbeheersde gebruik van selfopenbaring deur alle helpers nie. Hy beveel die berekende gebruik daarvan aan deur diegene wat dit wel gebruik. Hy bepleit veral objektiwiteit op n terrein waar emosionaliteit tans die botoon voer. Hy bevind dat self=openbaring wel nuttig is in die behandeling van sommige tipes pasiënte : adollesente, grensgeval-pasiënte en tydens groeps=terapie.

Volgens Weiner kan die terapeut die adollesent se groei tot volwassenheid fasiliteer deur middel van sy selfopenbaring. Die adollesent identifiseer met die terapeut se rasionaliteit en sy vermoë om probleme suksesvol te hanteer en word daarvan bewus dat sy eie probleme nie uniek is nie. Hy sien hoe n ander persoon funksioneer en deur sy eie siening met die van die terapeut te vergelyk, word hy meer objektief. Deur die

voorbeeld wat die terapeut stel, leer die adolessent dat hy nie oorweldig sal word deur sy gevoelens as hy dit nie uitreageer nie. Hy leer ook dat bevrediging deur die gebruikmaking van fantasie nie aanleiding gee tot dieselfde optredes in die realiteit nie.

Weiner beskou grensgeval-pasiënte as persone wat onderwerp is aan kortstondige psigotiese episodes onder die invloed van erge emosionele spanning of alkohol- en dwelmmiddelmisbruik. Hulle soek hulp met die hantering van 'n groot verskeidenheid simptome: vryvloeiende angs, fobieë, obsessief-kompulsiewe gedrag, konversie-simptome, disosiatiewe reaksies, hipochondrie, seksuele afwykings en paranoïede neigings. Die pasiënte dring dikwels daarop aan dat die terapeut sy professionele neutraliteit moet laat vaar en dat hy teenoor hulle moet optree soos 'n medemens. Hul behandeling vereis dus dat die terapeut homself in 'n mate as medemens moet openbaar. Hy moet homself egter teen 'n tempo openbaar wat sy pasiënte nie sodanig stimuleer dat hul hulself of andere seermaak nie, of wat daartoe aanleiding gee dat hulle bedreig voel en dus die terapeutiese verhouding beëindig nie. Die versigtige openbaring van die terapeut se gevoelens, aspekte van sy lewensgeskiedenis, sy persoonlikheid en die foute wat hy tydens die behandeling begaan, kan bruikbaar wees as dit op die regte tyd en in die regte hoeveelheid aangewend word.

Volgens Weiner is die terapeut tydens groepsterapie meer kwesbaar as gedurende individuele terapie, aangesien hy dopgehou word deur 'n groep mense wat sy wisselwerking met

ander persone waarneem. Die impak van die terapeut se selfopenbaring op groeplede word bepaal deur die omstandighede waartydens dit plaasvind, die ontwikkelingsfase waarin die groep is, die egosterkte van die groeplede en die gevoel van die groeplede teenoor die terapeut. Die openbarings van die terapeut mag sommige van die groeplede in 'n leierskapsposisie plaas of dit kan hulle meer aanvaarbaar maak vir die ander groeplede. Dit mag egter ook daartoe aanleiding gee dat van die groeplede as sondebokke uitgesonder word.

Weiner wys daarop dat die terapeut se eie persoonlikheid nie buite rekening gelaat kan word, tydens sy terapeutiese ontmoeting met 'n pasiënt nie. 'n Mens openbaar jouself in 'n mate tydens elke ontmoeting met 'n ander. Die gebruik van die self tydens psigoterapie sluit dus nie net die terapeut se beplande selfopenbarings in nie, maar ook die hantering van daardie elemente van homself wat onbepland 'n invloed uitoefen op die terapeutiese verhouding.

Volgens Weiner kan selfopenbaring deur die terapeut die volgende invloed uitoefen op die terapeutiese proses:

- A. Wanneer die terapeut as 'n medemens optree binne die terapeutiese verhouding, verminder hy die pasiënt se gevoel van vervreemding en help dit hom om te beseef dat alhoewel hy probleme ondervind, hy tog meer met ander mense ooreenkom as wat hy van hulle verskil;

- B. Selfopenbaring deur die terapeut fasiliteer selfopenbaring deur die ernstig versteurde pasiënt, omdat hy die terapeut se geneentheid en sy respek vir hom as 'n persoon met waarde en waardigheid, aanvoel;
- C. Die terapeut se selfopenbarings kan die pasiënt se waarnemings ondersteun en versterk. Dit kan hom help om bewus te word van sy impak op andere, om tussen sy subjektiewe siening van die rol wat die terapeut speel en die werklike toedrag van sake te onderskei en om te besef dat dit nie vir hom of vir die terapeut nodig is om almagtig of alwetend te wees om effektief te kan funksioneer nie;
- D. Die pasiënt kan leer dat deur sy selfopenbaring aan andere hy nie ondergeskik is aan hulle nie, maar dat mens emosioneel na aan iemand kan wees en nogtans jou eie identiteit kan handhaaf;
- E. Die terapeut kan dien as 'n bruikbare model van volwasse gedrag deur sy beredeneerde en kalme hantering van probleme, sy selfaanvaarding, sy gewilligheid om na andere te luister en sy vermoë om sy sienswyses te verdedig of te verander;
- F. Eienskappe van die terapeut wat deur die pasiënt (korrek of foutief) waargeneem word, bevorder oordraging.

Weiner bevind dat die bruikbaarste selfopenbarings deur die terapeut dié is waarvan die inhoud, hoeveelheid en tyds-

berekening respek vir die pasiënt aandui. Respek vir die pasiënt behels nie die algehele persoonlike betrokkenheid van die terapeut of sy totale goedkeuring van die optredes van die pasiënt nie. Dit behels die ernstige, professionele betrokkenheid van die terapeut. Soms sien pasiënte 'n interpersoonlike ontmoeting as 'n ekstra las. In sulke gevalle betoon die terapeut respek deur neutraal te bly, totdat die pasiënt bereid is om persoonlik betrokke te raak.

Weiner kom tot die slotsom dat 'n mens nie naïef jouself kan wees nie, al is opregtheid, onvoorwaardelike positiewe aanvaarding en akkurate empatie volgens Rogers die "sine qua non" van suksesvolle terapie. Hy bevind dat selfopenbaring alleen nie 'n helende faktor is nie. As dit korrek aangewend word kan dit in sommige gevalle egter 'n belangrike terapeutiese hulpmiddel wees.

Egan (1975) beweer dat die persoon wat homself nie deur sy selfopenbaring met andere kan deel nie, ook nie in staat is tot liefde nie. Selfopenbaring is vir hom egter nie 'n doel op sigself nie. Almal raak verveeld met 'n persoon wat die heel tyd net oor homself uitwei. Dan is daar ook die "vreemdeling-op-die-trein" verskynsel - die persoon wat baie van sy intieme besonderhede aan jou meedeel tydens 'n toevallige ontmoeting. Om groei te bewerkstellig moet 'n persoon se selfopenbaring toepaslik wees; kwantitatief sowel as kwalitatief. Dit is byvoorbeeld nie toepaslik om intieme besonderhede (soos seksuele probleme) met 'n vreemdeling te bespreek tydens 'n toevallige ontmoeting nie. Sulke gedrag mag ekshibisionisties wees, of so 'n persoon mag besig wees

om uiting te gee aan sy gevoelens in wat vir hom 'n veilige situasie is. As 'n persoon nie goeie vriende het nie, mag hy homself openbaar aan 'n simpatieke vreemdeling, veral as hy hoogswaarskynlik nie weer sy vertroueling te sien gaan kry nie.

Volgens Egan is daar teoretici wat die hipotese stel van 'n kromlynige verhouding tussen selfopenbaring en geestesgesondheid: 'n baie hoë en 'n baie lae vlak van selfopenbarende gedrag, is albei tekens van wanaanpassing, terwyl matige (en toepaslike) selfopenbaring gunstig is. Te veel selfopenbaring dui op ekshibisionisme of 'n preokkupasie met die self. Terwyl die persoon wat homself te min openbaar bang is vir diepgaande menslike kontak, of voel dat hy te veel het om weg te steek. Soms gebruik hy heelwat energie om 'n fasade vir andere voor te hou, sodat sy werklike identiteit nooit ontdek kan word nie. Die persoon wat te veel openbaar doen dit op ongeleë tye, terwyl die persoon wat homself te min openbaar nie tot selfopenbaring in staat is nie, al word die geleentheid vir hom geskep om dit te doen.

Selfondersoek vereis volgens Egan 'n hoë vlak van toepaslike selfopenbaring, veral op die terreine waar die kliënt oneffektief funksioneer. Hy maak egter nie aanspraak daarop dat selfopenbaring iemand gesond kan maak nie, omdat dit net een element in die terapeutiese proses is. Hy stem egter met Mowrer saam dat selfopenbaring in sommige gevalle heelwat "gesondmakende" kragte of hulpbronne by 'n kliënt kan losmaak. Genoegsame selfopenbarende gedrag is dus 'n aanduiding van 'n goeie prognose.

Selfopenbaring is nie volgens Egan 'n doel op sigself nie. Dit is voldoende en effektief as dit aanleiding gee tot selfbegrip. Dit moet funksioneel en pragmaties gebruik word. Die terapeut gee rigting aan die proses, hy help die kliënt om konkrete en toepaslike gevoelens, ervarings en gedrag bloot te lê. Die kliënt moet oor sy probleme sowel as die dinge wat hom kan help om die probleem op te los, praat.

Die terapeut moet volgens Egan gewillig wees om alles wat eties regverdigbaar is te gebruik om die kliënt te help. Hy moet dus gewillig wees om homself te openbaar aan die kliënt wanneer hy dink dit sal van nut wees. Hy moet selfverantwoorde en toepaslike selfopenbaring nastreef. Omdat hy van sy kliënte selfopenbaring verwag, moet hyself ervaar wat dit behels in terme van koste en voordeel. Deurdat selfopenbaring alleen nie voldoende is nie, moet dit verband hou met 'n terapeutiese doelstelling. Aan die begin van die terapie kan dit wees om die kwaliteit van die kliënt se selfondersoek te verbeter, terwyl 'n latere doelstelling kan wees om die kliënt te help om homself beter te begryp. Die terapeut se selfopenbaring moet altyd toepaslik en verantwoordelik wees. Hy kan nie sy kliënt help deur sy selfopenbaring, indien hy nie self op 'n bepaalde terrein effektief funksioneer nie. Hy moet ook nie sy kliënt verder belas met sy selfopenbaring nie. Alhoewel 'n terapeut dus gewillig kan wees om homself te openbaar, moet hy eers vasstel of sy selfopenbaring die kliënt gaan help om homself verder te verken en beter te verstaan. Beide die kwaliteit en die tydsberekening van die terapeut se selfopenbaring is dus belangrik.

Volgens Egan is selfopenbaring slegs een van 'n wye reeks van vaardighede en response wat deur 'n effektiewe terapeut gebruik word. Hy moet in staat wees om enigeen van hierdie vaardighede te gebruik as dit benodig word om sy terapeutiese doelstellings te verwesenlik. Hy stel dus voor dat die voornemende terapeut opgelei en gehelp moet word sodat hy hierdie vaardighede kan implimenteer wanneer en waar dit benodig word.

In 'n nuwer publikasie (1976) gaan dit vir Egan oor hoe vaardighede wat nodig is vir interpersoonlike funksionering in groepe aangeleer kan word. Vir hom is die interaksie van groeplede 'n ervaring van 'n hoë vlak van kommunikasie en verg die gesofistikeerde interpersoonlike-kommunikasievaardighede.

Volgens hom is toepaslike selfopenbaring 'n sosiale vaardigheid wat vir baie mense moeilik is om aan te leer. Daar is volgens hom 'n aantal faktore wat die aanleer van selfopenbaring bemoeilik:

Die persoon se kulturele agtergrond kan die aanleer van selfopenbaring bemoeilik. Alhoewel ouers eerlikheid as 'n belangrike waarde aan hulle kinders voorhou, is leuens, die toesmering van die waarheid en oneerlikheid dinge wat daagliks voorkom. Politici wat in hoë poste aangestel is, is bereid om vir almal onwaarhede te vertel, sodat hulle hul "saak" kan bevorder. Baie van die alledaagse gebruiksware word op 'n baie mededingende wyse geadverteer, sodat klein verskille op subtiele maniere uitgebuit word. Dit gee aanleiding daartoe dat mense hulself ook op 'n oneerlike wyse "bemark" in hul alledaagse verhoudings. Sielkundige toetse word gebruik om voornemende werkers te keur, omdat daar geglo word dat dit



so moeilik is om 'n persoon se ware karakter te peil, dat professioneel opgeleide persone en "wetenskaplike" instrumente gebruik moet word om dit te doen. Psigoterapeutiese benaderings word aan mense voorgehou wat suggereer dat mense nie in staat is om die waarheid in hulself te ontdek nie, sonder die hulp van 'n hoogsbetaalde kenner en oor 'n lang tydperk van vermoeiende onderhoude. Die persoon daarenteen wat oor 'n lang tydperk in stilte swaarkry word as die stereotipe van 'n sterk persoon voorgehou. As selfopenbaring nie as 'n swakheid gesien word nie, word dit as ekshibisionisme gesien. Selfopenbaring deur die adolessent word as naïewe en onvolwasse gedrag afgemaak. Intieme selfopenbaring is nie die norm in die meeste huisgesinne nie. Die tipe gedrag word dus nie binne die huisgesin aangeleer nie.

Daar is ook bronne van weerstand teen selfopenbaring binne die individu self. Baie persone kan selfopenbaring vermy omdat hulle bang is vir 'n intiemer kontak met hulself. Selfopenbaring laat aspekte van jouself uitkristalliseer wat jy liever in stilte sou verduur as om daarmee saam te leef. Selfvervreemding is skrikwekkend, maar 'n intieme kontak met jou problematiese self is meer angswekkend. Selfvervreemding word dus selfversterkend. Dit is moeilik vir die individu om homself te openbaar op 'n diep vlak, sonder om op 'n intieme vlak met 'n ander persoon te verkeer. Baie persone is bang vir so 'n intieme verhouding. Soms is 'n ontvlugting van verantwoordelikheid - 'n ontvlugting van die angstigheids en werk wat geverg word deur 'n konstruktiewe persoonlikheidsverandering - sodra 'n persoon dit wat hy onaanvaarbaar vind in homself aan ander bekend maak en vir homself doelstellings

stel om dit te kan bereik, is hy ook daartoe verbind om homself te verander. Soms is n persoon beangs om probleme wat hy op een gebied ondervind, te openbaar, omdat hy dink mense sal aanneem dat hy ook op ander terreine probleme ondervind. Skuldgevoelens en skaamte kan ook n persoon verhoed om homself te openbaar. Die vrees dat jy verwerp sal word deur andere as hulle jou werklik ken, verhoed ook selfopenbaring.

Egan voel dat selfopenbaring binne die groep nie n doel op sigself is nie. Die groeplede word egter geleer wat toepaslike selfopenbaring is en word dan die geleentheid gebied om dit met behulp van oefeninge aan te leer.

Carkhuff en Berenson (1967) beveel aan dat wanneer n terapeut se opregte reaksies teenoor sy kliënt negatief is, hy sy uitlatings konstruktief moet gebruik as n basis vir " further inquiry for the therapist, the client, and their relationship " (p. 29). Opregtheid weerhou die terapeut daarvan om teen sy gevoel in te handel, maar dit vereis ook nie n aanhoudende, totale openbaring van sy gevoelens nie. Die openbarings wat wel geskied, moet egter opreg wees. Truax en Carkhuff (1964) het gevind dat opregtheid bo n bepaalde vlak nie die interpersoonlike proses verder fasiliteer nie. Dit is egter belangrik dat die kliënt nie die terapeut as verdedigend, vals of besig om n rol te vertolk waarneem nie. Carkhuff en Berenson (1967) kom dus tot die slotsom dat die terapeut nie opregtheid met die vergunning om te doen wat hy wil moet verwar nie. Die terapeut se tussenkoms moet n respons wees op die kliënt se behoeftes en belange en moenie op die

terapeut se eie behoeftes en belange fokus nie.

### 2.3.3 Slotgedagte

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat alhoewel die onoordeelkundige gebruik van selfopenbaring deur 'n terapeut vermy moet word, kan die gebruik van hierdie tegniek onder bepaalde omstandighede van terapeutiese waarde wees. Dit is dus nodig dat 'n voornemende terapeut bewus moet wees van die invloed wat hy deur middel van sy selfopenbaring op sy pasiënte uitoefen. Hy moet homself boonop op so 'n wyse kan openbaar dat dit die terapeutiese proses sal bevorder.

## 2.4 NAVORSING OOR DIE BEVORDERING VAN SELFOPENBARING

Dit is veral Sidney Jourard wat weens sy belangstelling in die onderwerp heelwat navorsing gedoen het oor selfopenbaring. Van die belangrikste studies waarby hy betrokke was, is saamgevat in sy boek, Self-disclosure: An experimental analysis of the transparent self (1971 b).

Reeds in 1959 bepaal Jourard die hoeveelheid selfopenbaring van nege vroulike dosente by 'n verpleegsterskollege om die verband tussen aangetrokkenheid tot 'n persoon, bekendheid en selfopenbaring te probeer vasstel. Hy vind dat daar wel so 'n verband is. Die proefpersone het hulself meer openbaar aan persone tot wie hulle hulself aangetrokke gevoel het. In vier van die gevalle was daar ook 'n korrelasie tussen bekendheid met 'n ander en aangetrokkenheid tot haar. Hy bevind

ook dat die hoeveelheid wat die proefpersone hulself openbaar het, verband hou met die hoeveelheid wat die persone met wie hulle n verhouding het, hulself openbaar. Intieme self=openbaring ontlok intieme selfopenbaring, terwyl onpersoonlike optrede aanleiding gee tot onpersoonlike optrede.

Jourard en Landsman (1960) herhaal die voorafgaande studie met nege manlike studente om te bepaal of dieselfde gegewens verkry kan word met manlike proefpersone. In die studie is daar net by twee van die proefpersone n verband tussen aangetrokkenheid en n groot mate van selfopenbaring. Daar is egter n beduidende korrelasie tussen bekendheid met n persoon en selfopenbaring. Agt van die proefpersone se graad van selfopenbaring het ooreengestem met hoeveel die ander persoon homself openbaar het. Hulle beskryf hierdie verskynsel as n " diadiese effek ".

Jourard en Richman (1963) probeer vervolgens vasstel of die " diadiese effek " ook aanwesig is in persone se verhoudings met hul ouers en hul beste vriende. Agt-en-vyftig ongetroude manlike en een-en-vyftig ongetroude vroulike studente is die proefpersone. Beduidende korrelasies word gevind tussen hoeveel hierdie proefpersone se ouers en vriende hulself aan die proefpersone openbaar het en hoeveel die proefpersone hulself aan hul ouers en vriende openbaar het. Hierdie uitslag bevestig die vroeëre bevindings.

Die bostaande navorsing is gedoen met behulp van vraelyste wat deur die proefpersone voltooi is. Drag (1968) ondersoek die " diadiese effek " egter eksperimenteel. Sy gebruik vier

eksperimentele groepe met twaalf vroulike studente in elke groep. Sy vind dat die groep wat blootgestel is aan n onderhoud waartydens hulle en die onderhoudvoerder hulself wedersyds openbaar het, later meer van selfopenbaring gebruik gemaak het tydens n gesprek met n ander proefpersoon wat vooraf blootgestel is aan n onpersoonlike onderhoud. Drag (1968) som haar bevindings soos volg op:

" When the experimenter was transparent with subjects, subjects tended to trust her more, reported themselves to be more willing to be ... open on intimate topics at a deeply personal level with her and with other subjects, than did subjects when the experimenter remained an impersonal interviewer, or an anonymous 'other' " (p. 54, soos aangehaal deur Jourard, 1971 b, p. 111).

Tydens Drag (1968) se navorsing het die onderhoudvoerder persoonlike inligting oor haarself openbaar nadat die vroulike proefpersoon dit gedoen het. Gedurende Jourard en Jaffe (1970) se navorsing vra die onderhoudvoerder ook persoonlike inligting, maar sy openbaar haarself voor die proefpersoon kan reageer. Daar is dus n duidelike modellerings effek te bespeur in hierdie prosedure. Die onderhoudvoerder se gedrag dien as n model wat deur die proefpersoon nagevolg word. Die onderhoudvoerder wissel ook die tydsduur van haar selfopenbarings. Aan die einde van hierdie studie bevind die navorser dat die proefpersone hulself meer openbaar op die twintig onderwerpe waarop die onderhoudvoerder haarself meer openbaar het. Hulle vind ook n beduidende korrelasie tussen die tydsduur van die onderhoudvoerder en die proefpersone se selfopenbarings.

Small (1970) se navorsing lewer verdere bewys van die effek van 'n onderhoudvoerder se selfopenbaring op die selfopenbaring van 'n aantal vroulike proefpersone in 'n eksperimentele opset. Tydens 'n onderhoud met die een helfte van die proefpersone het die onderhoudvoerder niks van homself openbaar nie, terwyl hy tydens 'n onderhoud met die ander helfte van die proefpersone homself openbaar het oor 'n bepaalde onderwerp voordat hy 'n vraag oor hierdie onderwerp aan die proefpersoon gestel het. Die prosedure dui weer eens op 'n modellerings= effek. Die proefpersone in die groep waaraan die onderhoud= voerder homself vooraf openbaar het, het hulself dan ook beduidend meer openbaar as die ander groep. Jourard en Friedman (1970) bevind ook dat nadat 'n onderhoudvoerder homself openbaar het aan 'n aantal proefpersone, het hierdie proefpersone hulself meer openbaar as proefpersone aan wie hy homself nie openbaar het nie.

Jourard en Resnick (1970) gebruik nie 'n onderhoudvoerder gedurende hul navorsing nie. Hulle probeer vasstel of proefpersone wat hulself baie openbaar, proefpersone wat hulself min openbaar beïnvloed en of proefpersone wat hulself min openbaar 'n negatiewe uitwerking het op die proefpersone wat hulself baie openbaar. Hulle gebruik vier-en-twintig vroulike studente vir hul navorsing: twaalf wat hulself volgens 'n vraelys baie openbaar en twaalf wat hulself volgens die vraelys min openbaar. Die navorsers bevind dat proefpersone wat hulself volgens die vraelys min openbaar, hulself ook tydens 'n onderhoud min aan mekaar openbaar het.

As proefpersone wat hulself volgens die vraelys min openbaar in onderhoud voer met proefpersone wat hulself baie openbaar volgens die vraelys, hou proefpersone wat hulself baie openbaar aan om dit te doen. Die proefpersone wat hulself min openbaar het, toon egter 'n beduidende toename in hul selfopenbaring.

Heelwat ander navorsers kry ook resultate wat ooreenstem met die resultate van Jourard en sy kollegas. So vind 'n groot aantal navorsers, dat die selfopenbaring van persone verhoog kan word deur 'n ander persoon wat dikwels van selfopenbaring gebruik maak. (Bundza en Simonson, 1973; Chittick en Himelstein, 1967; Davis en Skinner, 1974; Derlega, Harris en Chaiken, 1973; Droster en Brooks, 1974; Droster en Strickland, 1971; Ehrlich en Graeven, 1971; Johnson en Dabbs, 1976; Marlatt, 1970; Morgan en Evans, 1977; Shapiro, 1968; Spiritas en Holms, 1971; Sykes, 1976; Whalen, 1969). Alhoewel daar dus geen twyfel bestaan dat 'n persoon wat homself openbaar die selfopenbaring van 'n ander persoon kan verhoog nie, word die proses op verskillende maniere verklaar. 'n Aantal navorsers skryf die verandering toe aan die diadiese effek (Davis en Skinner, 1974; Davis en Sloan, 1974; Ehrlich en Graeven, 1971; Jourard 1971 (a), 1971 (b); Worthy, Gary en Kahn, 1969). Volgens hierdie groep navorsers word die verhoging van selfopenbaring as deel van 'n sosiale interaksieproses beskou. Tydens die proses word selfopenbaring wederkerig deur die deelnemers uitgeruil sodra die deelnemers aan die proses vertrouwe in mekaar ontwikkel het. 'n Groot groep navorsers skryf egter die vermeerdering van selfopenbaring toe aan modellering (Droster en Brooks, 1974; Morgan en

Evans, 1977; Marlatt et al., 1970; Spiritas en Holmes, 1971; Sykes, 1976, Whalen, 1969).

Dit is veral die studies waarin daar gebruik gemaak is van oudioband- en videobandmodelle wat aantoon dat selfopenbaring deur middel van modellering aangeleer kan word, omdat daar tydens die proses nie sprake is van die wederkerige uitruiling van selfopenbaring nie. Fantasia, Lombardo en Wolf (1976) gebruik byvoorbeeld 'n oudiobandmodel om die selfopenbaring van mense wat hulself te veel openbaar te verminder, asook om die selfopenbaring van persone wat hulself te min openbaar te verhoog. Videobandmodelle is ook al in 'n hele aantal studies suksesvol aangewend om selfopenbaring te bevorder (Annis en Perry, 1977; Higlen en Voight, 1978; Schreiderer, 1977; Smith en Lewis, 1974; Thase en Page, 1977).

Daar is gevalle waar daar nie sukses behaal is met videobandmodellering nie. Cone (1976) onderneem byvoorbeeld 'n studie om vas te stel of die kyk na videobande waarop daar hoë en lae selfopenbaring gemodelleer word, tot ooreenstemmende gedrag aanleiding gee gedurende 'n daaropvolgende voorligtingsonderhoud. Sy proefpersone was 63 studente wat probleme ondervind het. Hy vind dat die videomodelle nie sy proefpersone se gedrag beduidend verander het nie, alhoewel daar aanduidings was dat die proefpersone wat 'n selfopenbarende model waargeneem het, hulself meer openbaar het. Die negatiewe resultaat kan volgens die navorser se mening toegeskryf word daaraan dat die meeste studies waarin daar van videobandmodelle gebruik gemaak is, plaasgevind het in analoë situasies en onder eksperimentele toestande. Onder die omstandighede



word daar 'n groter aanspraak op die samewerking van die persone gemaak as in die kliniese praktyk, soos dit tydens Cone se studie die geval was.

Omdat studies van Davis en Sloan (1974) en Davis en Skinner (1974) daarop dui dat 'n vermeerdering van selfopenbaring eerder aan die diadiese effek toegeskryf kan word, as aan modellering, onderneem Thase en Page (1977) 'n studie om te probeer duidelikheid kry oor die hele aangeleentheid. Hulle stel hulle ten doel om te probeer vasstel of modellering alleen kan bydra tot selfopenbaring. Hulle bevind dat die fasilitering van selfopenbaring wel kan geskied sonder sosiale interaksie. Die navorsers maak die volgende belangrike stelling aan die einde van hul studie:

" The present study has further documented the use of modeling to increase (or decrease) subjects' willingness to disclose. This findings may be directly extended to counseling settings by the use of counselor modeling to facilitate client's self-exploration and self-disclosure, which in turn may facilitate the process and outcome of counseling " (Thase en Page, 1977, p. 39).

'n Aantal studies toon ook dat die effek van modellering op selfopenbaring verhoog kan word deur opdragte (Green en Marlatt, 1972; Whalen, 1969).

Alhoewel navorsing oor selfopenbaring reeds 'n ruk aan die gang is, is die fokus van die navorsing om spesifieke parameters van die konstruk te probeer vasstel. Die meeste vroeë studies

waarin daar gepoog is om selfopenbaring te bevorder, skryf die verhoging van selfopenbaring toe aan 'n interaksieproses, die sogenaamde diadiese effek. Meer onlangs is daar ook gebruik gemaak van modellering om selfopenbaring te verhoog. Daar bestaan egter nog nie duidelikheid oor tegnieke wat gebruik kan word om selfopenbaring te bevorder nie. Omdat selfopenbaring as 'n sosiale vaardigheid beskou kan word, sal 'n paar belangrike tegnieke waarvolgens persone opgelei kan word in sosiale vaardighede, in die volgende hoofstuk bespreek word.

## HOOFSTUK 3

### TEGNIKE VIR DIE AANLEER VAN SOSIALE VAARDIGHEDE

#### 3.1 INLEIDEND

Die behandeling van psigiese probleme het heelwat verander in die afgelope aantal jare. Die opleiding van persone om hul interpersoonlike gedrag te verbeter, is 'n nuwe ontwikkeling. Die benadering is daarop gebaseer dat alle sosiale vaardighede wat by 'n bepaalde individu afwesig is, deur hom aangeleer kan word (Trower et al. 1978).

Voorheen is daar gepoog om "simptome" te verwyder of om sosialisering te verbeter deur middel van 'n terapeutiese milieu. Daar is ook gebruik gemaak van groepterapie. Die aanleer van sosiale vaardighede is egter onlangs as 'n alternatiewe behandelingsmetode ontwikkel. Volgens hierdie metode is daar minder klem op die aanname dat konfrontasie met jou ontoepaslike gedrag en 'n begrip van die redes vir hierdie verkeerde optredes, verandering bewerkstellig. Die klem val meer op spesifieke leiding in hoe om verandering te bewerkstellig (Hersen en Eisler, 1976).

Volgens Gambrill (1977) sluit 'n gebrek aan sosiale vaardighede 'n wye reeks probleme in, onder andere huweliksprobleme, depressie, seksuele disfunksie, afhanklikheid en antisosiale, aggressiewe gedrag. Die rol van angstigtheid en ontoereikende vaardighede tydens interpersoonlike kontak, word lank reeds deur die behavioriste beklemtoon. Salter het reeds in 1949

n reeks situasies genoem waartydens interpersoonlike angstigheid mag voorkom en hy het daarop gewys dat effektiewe sosiale optrede sulke angstigheid inhibeer. Probleme in sosiale situasies kom in kliniese sowel as nie-kliniese populasies voor. Zimbardo, Pilkonis en Norwoord (1975) beweer byvoorbeeld dat meer as 40 persent van alle Amerikaanse studente ongemaklike skaamheid ervaar in interpersoonlike situasies.

n Groot aantal sosiale vaardighede is dan ook al deur verskillende populasies deur middel van n groot verskeidenheid metodes aangeleer. So is verskillende metodes al gebruik om persone selfgeldende gedrag aan te leer. Daar sal dus vervolgens aangetoon word dat sommige aspekte van selfgeldende gedrag en selfopenbaring ooreenkom. Omdat daar al heelwat navorsing gedoen is oor die effek van n aantal spesifieke tegnieke op die selfgeldende gedrag van n groot verskeidenheid mense, sal hierdie navorsing bespreek word. Dit word gedoen omdat dieselfde tegnieke waarskynlik ook daartoe sal kan bydra om n persoon se selfopenbaring te verbeter.

### 3.2 DIE AANLEER VAN SELFGELDENDE GEDRAG

Daar sal vervolgens gepoog word om die ooreenkomste tussen selfopenbaring en selfgeldende gedrag aan die hand van n paar definisies aan te toon.

Wolpe (1958) is die eerste persoon wat die term selfgeldingsonderrig ("assertive training") gebruik. Hy gebruik die tipe opleiding wanneer n pasiënt angstig en passief is in

die teenwoordigheid van ander persone. Wolpe en Lazarus (1966) beskryf die tipe pasiënt wat sal baat vind by selfgeldings= onderrig soos volg:

" ... the patient ... has unadaptive anxiety-response habits in interpersonal relationships, and the evocation of anxiety inhibits the expression of appropriate feelings and the performance of adaptive acts " (p. 38). (Kursivering my eie.)

Later gee Wolpe 'n vollediger beskrywing van die tipe pasiënt:

" ... we find the patient inhibited from the performance of 'normal' behavior because of neurotic fear. He is inhibited from saying or doing things that seem reasonable and right to an observer. He may be unable to complain about poor services in a restaurant because he is afraid of hurting the feelings of the waiter; unable to express differences of opinion with his friends because he fears that they will not like him; unable to get up and leave a social situation that has become boring because he fears to seem ungrateful; unable to ask for the repayment of a loan or to administer a legitimate reproof to a subordinate because he fears that his 'nice guy' image will be impaired; and unable to express affection, admiration, or praise because he finds such expression embarrassing " (1973, p. 81).

In 'n oorsig van die literatuur wat handel oor selfgeldings= onderrig kom Hersen, Eisler en Miller (1973) tot die slotsom:

" ... that assertive training can be an effective treatment approach for a wide range of disorders including

sexual deviation, self-mutilation, impotence, crying spells, and a variety of interpersonal problems. On first examination it is difficult to find a common element underlying these disorders. However, following a careful analysis of the clinical reports, it becomes apparent that these patients are characterized by moderate to severe interpersonal deficits. That is to say, these patients simply do not evidence the requisite social and interpersonal skills to ensure successful functioning. Assertive training then is specifically directed towards teaching patients (regardless of presenting symptomatology or diagnoses) a new mode of responding. When patients become more skilled in routine interpersonal interactions, the probability of obtaining reinforcement from the social milieu is increased. At that point symptomatic behaviors become nonfunctional and are eliminated from their repertoires " (p. 518). (Kursivering my eie.)

Dawley (1976) gee n bondige definisie, wat selfgeldende gedrag soos volg omskryf:

" Assertive behavior, as such, involves the accurate expression of one's thoughts and feelings in a frank and open manner " (p. vii). (Kursivering my eie.)

Uit hierdie paar aanhalings blyk dit duidelik dat selfgeldende gedrag baie in gemeen het met selfopenbaring. Dit is veral so omdat beide hierdie konsepte verwys na die ekspressie van gevoelens in interpersoonlike situasies. Dit wil voorkom asof n persoon wat homself kan laat geld, makliker in staat is om kongruent op te tree en om sy gevoelens eerlik en opreg te openbaar.

In hul behandeling van 'n pasiënt wat homself nie kan laat geld nie, probeer Wolpe en Lazarus (1966) om hom te help om geïnhibeerde response uit te voer. Hulle teoretiseer dat elke keer as 'n respons uitgevoer word, die angstigtheid wat daarmee gepaard gaan sal verminder. Dit veroorsaak dat die aangeleerde angsrespons verswak. Met selfgeldingsonderrig leer hulle hul pasiënte nie net om woede en afkeur uit te druk nie, maar ook die sosiaal aanvaarbare openbaarmaking van hul persoonlike regte en gevoelens. Ook volgens Lazarus (1972) sluit selfgeldingsonderrig deesdae ook die ekspressie van positiewe gevoelens, soos die vermoë om toegeneentheid, lof en goedkeuring te kommunikeer, in.

Aanvanklik is metodes om selfgeldende gedrag te bevorder, aangewend sonder om hulle eksperimenteel te ondersoek (Bandura, 1965; Ullman en Krasner, 1965). In 1966 doen Lazarus volgens hom die eerste "objektiewe" studie van gedragsrepetisie. Hy vergelyk gedragsrepetisie met raadgee en nie-direktiewe metodes waarvolgens pasiënte opgelei word om hulself beter te laat geld. Gedragsrepetisie was effektief in 86% van die gevalle terwyl raadgee in 44% en nie-direktiewe metodes in 32% van die gevalle effektief was.

Meer onlangs het McFall en 'n aantal kollegas (McFall en Lillesand, 1971; McFall en Marston, 1970; McFall en Twentyman, 1973) sistematies die invloed van gedragsrepetisie en ander metodes op die aanleer van selfgeldende gedrag ondersoek. Hulle het studente wat hulself nie kon laat geld nie as proefpersone in 'n aantal analoë eksperimente gebruik. In

die eerste reeks eksperimente het McFall en Marston (1970) gevind dat die proefpersone wat aan gedragsrepetisie blootgestel is (met of sonder die terugvoering van prestasie) groter veranderinge ondergaan het volgens hulle eie verslag en fisiologiese- en gedragsmetings as proefpersone wat 'n skynmanipulasie of geen terapie ondergaan het. Alhoewel audiobandterugkoppeling die behandelingseffek nie statisties beduidend verbeter het nie, het die proefpersone wat aan die tegniek onderwerp is, die grootste gedragsverandering getoon op die gedragsmetings wat na afloop van die eksperiment geneem is. In 'n latere studie (McFall en Lillesand, 1971) is die effek van koverte repetisie, modellering en afrigting vergelyk met die effek van overte repetisie, modellering en afrigting asook met die effek van 'n skynmanipulasie. (Die proefpersone in hierdie groep het gedink die metode wat aangewend is om hulle gedrag te evalueer, is die terapeutiese prosedure.) Hulle bevind met behulp van die proefpersone se eie verslag en met behulp van "in vivo" opvolgmetings dat twee opleidingsessies met behulp van beide die twee eksperimentele behandelingsmetodes gelei het tot baie beduidende verbeterings in die proefpersone se selfgeldende gedrag as dit vergelyk word met die selfgeldende gedrag van die kontrolegroep. Daar was ook aanduidings dat afrigting met koverte repetisie (sonder audiobandterugkoppeling) meer effektief was as afrigting met overte repetisie en audiobandterugkoppeling. Alhoewel net twee sessies opleiding met behulp van afrigting, gedragsrepetisie en modellering aanleiding gegee het tot 'n beduidende verbetering in selfgeldende gedrag, het die vraag van wat elkeen van die prosedures bygedra het, onbeantwoord gebly.



McFall en Twentyman (1973) het dus 'n derde studie (wat uit vier afsonderlike eksperimente saamgestel is) gedoen om die afsonderlike en gesamentlike effek van gedragsrepetisie, afrigting en modellering of die proefpersone se eie verslag en gedragsmetings van selfgeldende gedrag te bepaal. Oor die algemeen het die resultate van hierdie eksperimente aangetoon dat gedragsrepetisie individueel, (maar beter in kombinasie), bygedra het daartoe om die teikengedrag beduidend te verbeter. Die insluiting van 'n model (oudio of video) en onafhanklik van die model se manier van optrede (baie bedrewe en uitgesproke teenoor taktvol, meer aarselend en minder uitgesproke) het nie die gekombineerde effek van gedragsrepetisie en afrigting verbeter nie. Daar was ook nie verskille tussen die drie tipes gedragsrepetisies wat gebruik is nie (t.w. koverte, overte en 'n kombinasie van die twee). Dit dui daarop dat McFall en Lillesand (1971) se bevinding - dat afrigting plus koverte gedragsrepetisie (sonder oudio=bandterugkoppeling) meer effektief was as afrigting plus overte gedragsrepetisie en oudiobandterugkoppeling - eerder beïnvloed was deur die terugkoppelingsveranderlike as deur die tipe gedragsrepetisie waarvan daar gebruik gemaak is.

'n Tweede groep navorsers (Eisler et al., 1973 a, Eisler et al., 1973 b; Hersen et al., 1973; Hersen et al., 1974) het hul ook besig gehou daarmee om vas te stel watter effek die verskillende terapeutiese tegnieke op selfgeldende gedrag het. Alhoewel hierdie groep ook analoë navorsing gedoen het, is psigiatriese pasiënte as proefpersone gebruik en is 'n presiese maatstaaf van selfgeldende gedrag daargestel. In hul eerste

studie (Eisler et al., 1973 b) is die maatstaf van self-geldende gedrag die "Behavioral Assertiveness Test", ontwikkel. Veertien interpersoonlike ontmoetings wat self-geldende gedrag verg, is ontwikkel. 'n Vroulike persoon is as 'n model gebruik in die situasies. Die proefpersone was psigiatriese pasiënte. Die situasies en die proefpersone se response is op videoband opgeneem en na die tyd deur onafhanklike beoordelaars beoordeel volgens 'n aantal verbale en nie-verbale maatstawe. Die pasiënte is toe met die mediaan as snypunt verdeel in twee groepe volgens hierdie beoordeling. Die resultate het getoon dat pasiënte wat volgens die beoordelaars baie selfgeldend was, harder gepraat het, vinniger gereageer het, langer antwoorde gegee het, duideliker hul gevoel getoon het, minder toegewend was en die model meer gevra het om haar gedrag te verander as die pasiënte wat min selfgeldende gedrag geopenbaar het volgens die beoordelaars.

Vyf van die toneeltjies uit die "Behavioral Assertiveness Test" is toe geselekteer as afhanklike veranderlikes in 'n daaropvolgende analoë studie (Eisler et al., 1973 a). Die effek van die waarneming van 'n videoband-model, wat opgelei is om selfgeldend te reageer op die vyf situasies, is vergelyk met die effek van oefening met behulp van rollespel in dieselfde situasies en met geen behandeling nie. Die resultate het aangetoon dat die modelleringsgroep beduidend beter gevaar het as die rollespelgroep of die kontrolegroep. Omdat daar geen verskil tussen die laasgenoemde twee groepe was nie, kan afgelei word dat oefening in die afwesigheid van blootstelling aan 'n model of 'n ander terapeutiese veranderlike,

soos instruksies of terugvoering, 'n oneffektiewe metode is om selfgeldende gedrag te bevorder. Hierdie resultate weer-sprek McFall en Twentyman (1973) se bevinding dat modellering oneffektief is. Die groot verskille in die populasies waaruit die onderskeie proefpersone gekom het en die verskille in eksperimentele prosedures kon egter ook aanleiding gegee het tot die verskillende bevindings.

Hersen et al. (1973) het in die volgende studie die effek van slegs modellering, slegs instruksies en 'n kombinasie van hierdie twee veranderlikes ondersoek. Die verskille in voor- en nametings van die vyf "Behavioral Assertiveness Test" situasies is bepaal vir vyf groepe: toets - hertoets; oefening-kontrole, instruksies, modellering, modellering sowel as instruksies. Nes in die voorafgaande studie het die toets - hertoets en die oefening-kontrole groepe geen verbetering op die afhanklike veranderlikes getoon nie. Die modellering plus instruksies en die modelleringsgroepe het die grootste verskille tussen die voor- en nametings getoon.

In die laaste studie het Hersen et al. (1974) die veralgemening van die verskillende onderafdelings van selfgeldende gedrag bestudeer. Eerstens is die effek van behandeling op die vyf "Behavioral Assertiveness Test" situasies wat gebruik is in die opleiding en vyf bykomende situasies beoordeel vir verbale en nie-verbale onderafdelings van selfgeldende gedrag. Die effek van behandeling op 'n onafhanklike in vivo situasie wat selfgeldende gedrag verg, is ook ondersoek. Die volgende vyf eksperimentele groepe is met mekaar vergelyk: Toets -

Hertoets, Oefening-kontrole, Oefening-kontrole met veralgemeningsinstruksies, Modelling en Instruksies, Modelling en Instruksies met veralgemeningsinstruksies. Die resultate van die eksperiment bevestig die vroeëre bevindings van Eisler et al. (1973 a) en Hersen et al. (1973) dat modellering saam met instruksies die effektiëste behandelingskombinasie is om selfgeldende gedrag te bevorder. Die veralgemeeningseffek van die tipe gedrag was egter duideliker aanwesig in die vyf bykomende situasies wat geëvalueer is, as in die onafhanklike in vivo situasie. Die veralgemeeningseffek is ook nie gefasiliteer deur die veralgemeningsinstruksies in beide hierdie situasies nie.

Met die uitsondering van die studie van McFall en Twentyman (1973) is daar dus duidelike aanduidings dat modellering selfgeldende gedrag bevorder by persone wat sosiaal geïnhibeer is. Studies van Rathus (1973), Friedman (1971), Young et al. (1973) en Kazdin (1974) bevestig dat modellering selfgeldende gedrag bevorder. Daar is ook heelwat navorsing gedoen oor metodes wat die effek van modellering vergroot - byvoorbeeld: gedragsrepetisie (McFall en Lillesand, 1971; Young et al., 1973), instruksies (Goldstein, 1973; Hersen et al., 1973), rollespel (Friedman, 1971), oefening (Rathus, 1973; Eisler et al., 1973 a; Hersen et al., 1974), afrigting (McFall en Lillesand, 1971; McFall en Twentyman, 1973), oudiobandterugkoppeling (McFall en Marston, 1970) en versterking (Kazdin, 1974). Tegnieke soos gedragsrepetisie, oefening, afrigting en rollespel stem in 'n mate ooreen. Die vernaamste gemeenskaplike faktor is dat deelname aan die

modelleringsproses die effek daarvan verhoog.

Gormally et al. (1975) het n tegniek wat bekend staan as mikro-opleiding (vgl. pp. 71 - 78), beskou as n nuttige metode om selfgeldende gedrag te bevorder. Hulle het drie doelstellings gehad met hul eksperimentele ondersoek van die effek van mikro-opleiding op selfgeldende gedrag. Hul eerste doelstelling was om die doeltreffendheid van mikro-opleiding by die aanleer van selfgeldende gedrag te bepaal. Hul tweede doelstelling was om die effek van videobandterugkoppeling op die aanleer van die nie-verbale aspekte van selfgeldende gedrag te bepaal. Terwyl hul derde doelstelling was om die veralgemeningseffek van die opleiding te bepaal. Hul proefpersone was 12 manlike en 12 vroulike studente wat probleme met selfgelding ondervind het. Hulle maak gebruik van drie eksperimentele groepe: n Groep wat mikro-opleiding plus videobandterugkoppeling ontvang. n Groep wat mikro-opleiding plus terugvoering deur n groepleier ontvang en n kontrolegroep wat insig-georiënteerde voorligting oor hul probleme om hulself te handhaaf ontvang. Die resultate van die eksperiment toon dat mikro-opleiding die proefpersone se vermoë om selfgeldend op te tree, beduidend verbeter het. Albei die mikro-opleidingsmetodes was meer suksesvol as insig-georiënteerde voorligting. Videobandterugkoppeling was egter nie meer suksesvol as terugvoering deur n groepleier nie. Veralgemening het slegs plaasgevind ten opsigte van die hardheid van die proefpersone se stemme en hulle eie gevoel van effektiwiteit.



280787

Uit die navorsing wat handel oor tegnieke wat gebruik word om selfgeldig en selfopenbaring te bevorder, blyk dit dat veral modellering 'n tegniek is wat dikwels gebruik word. Gedragsrepetisie word ook soms gebruik en is veral van waarde in kombinasie met modellering omdat dit die modelleringseffek verhoog. Aangesien beide hierdie tegnieke aangewend kan word om selfopenbaring te bewerkstellig, is dit nodig om die teoretiese rasioneel wat die grondslag vorm van elkeen, meer volledig uiteen te sit.

### 3.3 MODELLERING

#### 3.3.1 Teoretiese Raamwerk

Die begrip "modelleringsgedrag" word in die Psigologie Woordeboek (1979) soos volg omskryf:

" Die aanleer van nuwe gedragswyses op grond van die waarneming van 'n ander organisme wat die handeling uitvoer " (p. 189).

Modellering is volgens Sarason en Ganzer (1969) 'n tegniek wat veral 'n invloed uitoefen op sosiale gedrag. 'n Persoon kan vin-  
nig 'n verskeidenheid komplekse response aanleer deur 'n ander persoon (die model) se gedrag waar te neem. Dit vind plaas sonder dat hy die model se response onmiddellik nadat dit afgehandel is, hoef na te boots en sonder die aanwesigheid van versterkende gebeurlikhede. Daar is rede om te aanvaar dat die waarneming en die nabootsing van modelle 'n belangrike rol speel in die aanleer van wanaangepaste sowel as aanje=

paste gedrag. Leer deur middel van modellering is nie gebonde aan 'n bepaalde kultuur of lewensomstandighede nie. 'n Groot verskeidenheid persone vervul die rol van modelle, naamlik ouers, ander volwassenes en gelykes. Daar bestaan ook simboliese modelle (geskrewe, video, oudio of film) wat mense se gedrag beïnvloed.

Volgens Goldstein (1973) is nabootsende gedrag al reeds 'n ruk 'n belangrike fokus van sielkundige navorsing. Volgens hom is 'n hele aantal terme al gebruik om die verskynsel te beskryf. 'n Paar van hierdie terme is: nabootsing en gepaard-afhanklike gedrag (Miller en Dollard, 1941); empatiese leer (Mowrer, 1966); waarnemende leer (Berger, 1961); identifikasie (Maccoby en Wilson, 1957); plaasvervangende leer (De Charms en Rosenbaum, 1960); en veral modellering (Bandura, 1969). Omdat die term "modellering" die meeste voorkom, verkies navorsers om in hierdie studie ook van die term gebruik te maak.

Marlatt en Perry (1975) beweer dat alhoewel nabootsende leer reeds sedert die tyd van Aristoteles bespreek is, is dit veral Miller en Dollard wat pionierswerk gedoen het in die verband. Hulle het die bestaande teorieë oor die onderwerp in hul boek Social learning and imitation (1941) bespreek en het toe hul eie teorie oor nabootsingsleer binne die behavioristiese raamwerk geformuleer.

Miller en Dollard verduidelik nabootsende leer na aanleiding van 'n drangvermindering-versterkingsteorie. Volgens Belluci (1972) het hulle hul teorie gebaseer op idees wat hulle gekry het in die sosiale psigologie, psigoanalise en instrumentele

kondisionering. Hulle verklaar die leerproses deur gebruik te maak van vier faktore, naamlik drang, respons, wenk (cue) en beloning. Hierdie vier faktore funksioneer in twee tipes nabootsende leer. Die eerste tipe leer staan bekend as gepaard-afhanklike gedrag. Daartydens leer die waarnemer om 'n model se respons na te maak as gevolg van die versterking wat hy direk of middellik (vicarious learning) ervaar. In sy nabootsing van gedrag reageer die waarnemer egter nie net op wenke wat van die model afkomstig is nie, maar ook op wenke van ooreenkoms en verskil wat binne sy eie organisme hul ontstaan het. Die tweede tipe leer staan bekend as empatiëse leer. Daartydens ervaar die model self die versterking van sy gedrag. Die waarnemer ervaar die versterking terselfdertyd, middellik en boots die model se gedrag as gevolg daarvan na.

Sarason en Ganzer (1969) beweer dat 'n belangrike tekortkoming van Miller en Dollard se teorie die feit is dat hulle nie verduidelik hoe nabootsende leer plaasvind as die waarnemer nie die model se response uitvoer nie of as hy nie versterk word wanneer hy wel die handeling naboots nie.

Miller en Dollard se bewering dat die gedrag wat nageboots word beïnvloed word deur versterking, met ander woorde dat dit 'n tipe operante kondisioneringsrespons is, word deur Mowrer (1950) as 'n ontoereikende verduideliking beskou. Hy postuleer 'n tweefaktorteorie waarvolgens die persoon wat nageboots word, eers met 'n bron van versterking (byvoorbeeld voeding of vertroeteling) geassosieer moet word ('n vorm van klassieke kondisionering) en dat hierdie versterking dan



daartoe aanleiding gee dat die gedrag van die model nageboots word. (Davies, 1972).

Dit is veral Albert Bandura wat die modelleringsbeginsel deur volgehoue navorsing oor 'n tydperk van jare uitgebou het tot 'n aanvaarbare teorie.

Marlatt en Perry (1975) sit Bandura se teorie soos volg uiteen: In die eerste stadium van 'n proses van sosiale nabootsing word 'n model se gedrag waargeneem deur die persoon wat die gedrag aanleer. Dit staan bekend as die aanleerfase (acquisition phase). Tydens hierdie fase word die optrede van die model deur die waarnemer aangeleer deur middel van observasie. Bandura se teorie verskil reeds hier van die teorie van Miller en Dollard, deurdat hy beweer dat dit nie nodig is dat die waarnemer versterk moet word op hierdie stadium nie. Hy hoef ook nie die gedrag te oefen sodat waarnemende leer kan plaasvind nie. Bandura aanvaar dat die waarnemer tydens die aanleerfase beelde en verbale voorstellings van die model se gedrag in sy geheue berg. Die tweede fase van die modelleringsproses behels die weergawe van die gedrag wat die waarnemer geberg het. Hierdie onderskeid tussen die aanleer en die weergee van 'n gemodelleerde respons is belangrik, want dit gebeur dikwels dat 'n respons wat aangeleer is deur middel van waarneming, nooit weergegee word nie.

Bandura (1977) se benadering beweeg weg van die streng deterministiese behaviorisme. Hy beskou sosiale leer as:

"... a process of reciprocal determinism, behavior, other personal factors, and environmental factors all operate as interlocking determinants of each other ... The relative influences exerted by these interdependent factors differ in various settings and for different behaviors. There are times when environmental factors exercise powerful constraints on behavior, and other times when personal factors are the overriding regulators of the course of environmental events" (pp. 9 - 10).

Bandura (1969) se teorie verskil egter ook van die psigo= dinamese benadering deurdat hy interne prosesse as koverte gebeure beskou wat gemeet en gemanipuleer kan word. Interne prosesse is hoofsaaklik gebaseer op vorige ervarings en dien as bemiddelaars (medeators) wat op hul beurt weer overte responsiwiteit reguleer. Die aanhangers van n psigo= dinamese benadering, daarenteen, beskou interne prosesse egter as betreklik outonoom.

Bandura (1977) lê veral klem op die rol wat die kognitiewe determinante van gedrag speel. Hy beweer dat ons meerdere kognitiewe vermoëns dikwels die tipe handeling wat ons sal uitvoer, vasstel. Ons stel eksterne gebeure simbolies vir ons voor, en later gebruik ons beide verbale en beeldende (imaginal) voorstellings om ons gedrag te bepaal. Ons los dikwels probleme simbolies op, sonder om werklik van overte probeer-en-tref-metodes gebruik te maak. Ons voorsien ook die moontlike gevolge van ons optredes en verander ons gedrag dienooreenkomstig.

Alhoewel Bandura in sy ontleding van gedrag kognitiewe prosesse benadruk, ontken hy nie die effek van versterking nie. In sy boek Social Learning Theory (1977) wy hy 'n hele afdeling aan wat hy noem "Learning by response consequences" (p. 17). Hy beskou versterking as 'n elementêre manier van leer wat verband hou met direkte ervaring. Volgens hom het die gevolge van 'n respons 'n aantal funksies. Eerstens verskaf dit inligting. Tweedens dien dit as aansporingsmotivering. En derdens versterk dit daaropvolgende response. Dit is slegs die laaste funksie waarop Skinner in sy operante kondisionering fokus. Volgens dié teorie verander gedrag as gevolg van ons direkte ervaring van die beloning of straf wat volg op ons handeling. Response wat suksesvol is, word herhaal en response wat gestraf word, word geïnhibeer. Alhoewel Bandura nie fout vind met die argument nie, voel hy dat dit nie volledig verduidelik hoe gedrag aangeleer, gehandhaaf of verander word nie. Volgens hom word alle gedrag nie beheer deur onmiddellike eksterne versterking nie. Na aanleiding van ons vroeëre ondervindings, verwag ons dat sekere optredes effekte sal hê wat ons verlang, dat andere onwelkome resultate sal lewer en dat andere geen beduidende impak het nie. Ons gedrag word dus grootliks bepaal deur verwagte resultate.

Modellering is volgens Bandura (1969) 'n belangrike manier waarop nuwe gedrag aangeleer word, omdat dit in sommige gevalle gevaarlik is om deur middel van 'n probeer-en-tref-metode 'n nuwe vaardigheid te ontwikkel. Voorbeelde van dinge wat potensieel gevaarlik is, is om kinders te leer swem en om adolessente te leer motor bestuur of as groot-

mense komplekse sosiale of beroepstake moet aanleer. Bandura (1977) beweer ook dat dit moeilik is om jou in te dink in 'n situasie waar die taal, lewensstyl en gebruike binne 'n kultuur aan elke nuwe lid geleer word deur die selektiewe versterking van die regte gedrag, sonder om gebruik te maak van modelle wat die aanvaarde kulturele patrone modelleer.

Volgens Bandura (1971) het modellering veral drie belangrike effekte op waarnemers. Eerstens kan waarnemers gedragspatrone wat nie voorheen op 'n geïntegreerde wyse binne hul gedragsrepertoire bestaan het nie, verwerf. Hierdie waarnemingsleer effek word die duidelikste aangetoon as modelle response, wat waarnemers nog nie aangeleer het nie, demonstreer. Die response word dan later amper identies deur die waarnemers weergegee. 'n Tweede belangrike funksie van modellering is om die inhibeerders van bestaande response wat reeds in die waarnemer se gedragsrepertoire bestaan te versterk of te verswak. As daar 'n vermindering is in die responsiwiteit nadat die gedrag van modelle negatiewe gevolge getoon het, word daar na 'n inhiberende effek verwys. 'n Disinhiberende effek kom voor wanneer waarnemers se geïnhibeerde response toeneem, nadat hulle modelle waargeneem het wat deelneem aan aktiwiteite wat angswekkend kan wees, sonder dat hulle aversiewe gevolge ondervind. Die derde effek van modellering op die gedrag van waarnemers vind plaas as die gedrag van die modelle dien as diskriminerende stimuli wat die voorkoms van bestaande response in dieselfde algemene klas fasiliteer. Hierdie responsfasiliterende effekte kan onderskei word van waarnemingsleer en disinhibisie vanweë die feit dat geen

nuwe response aangeleer word en aangesien geen disinhiberende effekte teenwoordig is nie, omdat dit sosiaal aanvaarbare gedrag is wat onbeperk voorkom.

Bandura (1970) beweer dat die modelleringsfenomeen uit vier hoofkomponente bestaan wat onderling met mekaar verband hou, alhoewel elke proses sy eie stel van kontrolerende veranderlikes besit. Bandura (1977) sit hierdie vier hoofkomponente soos volg uiteen:

Die eerste hoofkomponent van waarnemingsleer is die aandagsprosesse. Mense kan nie veel leer deur middel van observasie nie, as hulle nie aandag gee aan belangrike kenmerke van die gemodelleerde gedrag nie of as hulle die kenmerke nie akkuraat waarneem nie. Die aandagsprosesse bepaal wat selektief waargeneem word uit die oorvloed modelleringsinvloede waaraan jy blootgestel word, asook wat daaruit afgelei word. n Aantal faktore, wat onder meer eienskappe van die waarnemer, kenmerke van die gemodelleerde aktiwiteite en die strukturele rangskikking van menslike interaksies insluit, beheer die aantal en die tipes waarnemingservarings.

Assosiasiepatrone is een van hierdie determinante van aandag wat n belangrike funksie vervul. Die persone met wie jy dikwels in aanraking kom, bepaal die tipes gedrag wat jy herhaaldelik waarneem en wat jy gevolglik die beste aanleer. Binne n sosiale groep is daar ook individue wat meer aandag afdwing as andere. Die funksionele waarde van die tipe gedrag wat openbaar word deur verskillende modelle, bepaal watter

modelle waargeneem en watter modelle geïgnoreer gaan word.

Sommige vorms van modellering is intrinsiek so belonend dat dit die aandag van mense van alle ouderdomme vir lang rukke behou. 'n Goeie voorbeeld hiervan is televisie. Die koms van televisie het die omvang van die modelle wat vir kinders en volwassenes beskikbaar is, heelwat uitgebrei. Die televisie-medium verkry waarnemers se aandag baie effektief en hulle leer gevolglik heelwat van die gedrag aan van modelle wat hulle op televisie waarneem.

Die tempo en vlak van waarnemende leer word ook bepaal deur die aard van die gemodelleerde gedrag, soos die opvallendheid of ingewikkeldheid van die gedrag. Waarnemers se vermoë om informasie te verwerk, bepaal hoeveel hulle gaan baat by die dinge wat hulle waarneem. Mense se perseptuele ingesteldheid spruit uit voorafgaande ondervindings sowel as die vereistes van die huidige situasie en beïnvloed die kenmerke van die model wat hulle gaan waarneem en hoe hulle die dinge wat hulle sien en hoor, sal interpreteer.

Die tweede hoofkomponent van waarnemingsleer is die retensie=prosesse. Mense kan nie veel beïnvloed word deur hul waarneming van gemodelleerde gedrag as hulle dit nie onthou nie. As waarnemers wil baat by die gedrag van modelle wat nie langer teenwoordig is om rigting te gee aan hul optredes nie, moet hulle responspatrone in hul geheue in 'n simboliese vorm kan berg. Met behulp van simbole kan kortstondige modelleringservarings permanent in die geheue geberg word.

Dit is die vermoë tot simbolisasie wat mense in staat stel om baie van hul gedrag aan te leer deur middel van waarneming.

Waarnemende leer maak gebruik van twee simboliese sisteme: beelde en woorde. Sommige gedragspatrone word gestoor deur middel van beelde. Sensoriese stimulasie aktiveer sensasies wat aanleiding gee tot die persepsie van uiterlike gebeure. Herhaalde blootstelling aan modelleringsstimuli lei tot blywende beelde van gemodelleerde gedrag. Op latere stadiums kan beelde herroep word van gebeure wat fisies afwesig is. Visuele beelding speel veral 'n belangrike rol by waarnemingsleer op vroeë ontwikkelingsstadiums, as verbale vermoëns nog nie ontwikkel het nie, of as gedragspatrone aangeleer moet word wat nie maklik in woorde omgesit kan word nie.

Die tweede simboliese sisteem, wat waarskynlik daarvoor verantwoordelik is dat waarnemende leer so vinnig plaasvind, is die verbale kodering van modelleringsgebeure. Die meeste kognitiewe prosesse wat gedrag beheer, is verbaal en nie visueel nie.

Observerende leer en retensie word gefasiliteer deur hierdie twee simboliese sisteme, omdat 'n groot hoeveelheid inligting op 'n maklike manier gestoor kan word. Nadat gemodelleerde aktiwiteite omgesit is in bruikbare woorde en beelde, dien sulke geheuecodes as handleidings vir toekomstige gedrag.

Saam met simboliese kodering is gedragsrepetisie 'n belangrike hulpmiddel wat daartoe aanleiding gee dat gedrag beter onthou

word. As mense simbolies of werklik gemodelleerde respons=patrone uitvoer, is dit minder waarskynlik dat hulle dit sal vergeet as persone wat nie oor die responspatrone dink, of hulle nie oefen nie. Omdat baie gedrag wat deur middel van waarneming aangeleer word, nie maklik overt herhaal kan word nie weens sosiale prohibisies of 'n gebrek aan geleentheid, is dit belangrik om te weet dat koverte repetisie bekwaamheid en retensie verbeter.

Die derde hoofkomponent van waarnemingsleer is die motoriese reproduksieprosesse. Dit behels die omsetting van simboliese voorstellings in toepaslike handeling. Om hierdie respons=begeleidingsfunksie te verstaan vereis 'n analise van die ideomotoriese meganismes van handeling. Gedragsreproduksie vind plaas as jy jou response ruimtelik en volgens tydsduur organiseer in ooreenstemming met die gemodelleerde patrone. Vir die doel van die analise kan gedragsreproduksie onder=verdeel word in die kognitiewe organisasie van response, hulle inisiasie, die monitor van die response en die verfyning van die response op grond van informasieterugkoppeling.

Gedurende die eerste fase van gedragsreproduksie word response geselekteer en georganiseer op die kognitiewe vlak. Die hoeveelheid waarnemingsleer wat manifesteer in overte gedrag, hang af van die beskikbaarheid van die vaardighede wat vir die uitvoering van die taak benodig word. Persone wat oor al die nodige vaardighede beskik, kan hulle maklik integreer om die nuwe taak uit te voer. As sommige van die respons=komponente egter nie beskikbaar is nie, sal die gedrags=reproduksie foutief wees. In sulke gevalle moet die



ontbrekende vaardighede eers ontwikkel word met behulp van modellering en oefening.

Daar is ander hindernisse wat voorkom dat iets wat deur waarneming aangeleer is, op die gedragsvlak uitgevoer kan word. Idees word selde sonder foute omgesit in handeling met die eerste probeerslag. Korrekte response word gewoonlik verkry deur die oorspronklike handeling aan te pas totdat dit korrek is. Verskille tussen die simboliese kodering van die handeling en die uitvoering daarvan, dien as wenke vir korrektiewe optrede. Persone slaag gewoonlik in hulle alledaagse waarnemingsleer om handeling redelik getrou na te boots. Hulle verfyn dan die handeling verder deur middel van verbeterings op grond van die informasieterugkoppeling van hul gedrag en deur weer te fokus op demonstrasies van dele wat hulle net gedeeltelik geleer het.

Die vierde hoofkomponent van waarnemingsleer betrek die motiveringsprosesse. Sosiale leerteorie onderskei tussen die aanleer en die uitvoering van 'n handeling, omdat mense nie noodwendig alles wat hulle leer, reproduseer in handeling nie. Persone sal makliker gemodelleerde gedrag aanvaar wat aanleiding gee tot gebeure waaraan hul waarde heg, as gemodelleerde gedrag wat nie beloon word nie of waaraan daar straf verbonde is. Waargenome gevolge beïnvloed gemodelleerde gedrag op dieselfde wyse. Van die talle response wat deur waarneming aangeleer word, word die handeling wat effektief lyk as ander mense dit uitvoer, verkies bo handeling wat negatiewe gevolge toon. Die resultate van persone se aange=

leerde response bepaal ook watter response hulle sal herhaal. Hulle gaan voort met handelingte waaruit hulle bevrediging put en verwerp die handelingte wat hulle onaangenaam vind.

Om die voorkoms van modellering te verklaar en om die effek daarvan te kan voorspel, is dit noodsaaklik om al die bogenoemde faktore in ag te neem.

Volgens Goldstein, Sprafkin en Gershaw (1976) toon navorsing dat daar 'n aantal faktore is wat die modelleringseffek verhoog. Die faktore kan in drie hoofgroepe onderverdeel word, naamlik eienskappe van die model, hoe die model aangebied word en eienskappe van die waarnemer.

Die volgende eienskappe van die model sal, modellering bevorder. As die model baie bekwaam lyk of soos 'n deskundige optree; 'n hoë status het; belonings wat deur die waarnemer nagestreef word ontvang, van dieselfde geslag, ouderdom en ras as die waarnemer is; vriendelik en behulpsaam voorkom en wat veral belangrik is, as hy beloon word vir sy gedrag. Samevattend dus, boots iemand makliker deskundige of invloedryke persone wat vriendelik en behulpsaam is en wat beloon word vir die dinge wat hulle doen, na. Veral as die beloning wat hulle ontvang iets is wat ons ook graag sou wou hê.

'n Groter modelleringseffek sal ook verkry word as die model so aangebied word dat die gedrag wat aangeleer moet word duidelik en gedetailleerd is; van die maklikste tot die moeilikste gerangskik is; genoeg herhaal word om oorleer te

bewerkstellig; so min as moontlik ontoepaslike detail bevat en as n paar verskillende modelle gebruik word.

n Groter modellerings-effek sal verkry word as die waarnemer wat gevra word om die model na te boots; dieselfde agtergrond het as die model en dieselfde gesindheid as die model huldig ten opsigte van die vaardigheid; vriendelik ingestel is teenoor die model of van die model hou en wat veral belangrik is, as hy beloon word as hy die gemodelleerde gedrag herhaal.

### 3.3.2 Die keuse van n model

Sodra daar van modellering binne n navorsingsopset gebruik gemaak word, word die navorser gekonfronteer met die keuse van n model. Volgens Marlatt en Perry (1975) is daar twee tipes modelle waartussen daar gekies kan word.

Eerstens is daar n lewendige model wat die verlangde gedrag in die teenwoordigheid van die waarnemer demonstreer. Dikwels is dit die beste metode, omdat n waarnemer meer waarskynlik aandag sal gee en betrokke sal raak by die naturalistiese weergawe van bepaalde situasies. Daar is egter ook gevare verbonde aan hierdie vorm van modellering. Die lewendige model se gedrag kan nie in detail voorspel of beheer word nie. Dit sal byvoorbeeld fataal wees as die model wat gebruik word tydens die behandeling van slangfobie, beangs raak of gebyt word deur die slang in die teenwoordigheid van die waarnemer. So n gebeurtenis sal n inhiberende effek op die gedrag van die waarnemer hê in plaas van die verlangde disinhiberende effek.

Die tweede tipe model waarvan daar gebruik gemaak kan word, is 'n simboliese model. Dit is 'n weergawe van die verlangde gedrag deur gebruik te maak van films, videobande, oudiobande of self 'n geskrewe model. Die medium wat verkies word om 'n simboliese model mee aan te bied, word bepaal deur die gedrag wat verander moet word of deur ander praktiese oorwegings. Navorsing deur onder andere Bandura (1969) toon dat modellering in die meeste gevalle suksesvol is as daar van simboliese modelle gebruik gemaak word. Daar is voordele verbonde aan die gebruik van simboliese modelle wat nie voorkom by die gebruik van lewende modelle nie. So kan die gedrag van die persone wat gebruik word in die simboliese modelle geredigeer word, sodat toepaslike dele beklemtoon word. Films, audio- en videobande met geskikte modelle kan herhaaldelik gebruik word. Dialoog kan ook op die klankbaan van die simboliese model aangebring word om sodoende belangrike kenmerke van die model se gedrag uit te wys. 'n Baie belangrike oorweging tydens navorsing is dat die gedrag van die simboliese model dieselfde moet bly vir al die proefpersone.

### 3.4 GEDRAGSREPETISIE

Soos dit reeds geblyk het uit Bandura (1977) se bespreking van die hoofkomponente van die modelleringsfenomeen, bevorder gedragsrepetisie die retensieproses. Deur gebruik te maak van gedragsrepetisie word die motoriese reproduksie= prosesse ook geaktiveer, wat kan help met die kognitiewe seleksie en organisasie van die response. Informatieterugkoppeling kan ook meehelp dat verkeerde response verbeter

kan word. Uit die afdeling wat handel oor die aanleer van selfgeldende gedrag het dit reeds geblyk dat gedragsrepetisie, oefening en rollespel die effek van modellering vergroot. In die afdelings wat handel oor Ivey se mikro-opleidingsstelsel, mediat terapie en die Truax-Crakhuff stelsel word die idee van oefening nadat 'n model aan die student gewys is, ook benadruk.

Goldstein, Sprafkin en Gershaw (1976) beweer dat alhoewel positiewe resultate verkry word deur slegs van 'n model gebruik te maak, is die effek daarvan nie blywend nie. Om hul bewering te staaf verwys hulle na studies van Sutton (1970), Friedenberg (1971), Walsh (1971) en Burrs en Kapche (1969) wat aantoon dat die proefpersone in hierdie studies onmiddellik nadat die model aan hul getoon is, die gemodelleerde gedrag suksesvol kon uitvoer. Na 'n kort tydsvloep was hulle egter nie meer daartoe in staat nie. Volgens Goldstein et al. (1976) leer die waarneming van 'n model die waarnemer net wat hy moet doen. Oefening, daarenteen, leer hom hoe om 'n bepaalde vaardigheid uit te voer.

Alhoewel gedragsrepetisie 'n woord is wat deur gedragsterapeute ontwikkel is, is die idee om interpersoonlike situasies in die spreekkamer na te maak 'n ou gebruik. Volgens Goldfried en Davison (1976) het Reil reeds in die negentiende eeu die terapeutiese voordele wat die uitspeel van hul interpersoonlike probleme vir geestelik versteurde pasiënte inhou, besef. Vroeg in die twintigste eeu het Moreno rollespel betrek by 'n soort groep terapie wat bekend geword het as psigodrama. Alhoewel daar ooreenkomste is tussen psigodrama en gedragsrepetisie, is die primêre doelstelling met die gebruik van

rollespel in psigodrama om n individu se geblokkeerde affekte ontbloot en om sy huidige probleme tot by hul oorsprong na te spoor. Binne die gedragsterapeutiese raamwerk word gedragsrepetisie primêr gebruik om n kliënt te help om op n nuwe manier te reageer op bepaalde lewenseise. (Goldfried en Davison, 1976).

Die terme gedragsrepetisie, rollespel en oefening het basies dieselfde betekenis binne die gedragsterapeutiese raamwerk. Volgens Goldstein (1973) definieer Mann rollespel as:

"... a situation in which an individual is explicitly asked to take a role not normally his own, or if his own, in a setting not normal for the enactment of the role " (p. 89).

Wolpe en Lazarus verwys reeds in hul boek Behavior Therapy Techniques (1966) na gedragsrepetisie:

" Play-acting, of prescribed behavior, known as behavior rehearsal is often helpful where the patient's reaction pattern is considered deficient or inappropriate, he is required to re-enact the incident while the therapist plays the role of the other person(s). The therapist may then switch roles and act the part of the patient, sometimes presenting a deliberately overdramatized picture of assertion, thus affording the patient an opportunity for learning adaptive responses by imitation "(p. 46).

Lazarus (1966) verkies die woord "gedragsrepetisie" omdat dit sowel die inhoud en die oogmerk van die behandeling omskryf. Volgens hom word hierdie tegniek veral gebruik

waar die pasiënt se interpersoonlike of sosiale response gebrekkig of onvoldoende is. Die pasiënt leer met behulp van die tegniek dan effektiewe gedrag aan deur die verlangde gedragspatrone te oefen onder die toesig van die terapeut.

In McFall en sy kollegas se sistematiese ondersoek van die invloed wat gedragsrepetisie op die aanleer van selfgeldende gedrag het, gebruik hulle die term "gedragsrepetisie". Dit word gedoen op Lazarus se aanbeveling dat hierdie term gebruik moet word as rollespel-tegnieke aangewend word binne n gedragsterapeutiese raamwerk. Om dié prosedure bevredigend te kon kontroleer, is n vereenvoudigde laboratoriumanaloo ontwikkel wat ooreenstem met die meer komplekse prosedures wat gewoonlik gebruik word in die kliniese praktyk. Proefpersone wat hulself nie kon laat geld nie het na stimuli geluister op n oudioband. Op die band is interpersoonlike ontmoetings opgeneem, waarop hulle selfgeldend moes reageer. Die proefpersone het toe geoefen om overte selfgeldende response te maak op hierdie stimuli (McFall en Marston, 1970).

In die reeks studies waarin Eisler, Hersen en n aantal kollegas gepoog het om vas te stel wat die effek van n aantal tegnieke op selfgeldende gedrag is, definieer hul gedragsrepetisie as:

"... a procedure whereby more desirable responses to interpersonal conflict situations are practiced under the supervision of the therapist " (Eisler en Hersen, 1973, p. 112).

Volgens Bandura (1969) is twee tipes gedragrepetisie moontlik, naamlik owerre gedragrepetisie en koverre gedragrepetisie.

Owerre gedragrepetisie is die tegniek wat tot dusver in hierdie afdeling bespreek is.

Volgens Bandura (1969) word daar van koverre gedragrepetisie gebruik gemaak as owerre deelname belemmer word of onprakties is. Die tegniek bevorder ook die retensieproses. 'n Aantal studies wat gehandel het oor 'n verskeidenheid take wat aangeleer moes word (Morriset, 1956; Perry, 1939; Twining, 1949; Vandel, Davis en Clugstow, 1943) het getoon dat die koverre of simboliese repetisie van aktiwiteite die latere weergawe van die aktiwiteite beduidend verbeter het. Die tipe gedragrepetisie is veral effektief as die taak wat aangeleer moet word, simbolies van aard is.

In McFall en Lillesand (1971) se studie om selfgeldende gedrag te verbeter, het hulle bevind dat koverre repetisie selfgeldende gedrag meer verbeter as owerre repetisie met oudiobandterugkoppeling. Met 'n latere studie het McFall en Twentyman (1973) egter bevind dat daar nie 'n beduidende verskil was tussen die gebruik van owerre gedragrepetisie, koverre gedragrepetisie en 'n kombinasie van die twee metodes nie. Hulle beweer dat die verskil wat daar tussen die twee behandelingsmetodes gevind is tydens die vorige studie, dus eerder aan oudiobandterugkoppeling toegeskryf kan word.



### 3.5 OPLEIDINGSISTEME WAARIN DAAR GEBRUIK GEMAAK WORD VAN MODELLERING EN GEDRAGSREPETISIE

Modellering en gedragsrepetisie is belangrike elemente van 'n paar toonaangewende opleidingsisteme. Drie van hierdie opleidingsisteme, naamlik Ivey se mikro-opleidingssteeem, mediat terapie en die Truax-Carkhuff-sisteeem sal vervolgens bespreek word.

#### 3.5.1 Ivey se mikro-opleidingssteeem

Dit is veral op die gebied van die voorligting waar daar sisteme ontwikkel is om voornemende terapeute (asook hul kliënte) belangrike tegnieke en vaardighede aan te leer. Een so 'n opleidingssteeem maak gebruik van mikrovoorligting (Ivey, 1971, 1973, 1974; Haase en Dimattia, 1970; Hackney, Ivey en Oetting, 1970; Ivey, Normington, Miller, Morrill en Haase, 1968; Moreland, Ivey en Phillips, 1973; Wittmer en Lister, 1972; Boyd, 1973; Higgins, Ivey en Uhlemann, 1970).

In die voorwoord van Ivey se boek oor mikrovoorligting beskryf Carkhuff (1971) die mikro-opleidingssteeem soos volg:

" Microtraining is Allen Ivey's innovative answer to the need for developing counselor behaviors which are helpful to the client. A structural or methodological approach, microtraining attempts first to identify specific counselor behaviors and then to systematically train the counselor-candidate in these behaviors. Based upon the concept of microteaching developed by Allen and his colleagues, microtraining utilises a 'shaping' process involving immediate and concrete

feedback, primarily from videotaping of a brief counselor-client interaction" (p. vii).

Ivey self (1971) beskryf hierdie tegniek soos volg:

Eerstens voer die leerlingterapeut 'n vyf minute onderhoud met 'n vrywillige kliënt oor 'n werklike probleem terwyl sy leermeester dit op videoband opneem. Die kliënt verlaat dan die lokaal waarin die opname plaasgevind het en voltooi 'n evaluasievorm, of hy word ondervra oor die pas afgelope onderhoud. Hierdie data is dan beskikbaar vir 'n opleidingssessie met die leerlingterapeut. Die leerlingterapeut lees intussen 'n inligtingstuk wat handel oor die spesifieke vaardigheid wat hy moet aanleer. Sy leermeester bespreek die inligtingstuk en sy pas afgelope onderhoud met hom. 'n Video-model van 'n bedrewe terapeut wat die vaardigheid demonstreer, word vervolgens aan hom getoon. (Daar mag 'n positiewe sowel as 'n negatiewe model van die vaardigheid aan hom getoon word.) Die leerlingterapeut kyk dan na sy oorspronklike onderhoud en bespreek dit met sy leermeester. Hy word gevra om die plekke waar hy van die vaardigheid gebruik gemaak het, of waar hy versuim het om dit te gebruik, uit te wys. Die leerlingterapeut en sy leermeester hersien die vaardighede saam en beplan vir sy volgende onderhoud met die kliënt. Die leerlingterapeut voer weer 'n onderhoud van vyf minute met die kliënt. Terugkoppeling en 'n evaluasie van sy gebruik van die vaardigheid tydens hierdie onderhoud vind dan plaas. Die hele proses word herhaal totdat die verlangde vlak van bekwaamheid bereik word.

Volgens Ivey (1971) is mikro-opleiding 'n belewenismatige metode. Alhoewel 'n inligtingstuk gebruik word om die vaardigheid te beskryf, is die hoofklem van hierdie sisteem, deelname deur die individu wat opgelei word: Hy voer die onderhoud, hy lees die inligtingstuk, hy bespreek sy gedrag met sy leermeester, hy kyk na 'n model, hy vergelyk sy eie optrede met die van die model, hy bepplan sy nuwe strategie, hy repeteer vir die volgende sessie en hy oefen totdat hy die betrokke vaardigheid aangeleer het.

Mikrovoorligting is 'n poging om die belangrike fasiliterende effek van 'n warm, empatiese terapeutiese verhouding te verenig met die aandrang op direk waarneembare optredes. Dit is 'n opleidingsmetode wat voorsiening maak vir individuele verskille, sowel as vir die sistematiese waarneming van vordering. Dit is 'n ingekrimpte onderhoudsituasie waarbinne 'n leerlingterapeut en 'n vrywillige kliënt oor werklike probleme praat. Dit fokus op enkele, spesifieke terapeutiese optredes eerder as om die voornemende terapeut al die terapeutiese vaardighede gelyktydig te probeer aanleer. Dit is 'n veelvlakige opleidingsmodel wat van videomodelle, geskrewe materiaal, kommentaar deur 'n leermeester, operante versterking van nuutgeleerde gedrag en 'n warm, empatiese leermeester-leerling verhouding gebruik maak. Die belangrikste element is egter die geleentheid wat die leerling het om homself te kan waarneem: om jouself op 'n videoskerm te sien is 'n invloedryke en betekenisvolle ondervinding (Ivey, 1974). Dit bied aan voornemende voorligters voldoende geleentheid om te oefen sonder om die kliënt onnodig te benadeel. So=doende word die gaping tussen die teorie van die klaskamer

en die praktyk oorbrug (Ivey et al., 1968).

Die mikro-opleidingsstelsel verskaf 'n bruikbare raamwerk vir navorsing. 'n Belangrike probleem in die ondersoek van die terapeutiese proses is om die groot verskeidenheid veranderlikes wat 'n rol speel tydens die proses, afsonderlik te ondersoek. Die veranderlikes kan maklik binne die raamwerk wat verskaf word deur die mikro-opleidingsstelsel afgebaken word, sodat 'n navorser 'n spesifieke area deeglik kan ondersoek. Die navorsing kan ook maklik in die laboratorium gedoen word, voordat dit verder in die praktyk uitgetoets word (Ivey, 1971).

Daar is dan ook heelwat navorsing gedoen binne hierdie raamwerk. Ivey et al. (1968) het heel eerste die mikrovoorligtingstelsel gebruik om drie verskillende groepe voornemende voorligters op te lei in een van die volgende drie vaardighede: aandag gee, terugkaatsing van gevoel en samevatting van gevoel. Hulle definieer aandag gee in terme van oogkontak, ontspanne houding met toepaslike gebare en akkurate verbale navolgende gedrag. Die akkurate terugkaatsing van gedrag is gedefinieer as die wyse waarop die onderhoudvoerder selektief aandag gee aan die gevoelsaspek van die kliënt se kommunikasie en die wyse waarop hy sy empatiese begrip daarvan aan die kliënt bekend maak. Samevatting is verwant aan terugkaatsing behalwe dat dit 'n langer tydsverloop dek en dat dit meer integrerend van aard is as die terugkaatsing van gevoel. Deur van 'n mikro-opleidingsstelsel gebruik te maak in een en twee uur opleidingsessies het hulle bevind dat die voornemende voorligters beduidend verbeter het op al drie die afhanklike veranderlikes.

Nadat die studie van Ivey et al. (1968) die sukses van mikro-

opleiding as 'n opleidingsmetode vir voorligters en as 'n navorsingsmodel bewys het, het daar heelwat ander studies gevolg wat van die model gebruik gemaak het. So het Haase en Dimattia (1970) die mikro-opleidingsstelsel gebruik om 'n aantal onopgeleide hulpersoneel wat by voorligtingsburo's werksaam is, in drie vier uur sessies suksesvol op te lei in die volgende drie vaardighede: aandag gee, terugkaatsing van gevoel en uiting gee aan gevoel. Hulle het ook gevind (Haase et al., 1972) dat die proefpersone na afloop van 'n jaar slegs ten opsigte van oogkontak ('n onderafdeling van aandag gee) hul vlak van funksionering gehandhaaf het. Hulle het verbeter in hul vermoë om uiting te gee aan hul gevoel teenoor 'n ander persoon. Hulle funksioneer egter swakker sover dit ontspanningsheid en die terugkaatsing van gevoel betref. Hulle vaar ook swakker op 'n beoordeling van hul effektiwiteit as voorligters. Haase et al. (1972) skryf hierdie afname daaraan toe dat hierdie tipes gedrag nie versterk is in die voorafgaande jaar nie.

Guttman en Haase (1972) bevind met 'n latere studie dat voorligtingstudente wel in 'n mate hul beter vlak van funksionering na opleiding kan handhaaf. Hulle maak ook van die mikro-opleidingsstelsel gebruik om hul proefpersone op te lei om aandag te gee, gevoel terug te kaats en om gevoel saam te vat. Na afloop van die opleiding is die proefpersone gevra om 'n aantal onderhoude te voer met vooraf gekeurde kliënte. Vier, vyf minute video-opnames van hul onderhoude word later beoordeel. Die opnames is op vier verskillende stadiums opgeneem: voor die opleiding, na die opleiding en tydens

die eerste en tweede onderhoude met die gekeurde kliënte. Die resultate toon dat die opleidingsgroep die terugkaatsing en samevatting van gevoel beter aangeleer het as 'n kontrolegroep. Alhoewel die gebruik van die vaardighede afgeneem het tydens die onderhoude met die kliënte (10 tot 14 dae na die opleiding), het die proefpersone toe nog die vaardighede beter gebruik as voor hul opleiding. Die kontrole- en eksperimentele groepe het nie verskil ten opsigte van hul gebruik van die derde vaardigheid (aandag gee) nie.

Miller, Morrill en Uhlemann (1970) het ook die mikro-opleidingsstelsel gebruik om voornemende voorligters die vaardighede wat nodig is in die oordra van toetsresultate aan te leer. Die opleidingsprogram het die aanleer van die volgende vaardighede behels: Die luister na en reageer op belangrike inligting wat deur die kliënt aangebied word; die bondige bespreking van inligting wat verband hou met die toetse en die integrasie van die toetsinligting en die kliënt se eie ervarings. Die kliënte se eie beoordeling van die effektiwiteit van die voorligters in die kontrole- en opleidings groepe het nie beduidend verskil nie. Twee onafhanklike beoordelaars se bevindings toon egter dat die eksperimentele groep beduidend beter vaar as die kontrolegroep.

'n Baie belangrike studie waarin daar gebruik gemaak is van die mikro-opleidingsstelsel, is dié van Moreland, Ivey en Phillips (1973) aangesien dit die effektiwiteit van mikro-voorligting vergelyk het met die effektiwiteit van 'n ander opleidingsmodel. 'n Aantal mediese studente is opgelei in ses mikrovoorligtings-

vaardighede waarvan daar gebruik gemaak word tydens onderhoude. n Ander groep het n tradisionele ervarings-didaktiese opleiding en oefening ontvang. n Latere evaluasie van die proefpersone se effektiwiteit as onderhoudvoerders het aangetoon dat beide groepe studente beter onderhoudvoerders was. Die studente in die mikrovoorligting groep was egter meer effektief as die ander groep. Hulle het meer vrae gestel wat die kliënte die geleentheid gebied het om oor hulself te praat. Hulle het ook meer gebruik gemaak van terugkaatsing en samevatting. Dit was boonop die eerste studie waartydens n groot aantal vaardighede vir die proefpersone aangeleer is en waarin bewys is dat leerlinge verskillende vaardighede suksesvol kan integreer gedurende n onderhoud.

Gluckstern (1973) het van mikro-opleiding gebruik gemaak in n program waarin sy ouers opgelei het om ouers wie se kinders dwelmsprobleme het, te help. Die doelstellings van die program was: (1) om hul in te lig oor dwelms; (2) om hul op te lei in die vaardighede wat benodig word in voorligting en in interpersoonlike verhoudings en (3) om hulle by te staan in hul werk binne die gemeenskap. Sy het van die mikro-opleidings-sisteem gebruik gemaak om hul op te lei in interpersoonlike- en voorligtingsvaardighede. Teen die einde van die opleidings-program was die ouers in staat om wedersyds toesig te hou oor hul voorligtingsessies. As hulle gedink het n onderhoud is swak, kon hulle spesifieke vaardighede op n videobandopname van hierdie onderhoud uitwys wat die verloop van die onderhoud sou kon verbeter het. n Evaluasie van hul gebruik van die vaardighede sewe maande na afloop van die opleiding het getoon dat hulle hul vlak van funksionering na opleiding

behou het. Hulle het ook n beduidende impak op hul kliënte gehad volgens die beoordeling van onafhanklike beoordelaars.

Elsenrath et al. (1972) het in hul mikro-opleidingsstelsel van oudiobande eerder as van videobande gebruik gemaak. Die oudioband wat hulle gebruik het, het uit drie afdelings bestaan: n oorsig van effektiewe gedrag tydens n onderhoud; n reeks van 20 stellings deur denkbeeldige kliënte waarop die proefpersone hardop moes reageer (Hulle is beloon as hul response korrek was.) en n tweede reeks van 20 stellings waarop die proefpersone moes reageer. (Die beloning op hierdie response was afwisselend volgens n tabel met die gemiddelde beloning van elke vierde respons.) Die doel van die studie was om die doeltreffendheid van n geprogrammeerde oudiobandbenadering om onderhoudvoerders op te lei, te ondersoek. Die onderhoudvoerders is geleer om hul kliënte se verbaliserings te vermeerder deur langer stil te bly voor hulle reageer op die kliënte se stellings en deur die lengte van hul eie response te verkort. Die resultate van die studie toon dat die oudioband opleiding suksesvol was.

Boyd (1973) het die effek van twee mikro-opleidingsmodelle en twee maniere van supervisie ondersoek. Die resultate van sy ondersoek toon dat die proefpersone in beide die opleidingsgroepe beter gevaar het as n kontrole groep. Daar was egter nie n groot verskil tussen die twee groepe wat opleiding ondergaan het nie en Boyd stel voor dat die korter opleidingsmodel in die toekoms voorkeur moet geniet, aangesien die ander model n addisionele 48 uur oefening in onderhoudvoering behels het.



### 3.5.2 Mediaterapie

Alhoewel daar volgens Ivey (1973) 'n konstante verwysing na psigoterapie as 'n leerproses is, is verandering tydens terapie nie op opvoedkundige beginsels gebaseer nie. In 1970 stel Higgins, Ivey en Uhlemann mediaterapie as 'n opvoedkundige en voorkomende onderafdeling van psigoterapeutiese behandeling voor.

Drie terapeutiese strominge dien volgens Ivey (1973) as uitgangspunt vir mediaterapie:

- A. Die literatuur oor die behavioristiese behandeling van psigiatriese pasiënte: Binne hierdie raamwerk is Skinner (1957) se verklaring van verbale interaksie volgens die beginsels van operante kondisionering; Ayllon en Azrin (1968) se ontwikkeling van die bon-ekonomiestelsel vir die psigiatriese saal en Wolpe (1958) se sistematiese-desensitiserings terapie belangrik.
- B. Die gebruik van televisie as 'n hulpmiddel tydens terapie: Selfobservasie met behulp van videobandterugkoppeling het aanleiding gegee tot 'n verbetering in die gedrag van psigiatriese pasiënte. Alhoewel die tegniek baie belofte inhou, is dit nie altyd as die primêre tegniek om verandering te bewerkstellig, beskou nie.
- C. Armstrong en Bakker (1971) se "Adult Development Program": Die program kombineer behavioristiese tegnieke met ander tegnieke wat dinge soos bewegingsoefeninge en die bestu-

dering van mites insluit. Die program bestaan uit 'n reeks van kursusse waarvolgens psigiatriese buitepasiënte opgelei word in die vaardighede wat hul benodig in hul alledaagse bestaan. Alhoewel hierdie program belowend en suksesvol was, is dit nie baie entoesiasties ontvang deur die psigiatriese professie nie.

Met die implementering van mediat terapie funksioneer die terapeut as iemand wat die pasiënt help om sy eie program te beplan. Spesifieke vaardighede soos om effektief te luister na andere en om jouself te laat geld, word met behulp van 'n aantal tegnieke vir die pasiënt aangeleer. Daar word in die proses van videobandterugkoppeling en geïndividualiseerde inligting=stukke gebruik gemaak. 'n Enkele vaardigheid word op 'n keer aangeleer, sodat die pasiënt nie verwar word deur 'n oormaat inligting nie. Die vaardigheid word dan geoefen totdat die pasiënt dit suksesvol aangeleer het. Die terapeut neem die pasiënt se gedrag en sy interaksie met ander persone waar en lewer kommentaar oor die optredes wat hy as positief of negatief beskou. Hy beveel ook nuwe maniere van optrede aan wat interpersoonlike groei kan bewerkstellig. Die program probeer nie die oorsaak van gedrag vasstel nie, maar probeer om die pasiënt te leer dat hy sy gedrag kan verander as hy wil. Vir die pasiënt wat nie meer beheer oor sy eie gedrag kan uitoefen nie, gee die bemeestering van 'n eenvoudige vaardigheid 'n gevoel dat hy weer beheer oor sy gedrag kan kry (Ivey, 1973).

Higgins, Ivey en Uhlemann (1970) het in die eerste studie waarin daar van mediat terapie gebruik gemaak is, gevind dat

dit moontlik is om interpersoonlike kommunikasie (o.a. die kommunikasie van huwelikspare) te verbeter deur van die metode gebruik te maak.

Ivey (1974) beskryf die behandeling van 'n maniese pasiënt, wat probleme met gedagtevlug ondervind het, met behulp van mediat terapie. Die pasiënt kon na 'n onderhoud self verklaar dat hy nie goed geluister het tydens die onderhoud nie. Hy het besef dat hy mense in die rede val en dat hy nie by die onderwerp bly nie. Die terapeut het nie dadelik aangebied om die pasiënt op te lei in vaardighede soos aandag gee of selfuiting nie, maar het die pasiënt gevra om self met behulp van videobandterugkoppeling vas te stel hoekom hy oneffektief luister. Die pasiënt kon vasstel dat hy die onderwerp dikwels verander het. 'n Oorsig van die onderhoud op videoband het getoon dat hy in vyf minute die onderwerp twaalf maal verander het. Oefening tydens 'n aantal kort mediat terapie sessies het die aantal veranderings van die onderwerp verminder. Later is die pasiënt wel opgelei om aandag te gee nadat hy gevra het dat dit moet gebeur. 'n Balans tussen die vaardighede wat die pasiënt wou aanleer en die vaardighede wat die terapeut gedink het hy kon aanleer, is gehandhaaf. Daar is egter gevind dat die pasiënt vaardighede wat hyself wou aanleer, vinniger aangeleer het.

### 3.5.3 Die Truax-Carkhuff-Sisteem

Nog n goed-ontwikkelde sisteem waarvolgens voornemende terapeute, of helpers, opgelei word, is die Truax-Carkhuff-Sisteem van opleiding in interpersoonlike verhoudings (Truax en Carkhuff, 1967; Carkhuff en Berenson, 1967; Carkhuff, 1969 a en b). Die kernelemente van hierdie opleidingsprosedure kan volgens Truax en Lister (1971) soos volg opgesom word:

- A. n Terapeutiese konteks waarbinne die supervisor hoë vlakke van empatie, warmte en opregtheid kommunikeer aan die persone wat hy oplei;
- B. Die didaktiese gebruik van navorsingskale vir die meting van empatie, warmte en opregtheid om die persone wat opgelei word se response sistematies te verander; en
- C. n Kwasië groepsterapieondervinding wat ontwerp is om die persone wat opgelei word te help om die didaktiese opleiding te integreer met hul eie waardes, doelstellings en lewenswyse.

Volgens Carkhuff (1969 a) is n suksesvolle opleidingsprogram n program wat alle bronne van leer integreer en wat op n sistematiese manier fokus op die primêre kerndimensies waaromheen sekondêre behandelingsmetodes dan ontwikkel kan word. Belangrike bronne van leer binne die Truax-Carkhuff-Sisteem is die belewenismatige wyse waarvolgens die opleiding geskied, die gestruktureerde en didaktiese wyse waarop inligting deur die leermeester aan die persone wat opgelei word,

meegedeel word en die modellerings effek van die leermeester se effektiewe optredes op die persone wat opgelei word.

Tydens die opleiding word daar sistematies op 'n aantal kerndimensies van die kommunikasieproses gefokus. Carkhuff (1969 a en b) het die volgende dimensies van die kommunikasieproses geïdentifiseer, naamlik empatiese begrip, positiewe respek, opregtheid, selfopenbaring, konkreetheid, konfrontasie en die onmiddellikheid van die verhouding. Vir elkeen van hierdie dimensies is daar skale ontwikkel. Die skale bestaan elk uit vyf vlakke waarvolgens die mate waarin die kerndimensie in die kommunikasieproses aanwesig is, vasgestel kan word.

Die eerste fase van die opleidingsprogram waarop daar gefokus word, is die onderskeidingsvermoë van die persone wat opgelei word. Onderskeidingsvermoë as sulks bevorder nie kommunikasie nie, maar dit is nogtans nodig vir 'n latere hoër vlak van kommunikasie. Alhoewel die primêre fokus van die opleidingsprogram op die aktiewe kommunikasieproses is, word die persone wat opgelei word eers oor 'n betrokke dimensie ingelig. Die skale wat vir elkeen van die kerndimensies ontwikkel is, word vir hierdie doel gebruik (Carkhuff, 1969 a).

Die res van die opleiding geskied in drie fases. Tydens die opleiding word daar afsonderlik op elkeen van die kerndimensies gefokus. Tydens die eerste fase word daar op materiaal wat op band opgeneem is gereageer. In die tweede fase word daar van rollespel gebruik gemaak om die korrekte gebruik van 'n bepaalde dimensie te oefen en in die derde fase word daar 'n

gesprek gevoer met n persoon wat n werklike probleem ondervind. Gedurende die eerste fase van die opleiding word daar gereageer op sinsnedes deur persone wat hulp soek wat op oudioband opgeneem is. Die persone wat die opleiding ondergaan, luister in n groep na die band en sodra n gedeelte klaar gespeel is, reageer een van hulle daarop. Hy, sowel as die res van die groep, beoordeel dan sy respons volgens die skaal wat vir die bepaalde dimensie ontwikkel is. Die onmiddellike terugvoering wat die betrokke persoon sodoende ontvang, lei daartoe dat sy response progressief op n al hoe hoër vlak van die dimensie plaasvind. Rollespel is n baie belangrike element van die hele opleidingsproses. Deur van rollespel gebruik te maak kan die persone wat opgelei word lewensgetroue situasies telkemale herhaal. Dit gee hul ook die geleentheid om te ervaar hoe dit voel om hulp te ontvang en te gee. Die fokuspersoon kan na afloop van die rollespel weer eens die vlak waarop hy van die dimensie gebruik gemaak het, volgens die skale wat ontwikkel is, beoordeel. (Carkhuff, 1969 a).

Heelwat navorsing wat die effektiwiteit van die Truax-Carkhuff-Sisteen bewys, is reeds gedoen. Die Truax-Carkhuff-Sisteen is tydens die volgende studies suksesvol gebruik: opleiding in kommunikasie en die diskriminasie van fasiliterende optredes deur onderwyser-voorligters (Carkhuff, 1969 c); opleiding van studenteverpleegsters in interpersoonlike vaardighede (Kratohvil, 1969); opleiding van die ouers van emosioneel ontwrigte kinders om beter met mekaar en met hul kinders te kommunikeer (Carkhuff en Bierman, 1970); opleiding in interpersoonlike vaardighede (Carkhuff, Piaget en Pierce, 1968); opleiding van voornemende voorligters en fasiliterende interpersoonlike

gedrag (Shapiro en Gust, 1974); opleiding van studente in beter interpersoonlike funksionering (Berenson, Carkhuff en Myrus, 1966); die korttermyn opleiding van ervare voorligters in akkurate empatie en warmte (Truax en Lister, 1971); en die opleiding van die voornemende onderwysers van dowe leerlinge in interpersoonlike kommunikasie en die effek van die onderwysers se kommunikasie op die prestasie van hul leerlinge (Hefele, 1969).

Alhoewel modellering en gedragsrepetisie of rollespel dus 'n belangrike onderafdeling is van die opleidingsisteme wat bespreek is, blyk dit dat daar ook gebruik gemaak word van audio- en videobandterugkoppeling. Aangesien videobandterugkoppeling ook gebruik word tydens die aanleer van interpersoonlike vaardighede, gaan die gebruik van hierdie tegniek nou meer volledig bespreek word.

### 3.6 VIDEOBANDTERUGKOPPELING

Terugkoppeling, of die ander term wat ook dikwels gebruik word, naamlik "terugvoering" word in die Psigologiese Woordeboek (1979) soos volg omskryf:

" Meting van die lewering van 'n sisteem en die gebruik van informasie om die inset van die sisteem te reguleer bv. in 'n servomeganisme. In die psigologie kom terugvoering veral ter sprake by motoriese bewegings (waar waarneming van die posisie en beweging van die ledemate deur middel van kinestese aanleiding gee tot die verfyning van die bewegings), in die sosiale psigologie (waar kennis van ander se reaksies op die mens se gedrag gebruik kan word om die betrokke gedrag te

modifiseer) en in enige leer- of onderrigssituasie waar-  
in die leerling kennis neem van sy resultate en vorder-  
ing " (p. 305).

Navorsers gebruik die term "terugkoppeling" in hierdie afdeling  
om die kennisname van resultate en vordering in 'n leer- of  
onderrigssituasie te beskryf.

Soos reeds genoem in die bespreking van modellering, beweer  
Bandura (1977) dat die optredes wat aangeleer word deur middel  
van waarneming, gedurende die motoriese reproduksieproses  
verfyn word op grond van informasie-terugkoppeling. Volgens  
hom word veral ingewikkelde handeling nie dadelik korrek  
uitgevoer nie en moet hulle dan gekorrigeer word deur middel  
van informasie-terugkoppeling, voordat hulle korrek uitgevoer  
kan word.

Binne die paar gestruktureerde opleidingsisteme wat bespreek  
is, is terugkoppeling bewerkstellig deur gebruik te maak van  
audio- of videobande. Uit die bespreking van McFall en  
Lillesand (1971) se bestudering van maniere om selfgeldende  
gedrag te verbeter, blyk dit dat audioband-terugkoppeling eerder  
'n negatiewe effek gehad het op die aanleer van die bepaalde  
vaardighede. McFall en Marston (1970) bevind egter dat  
alhoewel audioband-terugkoppeling nie 'n statisties beduidende  
verbetering in selfgeldende gedrag bewerkstellig het nie, het  
die proefpersone wat aan hierdie tegniek onderwerp is, tog  
volgens die gedragsmetings die grootste verandering ondergaan.  
In Ivey se mikro-opleidingsstelsel is videoband-terugkoppeling



n integrale deel van die opleiding. Tydens mediat terapie word selfobservasie ook bewerkstellig deur van videoband=terugkoppeling gebruik te maak. Truax en Carkhuff, daaren=teen, maak van oudiobandterugkoppeling gebruik in hul oplei=dingsmodel.

Aangesien die effek van die terugkoppelingsveranderlike nie altyd afsonderlik bepaal is in die bogenoemde opleidingsisteme nie, is daar dus onsekerheid oor die werklike bydrae van terugkoppeling tydens die opleiding. Holzman (1969) beweer dat heelwat ondersoekers die voordelige gebruik van oudio=en videobande tydens psigoterapie rapporteer het. In die onderskeie verslae word daar beskryf hoe n opname van die terapeutiese sessie gemaak is en hoe die opname dan later, in die aanwesigheid of afwesigheid van die terapeut vir die pasiënt teruggespeel is. In die meeste gevalle word daar egter slegs n teoretiese rasioneel vir die tegniek verskaf. Daar is nie veel verslae oor die eksperimentele toetsing van die onderskeie teorieë nie.

Navorsers se ondersoek gaan slegs oor die effek van video=bandterugkoppeling tydens opleiding en terapie. Hy sal hom dus vervolgens beperk tot ondersoeke wat handel oor die gebruik van hierdie tegniek.

Voor die ontwikkeling van geslotekring televisie en video=bandmasjiene moes mense op ander se reaksies op hul gedrag, n ondersoek van hul eie gedagtes of die waarneming van hul eie beeld in n spieël staatmaak om n selfkonsep te vorm. Sedertdien is n beeld van die waarnemer feitlik onmiddellik beskikbaar. Hy kan homself nou direk nadat hy iets gedoen

het, herhaaldelik waarneem. Volgens Danet (1968) het so 'n visuele konfrontasie veel meer waarde as talle verbale konfrontasies. Carkhuff en Berenson (1967) beweer ook dat 'n lewe sonder konfrontasie rigtingloos, passief en hopeloos is.

Volgens Fuller en Manning (1973) is duisende mense al met hulself gekonfronteer gedurende onderwys, opleiding en terapie. In 'n literatuueroorsig bevind hulle dat videoterugkoppeling al gebruik is met alkoholiste (Carrère, 1954, 1955, 1958; Munoz, 1972; Paredes en Cornelison, 1968); korfbalspelers (Cooper, 1970); seuns op proef (Kidorf, 1963); dinkskrums (Dillon et al., 1971); misdadigers (Berner, Grünberger en Sluga, 1971); gesinne (Alger en Hogan, 1967; Kaswan en Love, 1969; Paul, 1966; Perlmutter et al. 1967; Satir, 1964); psigiaters (Berger, 1970) en verkoopsmanne (Brophy, 1971).

Toe Holzman (1969) se artikel verskyn het, is daar reeds 'n paar pogings aangewend om die effek van videobandterugkoppeling te evalueer deur gebruik te maak van 'n aantal objektiewe metings (Geertsma, 1969; Geertsma en Reivich, 1965, 1969). Die resultate van hierdie studies toon aan dat verskillende persone verskillend reageer op die tegniek. Die verskille het verband gehou met die diagnoses van die pasiënte. So het depressiewe pasiënte hulle teruggespeelde beelde kleiner; skisofrene het ongewone en ontoepaslike response getoon; en neurotiese pasiënte en persone met karakterversteurings het die selfkonfrontasie as 'n vae bedreiging beskou wat hulle elkeen met behulp van hul eie kenmerkende verdedigingsmeganismes hanteer het. Die skrywers sluit een van hul ondersoeke af

deur te verklaar dat:

"... video-tape self-viewing per se is not likely to effect an optimal therapeutic response and that clinicians using video-tape for treatment purposes should be prepared to take an active role in relating patients to significant aspects of the playback action" (Reivich en Geertsma, 1969, p. 41 soos aangehaal deur Holzman, 1969, p. 202).

Holzman (1969) voel dat die volgende uitspraak van Reivich en Geertsma die beste strook met die beskikbare feite:

" The technique is probably no panacea. Patients will respond to it differently and probably in accord with their style of defence against threat " (p. 203).

Videobandterugkoppeling word deur baie persone aan geprys. So is dosente optimisties oor die gebruik van videobandterugkoppeling by die opleiding van studente (Bodin, 1969; Berger, 1970). Navorsers bevind dat dit 'n bruikbare kliniese hulpmiddel is (Paredes, et al. 1969; Bailey en Sowder, 1970; Kaswan en Love, 1969). Sommige navorsers verkry self indrukwekkende resultate met die tegniek (Mulac, 1974).

Talle navorsers waarsku egter teen moontlike gevare wat videobandterugkoppeling mag inhou (Danet, 1968; Bailey en Sowder, 1970; Fuller en Manning, 1973; Alkire en Brunse, 1974). Danet (1968) waarsku daarteen dat sommige persone dalk nie oor genoeg egosterkte beskik om die groot emosionele impak van selfkonfrontasie en die angstigtheid wat dit veroorsaak, te kan hanteer nie. Hy beveel aan dat navorsing gedoen moet

word om vas te stel vir watter persone en onder watter omstandighede selfkonfrontasie 'n voordelige ondervinding is. Bailey en Sowder (1970) vind later, na 'n oorsig, dat eksperimentele navorsing wat handel oor videobandterugkoppeling steeds skraps is. Waar navorsing wel op die positiewe effek van die tegniek dui, is die onderliggende teoretiese resonaal óf vaag óf bestaan dit gladnie. Die eksperimentele ontwerpe is ook gewoonlik swak, sodat werklike geldige en betroubare afleidings nie gemaak kan word nie. Hulle beveel dus ook aan dat versigtige navorsing gedoen moet word om vas te stel of videotrugkoppeling wel enige voordelige gevolge inhou.

Alkire en Brunse (1974) ondersoek die uitwerking en moontlike slagoffers van videobandterugkoppeling tydens huweliksterapie. Hulle eksperimentele groep bestaan uit ontwrigte huwelikspare en die kontrolegroep uit onafhanklike pare wat saamgestel is uit versteurde pasiënte. Uit die nege huwelikspare wat bestudeer is, het videobandterugkoppeling 'n nadelige uitwerking gehad op sewe van die pare. Uit drie huwelikspare wat in 'n vooronderzoek evalueer is, het twee van die mans selfmoord gepleeg, een die oggend na die videobandterugkoppeling. Die skrywers van die artikel waarsku dus dat:

"... any modality of behavior change that has potentially high impact should have its effects measured immediately" (p. 210).

Hulle opper dié waarskuwing omdat hulle voel dat te veel terapeute die positiewe effek van die tegniek as vanselfsprekend aanvaar.

Fuller en Manning (1973) gee n wye oorsig oor die gebruik van videobandterugkoppeling. Hulle bevind dat selfkonfrontasie teoreties verklaar word deur te beweer dat dit verband hou met die teorieë van Sullivan en Mead, met selfteorie, met attribusieteorie en met versterking. Gedragsmodifikasie is die uitgangspunt by die mikro-opleidingsmodel. Pogings om te konseptualiseer wat werklik gebeur tydens selfkonfrontasie is egter raar. Uit die oorsig blyk dit dat selfkonfrontasie met behulp van videobandterugkoppeling spanning veroorsaak en dat dit n angswekkende ondervinding kan wees. Daar is n intensiewe fokus deur die waarnemer op sy liggaam en stem. Die waarnemer se selfagting neem meestal nie toe nie, en as dit wel gebeur, duur dit nie lank nie. Die akkuraatheid van die waarnemer se selfpersepsie neem toe, sodat hy n meer realistiese beeld van homself verkry. Dit is nie duidelik of dit oopheid (selfondersoek en selfopenbaring) verbeter nie. Dit verhoog die waarnemer se motivering en sy geestesaktiwiteite.

n Groot aantal studies, wat vinnig besig is om toe te neem, toon dat videobandterugkoppeling binne die mikro-opleidingsmodel suksesvol toegepas word. Die sukses van die mikro-opleidingsmodel word egter ook toegeskryf aan doelgerigtheid en gefokusde terugvoering.

Fuller en Manning (1973) vind met hul oorsig dat sekere persone baat by selfkonfrontasie met behulp van videoterugkoppeling, terwyl dit vir ander nadelig is. So baat persone met n hoë selfkonsep meer by die tegniek as persone met n lae selfkonsep. Persone wat min angs ervaar, put waarde uit die tegniek; terwyl persone wat baie angstig is óf glad nie na die video=

band wil kyk nie, óf nadelig daardeur beïnvloed word. 'n Persoon se liggaamsbeeld en fisiese voorkoms het ook 'n invloed op hoe hy videobandterugkoppeling ervaar. So het selfkonfrontasie die onrealistiese negatiewe liggaamsbeeld van skisofrene verbeter, maar dit het die onrealistiese positiewe liggaamsbeeld van ou mense en middeljarige persone verswak. Alhoewel dit nie eksperimenteel bevestig is nie, is daar aanduidings dat persone met meer aanleg, intelligensie en vaardighede en met 'n positiewe houding teenoor die taak wat aangeleer moet word, meer baat vind by die tegniek. Dogmatiese persone ervaar meer spanning tydens selfkonfrontasie en sulke persone is gevolglik ook nie ontvanklik vir terugkoppeling nie. Aan die einde van hul oorsig som hul, hul standpunt soos volg op:

"In sum, self-confrontation now seems to us more promising than we had dared to hope and more dangerous than we knew to fear " (p. 512).

Alhoewel daar al gepoog is om videobandterugkoppeling teoreties te verklaar, is dit volgens Bailey et al. (1977) tans nog onduidelik hoe videobandterugkoppeling gedragsveranderings teweegbring. Voordat daar nie 'n samehangende teoretiese rasionaal vir die tegniek bestaan nie en 'n goed gedefinieerde navorsingsmetodiek ontwikkel is nie, sal daar steeds uiteenlopende resultate verkry word.

Plaaslik kom Rademeyer (1974), na 'n evaluasie van die teoretiese modelle wat gebruik is om videobandterugkoppeling te verklaar, tot die slotsom dat:

"... current investigations of videotape playback potential have been characterized by one major weakness, i.e. the lack of properly specified theoretical models. At most the reference to theory has been nebulous. A discussion of available models and their implications for the use of videotape playback techniques has also suggested the undeniable necessity of a proper theoretical frame of reference for the meaningful application of artificial feedback technique. Without such theoretical backing, research is bound to be opportunistic and irrelevant " (pp. 29 - 30).

Rademeyer (1974) vind die Algemene Sisteemteorie 'n bruikbare teoretiese raamwerk waarbinne die effek van videobandterugkoppeling bestudeer kan word. Hy vergelyk in sy daaropvolgende navorsing die effek van videobandterugkoppeling en verbale terugvoering op die interaksiepatrone van huwelikspare. Hy bevind dat die huwelikspare in die videobandterugkoppelingsgroep beduidend meer verander het as die huwelikspare in die verbale terugkoppelingsgroep, sover dit hul objektief waarneembare gedrag aangaan. Hierdie verandering was 'n verandering van negatiewe na meer positiewe emosionele gedrag. Die proefpersone in hierdie groep was na afloop van die eksperimentele manipulasie meer ontspanne en vriendelik tydens gesamentlike probleemoplossing, as die proefpersone in die ander groep.

Rademeyer se daarstelling van die Algemene Sisteemteorie as 'n teoretiese rasioneel vir die bestudering van videobandterugkoppeling, stimuleer 'n hele aantal studies (Van Zyl, 1975; Wilkinson, 1975; Luttig, 1976; Pompe van Meerdervoort, 1976; Joubert, 1976; Saunders, 1977). 'n Algemene probleem waarmee hierdie navorsers te kampe het, is dat as hulle

gestruktureerde videobandterugkoppeling as 'n tegniek vir gedragsverandering gebruik, ontstaan daar weerstand teen verandering by die waarnemers.

Gestruktureerde terugkoppeling vind plaas as die aandag gevestig word op spesifieke gedragspatrone. Die aandag kan op die gedragspatrone gevestig word deur van opdragte gebruik te maak, die persoon word byvoorbeeld vooraf gesê waarna hy moet kyk. (Pompe van Meerdervoort, 1976). Die aandag kan ook op geselekteerde gedragspatrone gevestig word deur die band te stop en dit uit te wys. Sodoende word die waarnemer se selfpersepsie, en gevolglik sy gedrag, verander (Rezler en Anderson, 1971).

Luttig, (1976) doen navorsing oor die differensiële invloed van videobandterugkoppeling en videobandmodellering op kommunikasie in verskillende interpersoonlike situasies. Sy betrek twee tipes persoonlikhede by haar studie, naamlik homeostatiese en heterostatiese persoonlikhede. Beide videobandterugkoppeling en videobandmodellering veroorsaak betekenisvolle verskuiwings in die interaksiepatrone van die heterostatiese persoonlikhede. In die geval van die homeostatiese persoonlikhede het videobandmodellering geen noemenswaardige effek op hul interaksiepatrone gehad nie, terwyl hulle na gestruktureerde videobandterugkoppeling tekens van groter onsekerheid getoon het. Sy beveel aan dat verdere navorsing oor die effek van videobandmodellering en videobandterugkoppeling op homeostatiese persoonlikhede gedoen behoort te word. Sy postuleer dat veral videobandmodellering voordelig gebruik kan word by homeostatiese persone.



Pompe van Meerdervoort (1976) bestudeer ook die effek van gestruktureerde videobandterugkoppeling, met die Algemene Sisteemteorie as 'n teoretiese raamwerk. Sy postuleer dat die invloed van gestruktureerde videobandterugkoppeling verskillend sal wees vir heterostatiese en homeostatiese persoonlikhede. Sy bevind dat die effek van videobandterugkoppeling toeneem het in verhouding met die hoeveelheid struktuur wat daaraan gegee is. Beduidende verskille is gevind by homeostatiese sowel as heterostatiese persone wat gestruktureerde terugkoppeling ontvang het. Heterostatiese persone het minder spanning getoon, terwyl homeostatiese persoonlikhede meer spanning getoon het. Sy voel gestruktureerde terugkoppeling word deur die homeostatiese persoon as bedreigend ervaar. Dit word dus nie as 'n geskikte tegniek beskou nie vir persone:

"... lacking in inner security, identity and a certain readiness for change " (p. 59).

Pompe van Meerdervoort (1976) beveel aan dat toekomstige navorsers kan poog om 'n tipe terugvoering te vind wat geskik is vir die homeostatiese persoonlikheid. Sy sien 'n moontlike oplossing in indirek gestruktureerde videobandterugkoppeling. Indirek gestruktureerde videobandterugkoppeling as sulks is dalk nie genoeg nie en sy beveel aan:

"... to have more impact with indirectly structured videotape feedback, it might be necessary to develop in subjects a keener ability to discriminate relevant behaviour. If subjects could be taught to clearly

discriminate between relevant, and irrelevant behaviour, prior to indirectly structured videotape feedback, this treatment might prove more beneficial and provoke less tension " (p. 59).

Joubert (1976) gebruik die gevallestudie-metode van navorsing om die effek van vidoebandterugkoppeling te bestudeer. Hy doen sy navorsing op 'n gesin waarin die ouers probleme ondervind om die probleemgedrag van een van hul seuns te hanteer. Aangesien die navorser glo dat die kind se gedrag hoofsaaklik aan sy ouers se hantering toe te skryf is, is die kind self nie by die terapeutiese sessies betrek nie. Die uitgangspunt wat hy huldig tydens terapie, is dat as die ouers geleer kan word om ander take gesamentlik suksesvol af te handel, sal hulle dit ook met die kind kan doen. 'n Model van die ouers se optrede tydens die oplossing van 'n hipotetiese probleem is op videoband opgeneem en tydens videobandterugkoppeling is slegs die positiewe strategieë waarvan hulle gebruik gemaak het vir hulle uitgewys. Hierdie benaderingswyse was suksesvol aangesien die ouers nie weerstand teen die videobandterugkoppeling getoon of ontwikkel het nie. Tuis het hulle self daarin geslaag om die dinge wat hulle tydens die terapeutiese sessies geleer het, met goeie gevolg op die seun wat probleemgedrag openbaar het, toe te pas.

Saunders (1977) ondersoek die invloed van videobandterugkoppeling en videobandmodellering op interpersoonlike kommunikasie. Hy postuleer dat die weerstand wat deur videobandterugkoppeling veroorsaak word, deur die gepaardgaande videobandmodellering verminder sal word. Hy bevind dat videobandterugkoppeling

as sulks geen verandering op die drie kerndimensies van interpersoonlike kommunikasie wat hy bestudeer het, bewerkstellig het nie. Dit bevestig die feit dat videobandterugkoppeling weerstand teen verandering ontlok. Videobandmodellering veroorsaak 'n positiewe verandering ten opsigte van twee van die kerndimensies van interpersoonlike kommunikasie wat hy bestudeer het. Dit bevestig die feit dat videobandmodellering min weerstand teen verandering ontlok. Die interaksie-effek van videobandterugkoppeling en videobandmodellering kon egter ook nie 'n beduidende verandering op enige van die drie kerndimensies van interpersoonlike kommunikasie bewerkstellig nie. Aangesien die videobandterugkoppeling wat gebruik is, gehandel het oor 'n gesprek wat plaasgevind het voordat die proefpersone blootgestel is aan videobandmodellering, voel die navorser dat die videobandterugkoppeling moontlik weerstand kon opwek teen videobandmodellering sodat dit nie effektief benut kon word nie. Hy voel dat 'n moontlike oplossing daarin lê om eers die veranderingsproses aan die gang te sit met videobandmodellering en om dit dan voort te sit deur gebruik te maak van videobandterugkoppeling.

Uit die resultate van hierdie paar navorsingsprojekte blyk dit dat daar veral onduidelikheid is oor die gekombineerde effek van videobandmodellering en videobandterugkoppeling en oor die uitwerking wat hierdie twee tegnieke het op homeostatische persoonlikhede.

### 3.7 GEVOLGTREKKING

Nadat n aantal belangrike skrywers se menings oor selfopenbaring tydens terapie bestudeer is, is besluit dat selfopenbaring wel n vaardigheid is waaroor n terapeut behoort te beskik. Navorsing oor die bevordering van selfopenbaring toon dat selfopenbaring bewerkstellig kan word met behulp van modellering. Daar is egter nie literatuur wat daarop dui dat videobandterugkoppeling al gebruik is om selfopenbaring te bevorder nie.

Met die bestudering van tegnieke wat gebruik kan word vir die aanleer vir sosiale vaardighede, is bevind dat die effek van verskillende tegnieke, veral ten opsigte van die aanleer van selfgeldende gedrag, eksperimenteel ondersoek is. Alhoewel die paar opleidingsisteme wat ondersoek is suksesvol gebruik word gedurende opleiding, is daar egter nie altyd duidelikheid oor die afsonderlike effek van die verskillende komponente waaruit die opleidingsstelsel saamgestel is nie.

Dit is veral oor die gebruik van videobandterugkoppeling, wat daar nog heelwat onsekerheid heers. Daar is veral aanduidings dat verskillende mense verskillend reageer op videobandterugkoppeling. Sommige navorsers twyfel selfs daaroor of videobandterugkoppeling enige voordelige gevolge inhou (Bailey en Sowder, 1970).

Omdat daar twyfel bestaan of videobandterugkoppeling gebruik kan word met homeostatiese persoonlikhede (Luttig, 1976; Pompe van Meerdervoort, 1976), is dit nodig dat hierdie

aspek verder nagevors word. Die negatiewe resultate wat tot dusver verkry is, kan moontlik vermy word deur gebruik te maak van 'n kombinasie van videobandmodellering, gedragsrepetisie en videobandterugkoppeling. Saunders (1977) het egter gevind dat videobandterugkoppeling aanleiding gee tot weerstand teen die effek van videobandmodellering as dit voordat die video-model aangewend is, afgehandel is. Navorsers wil dus vasstel wat die effek van videobandterugkoppeling is, as dit geskied nadat die veranderingsproses aan die gang gesit is met behulp van videobandmodellering en gedragsrepetisie. In die volgende hoofstuk sal daar dus ingegaan word op die Algemene Sisteem-teorie om 'n oorkoepelende teoretiese raamwerk te probeer vind vir videobandmodellering, gedragsrepetisie en videobandterugkoppeling sowel as vir selfopenbaring.

HOOFSTUK 4TEORETIESE RAAMWERK : DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE

## 3.1 INLEIDEND

Sedert Rademeyer (1974) die Algemene Sisteemteorie daargestel het as 'n teoretiese raamwerk om videobandterugkoppeling mee te verklaar, is hierdie raamwerk plaaslik met vrug gebruik deur 'n hele aantal navorsers (Van Zyl, 1975; Wilkinson, 1975; Luttig, 1976; Pompe van Meerdervoort, 1976; Theron, 1976; Joubert 1976; Saunders, 1977).

Dit word algemeen aanvaar dat Von Bertalanffy, 'n bioloog, die noodsaaklikheid van 'n "Algemene Sisteemteorie" in 1937 te berde gebring het (Khailov, 1968; Kremyanskiy, 1968). Volgens Von Bertalanffy (1973) was dit nodig om op daardie tydstip 'n teorie te ontwikkel waarin 'n aantal beginsels, wat geldig is binne 'n verskeidenheid spesialisasierigtings, saamgevat is. Die vernaamste rede daarvoor was juis die toenemende spesialisasie van die moderne wetenskap. Die fisikus, bioloog en sielkundige het elkeen so opgegaan in sy eie vakdissipline dat hy nie meer met die wetenskaplike wat gespesialiseer het in 'n ander vakdissipline kon kommunikeer nie. Dit was egter nodig dat die verskillende wetenskaplikes wel met mekaar moes kon kommunikeer, omdat hulle onafhanklik van mekaar met dieselfde probleme geworstel het. Von Bertalanffy het gevind dat daar 'n strukturele ooreenkoms is tussen die modelle wat gebruik is in die biologiese-, gedrags- en sosialewetenskappe.

Hy het geglo dat dit moontlik is om 'n algemene teorie te ontwikkel vanuit hierdie ooreenkomste wat as grondslag kon dien vir teorieë wat reeds deur die verskillende vakdissiplines ontwikkel is. 'n Algemene Sisteemteorie sou 'n skakeling tussen die verskillende wetenskappe bewerkstellig.

Die belangrikste doelstelling van die Algemene Sisteemteorie is dus om die gemeenskaplike wyses waarop die dele van verskillende sisteme georganiseer is, te identifiseer. Von Bertalanffy (1973) vat sy vernaamste bevindings soos volg saam:

- " (1) There is a general tendency towards integration in the various sciences, natural and social.
- (2) Such integration seems to be centered in a general theory of systems.
- (3) Such theory may be an important means of aiming at exact theory in the nonphysical fields of science.
- (4) Developing unifying principles running 'vertically' through the universe of the individual sciences, this theory brings us nearer to the goal of the unity of science.
- (5) This can lead to a much-needed integration in scientific education " (p. 37).

'n Teorie wat kan help om uiteenlopende benaderings te integreer, is ook vir hierdie navorser van belang, aangesien selfopenbaring 'n konsep is wat, soos aangetoon is, sy ontstaan te danke het aan 'n fenomenologiese benadering (vgl. pp. 7 - 10). Daarenteen het 'n tegniek soos modellering ontstaan binne 'n behavioristiese raamwerk. As hierdie twee uiteenlopende gedagterigtings binne 'n oorkoepelende raamwerk saamgevat kan word, sal dit die bestudering van hierdie konsepte binne die eksperimentele opset vergemaklik.

## 4.2 KERNBEGRIPPE

Vir die doel van hierdie navorsingsprojek is dit belangrik om 'n aantal van die belangrikste begrippe van die Algemene Sisteemteorie te omskryf.

### 4.2.1 Sisteem

Die term "sisteem" is een van die sentrale begrippe van die Algemene Sisteemteorie. Dit is egter 'n term wat heelwat in die alledaagse omgang gebruik word. Daar bestaan in verskillende vakdissiplines 'n hele aantal definisies van dié woord. Die volgende definisies is afkomstig van wetenskaplikes wat gespesialiseer het in die opvoedkunde, sielkunde, sosiologie en bestuurskunde:

" A system is a collection of entities or things (animate or inanimate) which receives certain inputs and is constrained to act concertedly upon them to produce certain outputs, with the objective of maximizing some function of the inputs and outputs " (Kreshner, 1960, p. 141).

" A system can be defined as a set of elements standing in interrelations " (Von Bertalanffy, 1973, p. 55).

" A whole which functions as a whole by virtue of the interdependence of its parts is called a system, and the method which aims at discovering how this is brought about in the widest variety of systems has been called general system theory (Rapoport, 1968, p. xvii).



- " A system is a set of objects together with relationships between the objects and between the attributes " (Hall en Fagen, 1968, p. 81).
- " A system is an organized or complex whole; an assemblage or combination of things or parts forming a complex or unitary whole " (Johnson, Kast en Rosenzweig, 1963, p.4).
- " We define a system in general as a complex of elements or components directly or indirectly related in a causal network, such that at least some of the components are related to some others in a more or less stable way at any one time " (Buckley, 1968, p. 493).
- " Systems are bounded regions in space-time, involving energy interchange among their parts, which are associated in functional relationships, and with their environments " (Miller, 1969, p. 44).
- " A system is an integrated assembly of interacting elements, designed to carry out co-operatively a predetermined function " (Gibson, 1960, p. 58).

Alhoewel hierdie definisies dus deur wetenskaplikes wat spesialiseer in verskeie vakdissiplines met uiteenlopende doelstellings geskryf is, stem hulle in n groot mate ooreen. Die definisies verwys almal na n geheel (collection, set, whole, network, bounded region, integrated assembly).

Daarvan kan afgelei word dat n sisteem n geïntegreerde geheel is met spesifieke grense. Die geheel bestaan egter uit n aantal dele (entities, elements, parts, objects, things, components) wat aan mekaar verwant is en wat met mekaar interreageer. Om die interaksie van die dele van die

sisteem effektief te laat plaasvind, is organisasie nodig. (organized whole).

Alhoewel van die definisies verwys na 'n grens om 'n sisteem (bounded regions in space), is die sisteem nie geïsoleer van die omgewing waarbinne dit bestaan nie. Chin (1976) se operasionele definisie van 'n grens lui soos volg:

"... the line forming a closed circle around selected variables, where there is less interchange of energy (or communication, etc.) across the line of the circle than within the delimiting circle " (p. 93).

Daar vind dus wel energieuitruiling plaas tussen 'n sisteem en sy omgewing, alhoewel dit minder is as die energieuitruiling wat binne die sisteem plaasvind.

#### 4.2.2 Omgewing

Die omgewing van 'n sisteem word gevorm deur daardie dinge wat 'n invloed uitoefen op die sisteem of die dinge wat deur die sisteem beïnvloed word. Die sisteem met sy omgewing vorm 'n universum (Van der Pas, 1973). Die onderverdeling van die universum in 'n omgewing en die sisteem kan op verskeie maniere plaasvind. Die keuse van 'n groepering elemente as 'n sisteem word bepaal na aanleiding van die doelstellings van die persoon wat die universum bestudeer (Hall en Fagen, 1968).

#### 4.2.3 Subsisteme, suprasisteme en hierargiese orde

n Sisteem kan verder onderverdeel word in subsisteme. Voorwerpe wat deel uitmaak van n bepaalde subsisteem kan terselfdertyd die omgewing wees van n ander subsisteem. Die idee dat sisteme onderverdeel kan word, gee aanleiding tot n hierargiese orde (Hall en Fagen, 1968). Subsisteme kan beskryf word as die verskillende aktiwiteite wat uitgevoer word binne n sisteem, terwyl sisteme weer die elemente is binne n suprasisteem. Elke sisteem het dus n suprasisteem behalwe die heelal. Die suprasisteem is n sisteem se onmiddellike omgewing, terwyl al die sisteme wat hierargies op n hoër vlak is, deel uitmaak van n sisteem se totale omgewing. Aangesien sisteme hierargies gerangskik is, kies n ondersoeker n bepaalde vlak om te ondersoek, afhangende van sy doel en sy perspektief (Ruben, 1972).

#### 4.2.4 Spanning en konflik

Wanneer die dele van n sisteem nie perfek geïntegreer is nie, verander en reageer op verandering nie, is die sisteem onderwerp aan spanning (Chin, 1976). Spanning wat nie deur die sisteem verwerk kan word nie, gee aanleiding tot konflik (Luttig, 1976).

#### 4.2.5 Ekwilibrium, bestendige toestand en homeostase

Volgens Chin (1976) word dit aanvaar dat 'n sisteem geneig is om 'n balans te bereik tussen die verskeidenheid kragte wat binne die sisteem teenwoordig is en die kragte wat van buite af daarop inwerk. Twee terme word gebruik om die balans te beskryf, naamlik "ekwilibrium" en "bestendige toestand" (steady state). As die balans wat bereik is, beskou word as 'n vaste punt of vlak, word daar verwys na "ekwilibrium".

"Bestendige toestand" daarenteen word gebruik om die gebalanseerde verhouding van dele, wat nie afhanklik is van enige vaste punt of vlak nie, te beskryf. Volgens Luttig (1970) word daar ook verwys na progressiewe bestendige toestande en nie-progressiewe bestendige toestande:

" By progressiewe bestendige toestande sal 'n versteuring in die bestendige toestand gevolg word deur 'n ander bestendige toestand, verskillend van die eerste een. Die sisteem het dan van een toestand na 'n ander ontwikkel. Ten opsigte van die nie-progressiewe bestendige toestand, keer die sisteem na 'n periode van omwenteling terug na sy vorige toestand. 'n Tipiese voorbeeld is liggaamstemperatuur wat na 'n siektetoestand terugkeer na normaal " (p. 13).

Nog 'n term wat verband hou met ekwilibrium en bestendige toestand is "homeostase". Cannon (1968) voel dat die woord "ekwilibrium" eerder tuis hoort by relatief eenvoudige fisies-chemiese toestande (geslote sisteme) waar 'n aantal kragte wat bepaal kan word in 'n gebalanseerde toestand verkeer. By lewende organismes (oop sisteme) is die gekoördi-

neerde fisiologiese prosesse wat 'n bestendige toestand handhaaf, egter so kompleks en uniek dat Cannon 'n ander term "homeostase" voorstel. Hierdie konsep omskryf volgens hom:

"... not ... something set and immobile, a stagnation. It means a condition - a condition which may vary, but which is relatively constant " (p. 258).

Buckley (1968) beweer dat 'n homeostatiese sisteem nie die hoëre kortikale funksionering van die organisme insluit nie. So 'n sisteem poog net om sy struktuur te handhaaf binne voorafbepaalde grense. Daar is wel energie- sowel as informasie-uitruiling met die omgewing, maar dit help slegs om die selfregulering van die sisteem te bevorder en nie om die sisteem te verander nie. 'n Komplekse sisteem, daarenteen, is oop na binne en na buite sodat die uitruiling van energie en informasie daartoe kan aanleiding gee dat daar beduidende veranderinge in die onderafdelings van die sisteem self kan plaasvind. Terugkoppelingsiklusse maak dit nie net vir so 'n sisteem moontlik om homself te reguleer nie, maar ook om homself te beheer sodat hy kan aanpas by 'n veranderende omgewing. So 'n sisteem kan dus sy struktuur uitbou of verander om te kan oorleef.

Dit is duidelik uit hierdie bespreking dat 'n homeostatiese sisteem gekenmerk word deur nie-progressiewe bestendige toestande terwyl Buckley se komplekse sisteem gekenmerk word deur progressiewe bestendige toestande.

#### 4.2.6 Oop en geslote sisteme

Oop en geslote sisteme is nog twee belangrike konsepte waaroor daar duidelikheid verkry moet word. Geslote sisteme kom meestal voor binne 'n anorganiese raamwerk. 'n Geslote sisteem word beskou as 'n sisteem wat geïsoleer is van sy omgewing (Von Bertalanffy, 1973). Waddington (1977) beskryf 'n geslote sisteem as 'n sisteem wat heeltemal ingesluit is binne 'n omhulsel, waardeur niks kan dring nie. Alle veranderinge vind dus slegs binne hierdie omhulsel plaas.

Lewende sisteme is altyd oop sisteme. Oop sisteme handhaaf 'n voortdurende wisselwerking met hul omgewing. Hulle hou hulself in stand deur middel van 'n voortdurende invloei en uitvloei en die opbou en afbreek van onderdele. So 'n sisteem bereik dus nooit, terwyl dit lewend is, ekwilibrium nie, maar handhaaf progressiewe bestendige toestande (Von Bertalanffy, 1973). In nog 'n artikel (1968) beskryf Von Bertalanffy die onderskeid tussen oop en geslote sisteme soos volg:

"... an open system will attain a steady state in which its composition remains constant, but in contrast to conventional equilibria, this constancy is maintained in a continuous exchange and flow of component material. The steady state of open systems is characterized by the principle of equifinality; that is, in contrast to equilibrium states in closed systems which are determined by initial conditions, the open system may attain a time-independent state, independent of initial conditions and determined only by the system parameters" (p.18).  
(Kursivering my eie.)

Entropie is ook 'n begrip wat gebruik kan word om verskille tussen oop en geslote sisteme aan te toon. Volgens Litterer (1969) word geslote sisteme gekenmerk deur die feit dat hulle afloop. Dit beteken dat verskille in energie tussen die verskillende dele van die sisteem verdwyn en dat al die dele geneig is om dieselfde energievlak te bereik. By 'n lewende sisteem word die toestand bereik met die dood. Volgens Von Bertalanffy (1968) is geslote sisteme geneig om entropie te vermeerder, sodat daar al hoe minder verskille bestaan tussen die dele van die sisteem en sodat al hoe minder orde moontlik is binne die sisteem. By oop sisteme is 'n toestand wat bekend staan as "negatiewe entropie" egter moontlik weens die energie wat hierdie tipe sisteem kan invoer vanuit sy supra-sisteem. Wanneer negatiewe entropie bewerkstellig is, kan 'n oop sisteem 'n hoër vlak van funksionering handhaaf en kan dit selfs ontwikkel na groter orde en kompleksiteit.

Litterer (1969) wys daarop dat daar 'n verband bestaan tussen negatiewe entropie en inligting en organisasie. As 'n oop-sisteem oor baie inligting beskik is die sisteem se negatiewe entropie hoog. As daar groot verskille bestaan tussen die dele waaruit die sisteem saamgestel is en as hierdie dele sistematies georden is, is die sisteem se negatiewe entropie ook hoog. Alhoewel alle sisteme geneig is om af te loop, hoef dit nie te gebeur met oop sisteme nie, omdat hulle invoere van energie of inligting vanuit hul omgewing kan absorbeer. Katz en Kahn (1966) beweer dan ook dat oop sisteme geneig is om meer energie in te voer as wat hulle benodig, sodat hulle negatiewe entropie kan bewerkstellig.


Allport (1960) beskou vier beginsels noodsaaklik vir die funksionering van 'n oop sisteem. Eerstens moet so 'n sisteem energie en materie kan opneem en lewer. Tweedens moet dit 'n bestendige toestand kan bereik en handhaaf sodat die invoere van energie vanuit die omgewing nie die sisteem se interne organisasie ernstig kan ontwrig nie. Derdens moet so 'n sisteem 'n toename in organisasie toon. Dit moet al hoe meer kompleks funksioneer en daar moet groter differensiasie tussen die dele ontwikkel. Vierdens moet daar veral by die mens nie net 'n invoer en lewering van energie en materie wees nie, maar 'n uitgebreide interaksie met die omgewing.

#### 4.2.7 Terugkoppeling

Dit blyk uit die voorafgaande gedeelte dat 'n oop of lewende sisteem voortdurend poog om inligting of energie te bekom. Dit moet ook 'n bestendige toestand kan bereik en handhaaf en inligting en energie met die omgewing uitruil. As dit nie daartoe in staat is nie, bereik die sisteem entropie en lei dit tot die dood by die lewende organisme (vgl. p. 109 ). Die oop sisteem moet hierdie uitruiling van energie en inligting met sy omgewing kan beheer. Hierdie beheer verkry die sisteem deur gebruik te maak van terugkoppeling.

Von Bertalanffy (1973) beskryf terugkoppeling deur te verwys na die volgende voorstelling van 'n sisteem:





The system comprises, first, a receptor or 'sense organ', be it a photoelectric cell, a radar screen, a thermometer, or a sense organ in the biological meaning. The message may be, in technological devices, a weak current, or, in a living organism, represented by nerve conduction etc. Then there is a centre recombining the incoming messages and transmitting them to an effector, consisting of a machine like an electromotor, a heating coil or solenoid, or of a muscle which responds to the incoming message in such a way that there is power output of high energy. Finally, the functioning of the effector is monitored back to the receptor, and this makes the system self-regulating, i.e. guarantees stabilization or direction of action" (p. 42). (Kursivering my eie.)

Volgens Von Bertalanffy (1973) is daar 'n groot aantal biologiese verskynsels wat ooreenstem met hierdie terugkoppelingsmodel. Homeostase is 'n voorbeeld van so 'n biologiese verskynsel. Dit is veral met die regulering van die temperatuur van die bloed by warmbloedige diere waar hierdie verskynsel duidelik waargeneem kan word. As die bloed se temperatuur byvoorbeeld afneem, word breinareas gestimuleer om boodskappe aan liggaamsdele te stuur wat hitte kan vrystel. Sodoende word 'n konstante temperatuur gehandhaaf. 'n Ander voorbeeld van terugkoppeling by die menslike sisteem is die proses wat daartoe lei dat iemand 'n potlood optel. Daar word eerstens 'n boodskap na die sentrale sensuweestelsel ge-

stuur om te sê wat die afstand is wat die persoon se hand moet beweeg om die potlood op te tel. As die aanvanklike afstand verkeerd geskat is, word hierdie inligting hersien totdat die persoon sy doel bereik het.

Hierdie voorbeelde toon die belangrike funksie wat terugkoppeling vervul tydens die interaksieproses wat voortdurend aan die gang is tussen 'n oop sisteem en sy omgewing.

#### 4.2.8 Kodering

Volgens Miller (1969) beskik lewende organismes oor 'n unieke proses, naamlik kodering. Met behulp van kodering is dit vir 'n oop sisteem moontlik om inligting sowel as energie met sy omgewing uit te ruil.

Kodering is volgens Rademeyer (1974) die een kenmerk wat die lewende sisteem van ander sisteme onderskei. 'n Lewende sisteem kan twee verskillende invoere met mekaar assosieer sodat beide aanleiding kan gee tot dieselfde respons. Deur van kodering gebruik te maak kan die lewende sisteem gebeurtenisse, voorwerpe en prosesse weergee as tekens of simbole. Dit is dan ook nie toevallig nie dat alhoewel die biologiese en sosiale wetenskappe albei gebruik maak van energie- sowel as informasieoordraging, die sosiale wetenskappe veral informasieoordraging beklemtoon (Miller, 1969).

### 4.3 DIE KIBERNETIKA

In die Psigologiewoordeboek (1978) word die begrip "Kibernetika" soos volg omskryf:

" n Interdissiplinêre teoretiese studie van die struktuur en funksies van informasieverwerkingsisteme. Sulke sisteme word gekenmerk deur die inset, verwerking en lewering van informasie. Die menslike sintuie, senuweenetwerke en die meganismes van oorerwing is voorbeelde van sulke sisteme. In die studie van kibernetika word veral klem gelê op kontrolemeganismes soos terugvoering" (p. 42). (Kursivering my eie.)

Soos blyk uit die voorafgaande bespreking van kernbegrippe in die Algemene Sisteemteorie, ruil lewende sisteme informasie uit met hul omgewing. In hierdie proses maak die lewende sisteem gebruik van terugkoppeling. Uit die bostaande omskrywing van die Kibernetika blyk dit dat dit n wetenskap is waarbinne informasieverwerkingsisteme bestudeer word. Hierdie sisteme word gekenmerk deur die inset, verwerking en lewering van informasie. Die Kibernetika beklemtoon ook die funksie van kontrolemeganismes soos terugkoppeling. Dit is dus duidelik dat daar n ooreenkoms is tussen die Kibernetika en die Algemene Sisteemteorie. Von Bertalanffy (1973) beskou die Algemene Sisteemteorie as die meer omvattende begrip waarvan die Kibernetika n onderafdeling is. Die Kibernetika het egter nie uit die Algemene Sisteemteorie ontwikkel nie, maar onafhanklik daarvan. Dit het veral beslag gekry as n onafhanklike wetenskap met die verskyning van Norbert Weiner se boek Cybernetics in 1948.

Die aanvanklike stimuli vir die daarstelling van die Kibernetika kom nie van die bestudering van lewende sisteme nie, maar het ontstaan weens ontwikkelings in die rekenaar-tegnologie, informasieteorie en die ontwerp van selfregulerende masjiene. Twee ander publikasies dra ook daartoe by om die Kibernetika te ontwikkel tot 'n selfstandige wetenskap, Shannon en Weaver se The Mathematical Theory of Communication (1949) wat handel oor die informasieteorie en Von Neumann en Morgenstern se Theory of Games and Economic Behavior (1953) wat handel oor spelteorie. Dit is egter veral Weiner wat daartoe bydra dat konsepte wat ontwikkel is in die Kibernetika ook toegepas word in die biologiese en sosiale wetenskappe (Von Bertalanffy, 1973).

Thoresen (1969) beweer dat kontrole die sentrale konsep is van die kibernetiese teorie en praktyk. Kontrole bestaan uit die prosedures, meganismes en persone wat binne die sisteem gebeurtenisse reguleer. Kontrole is nodig sodat daar stabiliteit binne die sisteem kan wees, asook om die informasie te lewer waarvolgens daar bepaal word watter veranderinge in die dele van die sisteem en sy doelstellings aangebring moet word. 'n Tweede konsep "terugkoppeling" verskaf die informasie wat nodig is om kontrole te kan uitoefen. Die belangrikste eienskap van terugkoppeling is dat dit die komponente wat terugkoppeling ontvang, verander. Terugkoppeling oefen dus kontrole uit op die onderafdeling van die sisteem. Informasievloei wat nie verandering teweegbring nie, is dus nie terugkoppeling nie.

Rademeyer (1974) beweer dat die Kibernetika, as die wetenskap oor kontrole binne komplekse sisteme deur middel van informasieterugkoppeling, noodsaaklik is vir 'n begrip van die interafhanklikheid van lewende sisteme en hul omgewing. 'n Komplekse lewende sisteem maak in sy interaksie met sy supra-sisteem staat op 'n kibernetiese siklus. As ons beweer dat 'n sisteem neig na ekwilibrium of 'n bepaalde eindtoestand (doel) en as ons aanvaar dat so 'n sisteem van informasieterugkoppeling kan gebruik maak om so 'n eindtoestand te bereik, kan ons beweer dat die wisselwerking tussen die informasie-inset en die sisteem se energielewering 'n beheersisteem vorm.

Rademeyer (1974) dui die belangrikste elemente van 'n beheersisteem soos volg aan: Eerstens word die bestendige toestand van die sisteem versteur deur bepaalde faktore. Die versteuring veroorsaak dat energie gelewer moet word voordat die sisteem kan terugkeer na 'n nuwe bestendige toestand. Hierdie neiging van die sisteem kan beskryf word as doelgerigte gedrag. Die sisteem kan egter net sy doel bereik as dit gebruik maak van informasieterugkoppeling. As daar gelet word op die faktore wat 'n rol speel tydens die kibernetiese siklus, word dit duidelik dat 'n sisteem nie 'n bestendige toestand kan bereik tensy informasieterugkoppeling gevolg word deur 'n gepaardgaande regstelling deur die sisteem nie. So 'n regstelling staan bekend as 'n strategiese handeling.

Terugkoppeling is so 'n belangrike konsep binne die raamwerk wat daargestel is deur die Kibernetika, dat dit baie noukeurig bestudeer is. Intensiewe studies het daartoe gelei

dat n onderskeid getref word tussen positiewe en negatiewe terugkoppeling. As n kontrolesisteam, soos n termostaat of die reëlaar van n stoomenjin, n stabiliserende invloed het - hitte in die eerste geval en spoed in die tweede - dan is die terugkoppeling negatief. Dit maak nie saak of dit die betrokke kwaliteit laat toeneem of afneem om die verlangde toestand te kan bereik nie. Die "fout" wat die kontrolesisteam probeer "regstel" kan of deur n "plus" of deur n "minus" reggestel word. Die kontrole wat in beide gevalle uitgeoefen word, staan bekend as negatiewe terugkoppeling (Mowrer, 1968). Negatiewe terugkoppeling voorkom dus verandering, daarom word die woord negatief gebruik (Van Veen en Van der Meulen, 1972).

Volgens Watzlawick et al. (1967) word negatiewe terugkoppeling gekenmerk deur homeostase of n bestendige toestand. Positiewe terugkoppeling gee egter aanleiding tot verandering en die gevolglike verlies van stabiliteit en ewilibrum. Gedurende positiewe terugkoppeling word die informasie wat verkry word, gebruik om die afwyking van die norm te ver groot. Die tipe terugkoppeling is positief in verhouding met die bestaande neiging van n sisteem na n toestand van ewilibrum. Volgens Mowrer (1968) kan positiewe terugkoppeling, reaksie in so n mate versnel dat dit lei tot n ontploffing - n voorbeeld hiervan is die kettingreaksie wat plaasvind in n atoombom. Die proses van positiewe terugkoppeling is volgens Maruyama (1968) afwyking-versterkend en hy verwys daarna as "morfogenese", terwyl die proses van negatiewe terugkoppeling volgens hom afwykend-teenwerkend is. Vir laasgenoemde proses gebruik hy

die term "morfofostase". Albei hierdie prosesse kan volgens Maruyama gebruik word om gebeurtenisse te verklaar. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat albei die terugkoppelingsmeganismes n proses is - dit is die proses eerder as die aanvangstoestand wat tot verskille aanleiding gee. n Sisteem kan op n bepaalde stadium deur n aantal afwyking-versterkende en afwyking-teenwerkende siklusse beïnvloed word. n Sisteem kan dus nie verstaan word nie, as al die kibernetiese siklusse wat dit beïnvloed sowel as die verhoudings tussen die siklusse nie in ag geneem word nie. Morfofostase is noodsaaklik vir die stabiliteit van n sisteem terwyl morfogenese nodig is vir groei en verandering. Die afwesigheid van een van hierdie prosesse kan lei tot die agteruitgang van n sisteem, terwyl albei hierdie prosesse tot wanaanpassing kan aanleiding gee as dit nie deur die ander proses gebalanseer word nie. n Sisteem ondervind dus probleme as daar te min variasie is of as dit te vinnig verander ( Murrell, 1973).

#### 4.4 DIE MENSLIKE PERSOONLIKHEID AS SISTEEM

##### 4.4.1 Inleiding

Uit die voorafgaande bespreking van die Algemene Sisteemteorie en die Kibernetika word dit duidelik dat die menslike persoonlikheid as n oop sisteem beskou kan word wat informasie uitruil met sy omgewing en wat deur middel van terugkoppeling doelgerig funksioneer. Rademeyer (1974) beskou die menslike persoonlikheid dan ook as n sisteem van interafhanklike elemente of subsisteme wat deel uitmaak van n groter, omvattende suprasisteem. Net soos alle ander lewende sisteme

word die menslike sisteem beïnvloed deur sy omgewing. Deur gebruik te maak van selfregulering en morfogenetiese groei is die menslike persoonlikheid egter ook in staat tot self-onderhouding en verbetering. Hierdie vermoë dui daarop dat daar by die mens 'n eie innerlike kontrolesisteem aanwesig is. Die mens se gedrag is dus nie net die resultaat van ekstrinsieke beïnvloeding deur sy suprasisteem nie, maar dit word ook gelei deur 'n eie intrinsieke kontrolesisteem.

Binne die raamwerk van die Behaviorisme is die invloed van subjektiewe ervaring op owerste gedrag 'n ruk lank geïgnoreer. 'n Benadering soos die Algemene Sisteemteorie, waarvolgens intrinsieke kontrole erken word, gee daartoe aanleiding dat die bestudering van innerlike meganismes weer deel kan uitmaak van die Sielkunde. So kan 'n konsep soos positiewe terugkoppeling gebruik word om die kumulatiewe effek van depressie, woedeuitbarstings en paranoïde gedrag te verklaar (Shibutani, 1968).

#### 4.4.2 Interpersoonlike kommunikasie

Die feit dat 'n lewende sisteem in staat is tot informasie-sowel as energieuitruiling met sy omgewing, veroorsaak dat kommunikasieteorie aansluiting vind by die Algemene Sisteemteorie. Volgens Thayer (1968) is kommunikasie 'n dinamiese proses wat onderliggend is aan die bestaan, groei, verandering en gedrag van alle lewende sisteme. Deur middel van kommunikasie maak die menslike persoonlikheid kontak met sy omgewing en word innerlike prosesse gekoördineer. Volgens Thayer is kommunikasie:



"... as fundamental to the living system ... as is ingestion and consumption of 'food' and 'fuel' to run its physical and physiological machinery " (p.17).

Binne die raamwerk wat verskaf word deur die Algemene Sisteem=teorie help n konsep soos "terugkoppeling" om interpersoon=like kommunikasie te verklaar. Aanvanklik is daar volgens Ruben (1972) aanvaar dat terugkoppeling n eenrigtingproses is - vanaf die lewering van die sisteem terug na sy inset. Daar is ook uitgegaan van die standpunt dat terugkoppeling slegs plaasvind binne die sisteem self en dus geïsoleer is van die omgewing en ander sisteme. Later is daar egter aanvaar dat terugkoppeling ook kan plaasvind as twee of meer interreagerende sisteme wederkerig met mekaar verbind is deur middel van inset en lewering, sodat die een sisteem se lewering die ander sisteem se inset is en andersom. Hierdie uiteensetting help om interpersoonlike kommunikasie te verklaar. Dit veronderstel dat kommunikasie wederkerig=kousaal is en dat daar n wederkerige kontrole en manupilasie is deur die persone wat met mekaar kommunikeer. Tradisionele terugkoppelingsgeoriënteerde kommunikasiemodelle het die proses van kommunikasie as n eenrigting, oorsaak-gevolg verhouding gesien - waar senders boodskappe formuleer en dit oor n kanaal stuur om sodoende n invloed op n ontvanger uit te oefen. Terugkoppeling is beskou as die informasie wat deur die sender gebruik is om sy beïnvloeding mee te kontro=leer. n Wederkerig=kousale raamwerk beklemtoon egter die feit dat dit die ontvanger is wat betekenis aan die bood=skap heg en dat dit dus hy is wat bepaal wat die invloed is van die kommunikasie.

Die feit dat dit die ontvanger is wat die invloed van die kommunikasie bepaal, sluit aan by Rademeyer (1974) se idee van 'n intrinsieke kontrolesisteen waarvolgens 'n individu doelgerig kan optree. Hy stel die volgende model van 'n interpersoonlike sisteem voor: A streef 'n doel na met betrekking tot B. A se gedrag teenoor B vind uiting in 'n strategiese handeling. B ervaar dit as terugkoppeling en evalueer dit in terme van sy eie doelgerigte gedrag. Hy reageer dus ook met 'n strategiese handeling wat deur A ervaar word as terugkoppeling. As die terugkoppeling toon dat A se strategie onsuksesvol is, moet hy 'n gekorrigeerde strategiese handeling uitvoer. As hy egter sy doel bereik, is dit nie nodig nie. Dieselfde geld vir B. Hierdie siklus van strategiese handeling sal alleenlik afwyking-teenwerkend wees (Maruyama, 1968) of anders gestel dit sal alleenlik lei tot die bereiking van 'n doel as A die doelstellings van B korrek kan waarneem en 'n strategiese handeling kan uitvoer wat dit in ag neem en andersom. Uit die voorafgaande uiteensetting is dit duidelik dat A en B voortdurend poog om mekaar se gedrag te kontroleer, sodat hulle hul onderskeie doelstellings kan bereik.

#### 4.4.3 Selfopenbaring

Die individu se intrinsieke kontrolesisteen speel 'n belangrike rol in die tipe gedrag wat hy mag openbaar. So kan die persoonlikheid homeostase of 'n nie-progressiewe bestendige toestand handhaaf deur op terugkoppeling te reageer met strategieë wat afwyking teenwerk. By 'n onstabiele persoonlikheid kan homeostase dan ook bereik word deur die beskik-

bare inligting onrealisties te selekteer. By n persoon wie se selfbeeld aangetas is, kan negatiewe terugkoppeling lei tot weerstand teen verandering (Luttig, 1976).

Dit is dus moontlik om te postuleer dat n persoon wat homself nie kan openbaar nie n nie-progressiewe toestand handhaaf deur gebruik te maak van n aantal strategieë wat afwyking teenwerk. Hy verkeer in n morfostatiese toestand en daar is gevolglik min psigiese groei by hom aanwesig. So n persoon kan as n relatief geslote sisteem beskou word wat min informasie uitruil met sy omgewing. Na aanleiding van die model van n interpersoonlike sisteem wat deur Rademeyer (1974) voorgestel is, kan sy kommunikasie met ander persone soos volg voorgestel word: Sy doel tydens sy interaksie met andere is om n woortdurende vals voorstelling van homself voor te hou. Sy strategiese handeling is dus om onwaarhede te vertel en om sy ware gevoelens, wense, herinneringe en planne te verswyg. Persone met wie hy n interpersoonlike sisteem vorm, ervaar hierdie tipe gedrag as oneg en kan nie sy ware doelstellings bepaal nie. Dit gee daartoe aanleiding dat die interpersoonlike sisteem beëindig word en verhinder dat daar enige groei in so n persoon se persoonlikheidsisteem plaasvind.

#### 4.5 OMSKRYWING VAN TEGNIEKE WAT GEBRUIK KAN WORD OM SELFOPENBARING TE BEWERKSTELLIG

Tydens navorsing oor maniere waarop selfopenbaring verbeter kan word (vgl. pp. 33 - 40 ), is gevind dat videoband=modellering met sukses aangewend kan word om dit te bewerk=stellig. Navorsing oor die aanleer van sosiale vaardighede toon dat die effek van modellering verhoog kan word, deur gebruik te maak van gedragsrepetisie (vgl. p.50 ). Oor 'n ander tegniek wat moontlik aangewend kan word om sosiale vaardighede te verbeter, naamlik videobandterugkoppeling, bestaan daar egter heelwat onsekerheid (vgl. pp. 85 - 97).

Alhoewel daar nie altyd sukses behaal is met videobandterugkoppeling nie, is terugkoppeling 'n belangrike faset van die kibernetiese siklus. Speer (1970) beweer dan ook dat daar veral staat gemaak moet word op belewenismatige primêre en sekondêre terugkoppelingstegnieke om groei te bewerkstellig by 'n persoon wat weerstand teen groei en verandering ondervind. Hy bevind dat die waarde van terugkoppelingstegnieke wat selfbewuswording bewerkstellig, nog nie klinies ondersoek is nie. Hy is egter baie beïndruk met die effek wat hierdie tegnieke het op rigiede, uitgediende en selfverdelende reëls en kommunikasiepatrone wat aanleiding gee tot interpersoonlike vervreemding. Volgens hom kan die positiewe effek van die tegnieke veral toegeskryf word aan die feit dat 'n persoon blootgestel word aan 'n wyer spektrum van basiese interpersoonlike ervarings, as wat voorheen die geval was.

Navorsers wil probeer om die tipe interpersoonlike sisteem, wat bestaan by persone wat hulself nie kan openbaar nie, te verander in die tipe interpersoonlike sisteem wat hierbo beskryf is (vgl. p.120 ). Navorsers wil van videobandmodellering, gedragsrepetisie en videobandterugkoppeling gebruik maak om dit te bewerkstellig. Die omgewing of suprasisteem waarbinne hierdie tegnieke aangewend gaan word, kan gedefinieer word as 'n mikrovoorligtingsituasie. 'n Videobandmodel sal eerste aangewend word, omdat videobandmodellering 'n doelwit vir verandering daarstel (Walter, 1975). Dit bied ook 'n strategie wat deur die waarnemer nagevolg kan word. Videobandmodellering behoort dus nie weerstand teen verandering by 'n homeostatiese persoonlikheid te veroorsaak nie, omdat hierdie strategie nie interpersoonlike eise aan hom stel nie.

Videobandterugkoppeling sal dan eers aangewend word, nadat die persoon die nuwe strategie, wat deur die videobandmodel aan haar gebied is, geoefen het deur gebruik te maak van gedragsrepetisie. Sodoende sal die weerstand teen verandering wat videobandterugkoppeling veroorsaak by homeostatiese persoonlikhede (Luttig, 1976; Pompe van Meerdervoort, 1976) verminder word.

Binne die raamwerk wat die Algemene Sisteemteorie bied, kan videobandterugkoppeling gesien word as 'n vorm van informasie-terugkoppeling wat 'n persoon in staat stel om die strategiese handeling waarvan hy gebruik maak in sy sosiale interaksie, waar te neem. Hy kan ook sien watter effek sy eie strategiese

handelinge op ander persone het en of die persepsies waarop hy sy handelinge gebaseer het, geldig is (Rademeyer, 1974). Die proefpersoon wat reeds 'n nuwe strategiese handeling met behulp van videobandmodellering en gedragsrepetisie aangeleer het, behoort videobandterugkoppeling as negatiewe terugkoppeling te ervaar. Dit sal hom dus help om sy eie strategiese handelinge in ooreenstemming te bring met die strategiese handelinge van die model. Indien hy nie daarin slaag om hierdie doelwit te bereik nie, sal hy van korrektiewe strategieë moet gebruik maak, totdat hy suksesvol is.

In die volgende hoofstuk sal die teoretiese raamwerk wat in hierdie hoofstuk daargestel is, gebruik word om 'n paar hipoteses te formuleer. Die metode wat gevolg sal word om hierdie hipoteses eksperimenteel te ondersoek, sal dan bespreek word.

## HOOFSTUK 5

### METODE

#### 5.1 ALGEMENE METODOLOGIESE STRATEGIE

In die voorafgaande gedeelte is daar bewyse aangevoer dat selfopenbaring n vaardigheid is wat bydra tot n persoon se geestesgesondheid. Daar is toe twee tegnieke uitgelig waarmee n individu se selfopenbaring verbeter kan word, naamlik videobandmodellering plus gedragsrepetisie en videobandterugkopeling. Daar is ook gevind dat van hierdie tegnieke veral by homeostatiese persoonlikhede weerstand teen verandering veroorsaak en dat dit dus n aspek is wat verder ondersoek behoort te word.

So n benadering, waarin n aantal spesifieke veranderlikes uitgelig word vir verdere ondersoek, voldoen aan die vereistes wat Bergin (1971) stel by die bestudering van die terapeutiese proses. Hy druk homself soos volg hieromtrent uit:

" It is essential that the entire therapeutic enterprise be broken down into specific sets of measures and operations, or in other words, be dimensionalized. Otherwise there will continue to be little progress. What progress has occurred in recent years has come from the isolation of potent, specific variables from the broad milieu of events occurring in therapeutic practice " (p. 253).

Bergin en Strupp (1970) kom tot 'n soortgelyke slotsom na 'n omvattende literatuurstudie en konsultasies met navorsers in die terapeutiese veld:

"... new departures appear called for. As we see it, this means a movement away from the gross, complex, and relatively nonspecific traditional therapeutic operations. Stated positively, we must achieve greater specificity and, concomitantly, greater power in the sense of making therapeutic operations and strategies count therapeutically " (p. 17).

Bergin en Strupp (1970) vind dat die individuele gevallestudie en die eksperimentele analoë studie die twee strategieë is wat op hierdie stadium die meeste belofte vir verdere navorsing inhou.

In die kliniese praktyk is dit moeilik om 'n beperkte aantal spesifieke veranderlikes vir navorsingsdoeleindes te isoleer. Die isolasie en manipulasie van veranderlikes, wat 'n invloed uitoefen op bepaalde optredes, is egter moontlik onder behoorlik gekontroleerde laboratoriumtoestande. Hierdie soort navorsing staan bekend as laboratoriumnavorsing as 'n analoog vir terapeutiese behandeling of kortliks as 'n analoë studie. Daar is dan ook al heelwat gebruik gemaak van analoë navorsingstudies om 'n groot aantal spesifieke veranderlikes te bestuur (Heller, 1971).

'n Kritiek wat dikwels ingebring word teen analoë navorsing is die mate waarin hierdie tipe studie bydra tot 'n begrip van die terapeutiese proses en sukses in die kliniese praktyk (Bernstein en Paul, 1971; Borkovec en O'Brien, 1976;



Heller, 1971). Daar word egter aanvaar dat analoë studies noodsaaklik is en dat hierdie tipe studie 'n skakel vorm tussen die aanvanklike navorsing en teoretiesering en die kliniese praktyk.

Twyfel wat bestaan oor die eksterne geldigheid van die resultate van analoë studies, kan volgens Kazdin (1978) opgelos word as die omstandighede waaronder die navorsing plaasvind, vergelyk word met die toestande wat voorkom in die situasies waarheen daar veralgemeen word. Vir hom is die belangrikste vraag tydens die evaluering van jou bevindings nie of jy analoë navorsing doen nie, omdat:

" An investigation invariably will be an analogue by the very nature of experimental research. The alternative questions of interest seem to be the extent to which treatment research deviates from the clinical situation, among what dimensions, and whether the manner in which there are differences makes research a relatively strong or weak test of treatment in relation to the likely results in a clinical situation" (pp. 684 - 685).

Hy bevind dat analoë navorsing op die volgende dimensies mag verskil van die kliniese praktyk: die probleemarea wat ondersoek is, die kliënte (proefpersone) en die wyse waarop hulle gewerf is, die terapeute, die behandelingsmetodes wat gebruik word, die kliënte se ingesteldheid, die plek waar die behandeling plaasvind, verskille in behandeling en die wyse waarop verandering bepaal word. Elk van hierdie dimensies vorm 'n kontinuum van waar daar min of geen ooreenkoms is tussen die studie en die kliniese praktyk na waar daar baie ooreenkoms is.

Elke ondersoek kan dus op die dimensies waar dit met die kliniese praktyk ooreenkom, beoordeel word. 'n Groot ooreenkoms tussen die studie en die praktyk gee egter nie noodwendig aanleiding tot 'n groter veralgemening van die resultate nie. Daar moet empiries bepaal word of die resultaat van die studie op 'n bepaalde dimensie, toepaslik veralgemeen kan word na die praktyk.

Kazdin maak aan die einde van sy studie die volgende belangrike stelling:

" Laboratory treatment research that differs from clinical treatment may not necessarily provide a less stringent test of treatment. Indeed, for some dimensions, laboratory research may provide a more conservative test, and changes found in the laboratory may be even more likely to obtain in the clinical setting" (p. 685).

In hierdie studie sal die effek van 'n aantal terapeutiese tegnieke op die selfopenbaring van homeostatiese persoonlikhede in 'n analoë terapeutiese situasie ondersoek word. Daar is besluit om van 'n analoë studie gebruik te maak omdat daar met hierdie tipe studie gefokus kan word op 'n spesifieke, gedefinieerde probleem onder gekontroleerde omstandighede. 'n Analoë studie gee aanleiding tot 'n groot mate van interne geldigheid omdat proefpersone ewekansig aan die verskillende behandelingsmetodes onderwerp kan word. Daar kan ook geldig veralgemeen word na die kliniese praktyk as die beginsels wat hierbo uiteengesit is (Kazdin, 1978) in gedagte gehou word.

## 5.2 PROBLEEMSTELLING

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek kan die probleem soos volg geformuleer word:

Wat is die effek van videobandmodellering plus gedragsrepetisie en videobandterugkoppeling as strategieë op die selfopenbaring van homeostatiese persoonlikhede?

Die strategieë wat navorser in hierdie ondersoek gaan gebruik, kom ooreen met die sisteme van Ivey en Carkhuff en Truax wat reeds bespreek is. Alhoewel die sosiale leerteorie van Bandura 'n goeie rasioneel bied vir die tegnieke wat gebruik is, is daar probeer om sekere probleme uit te stryk deur gebruik te maak van die Algemene Sisteemteorie as 'n oorkoepelende teoretiese rasioneel en dan veral met die kibernetika as uitgangspunt.

As die basiese probleme wat met hierdie strategieë ondervind word in gedagte gehou word, kan daar nou 'n aantal hipoteses geformuleer word:

### 5.2.1 Videobandmodellering plus gedragsrepetisie:

Die kibernetika lê klem op doelgerigte gedrag, strategiese handeling en terugkoppeling as die belangrikste elemente van 'n beheersisteam (vgl. pp. 113 - 117). Inligting wat verskaf word tydens videobandmodellering dien as inset vir die waarnemer (sisteam). Sy tree dus doelgerig op om die gemodelleerde

gedrag te probeer naboots deur gebruik te maak van die gemodelleerde strategiese handeling. Die videobandmodel toon nie net die doelwit wat nagestreef moet word nie, maar ook die strategiese handeling wat aangewend kan word om die doelwit mee te bereik. Die waarnemer leer dus deur middel van hierdie tegniek nuwe gedrag aan. Gedragsrepetisie bied die waarnemer die geleentheid om haar nuwe strategiese handeling te herhaal totdat sy dit korrek kan uitvoer. Gedurende hierdie proses help 'n proses van negatiewe terugkoppeling haar om gekorrigeerde strategiese handeling uit te voer. Op grond van hierdie uiteensetting kan die volgende hipotese dus geformuleer word:

HIPOTESE 1 Videobandmodellering plus gedragsrepetisie sal min weerstand teen verandering laat ontstaan by homeostatiese persoonlikhede en sal dus hul selfopenbaring verbeter.

### 5.2.2 Videobandterugkoppeling

Hierdie tegniek beklemtoon doelgerigte gedrag en terugkoppeling tydens die kibernetiese kringloop. 'n Doelwit word aan die proefpersoon voorgehou deur aan haar te verduidelik wat selfopenbaring behels (Sien Bylae A.) Omdat daar egter nie 'n model is wat die strategiese handeling modelleer nie, sal sy haar eie strategiese handeling moet beplan. Sy kry ook nie die geleentheid om die strategiese handeling te oefen nie. Sy kry egter die geleentheid om die strategiese handeling wat sy gebruik, waar te neem. Indien sy nie die strategiese handeling korrek kan uitvoer nie, sal sy haar bestaande strategiese handeling as negatiewe terugkoppeling ervaar en

dus weerstand teen verandering toon. Aangesien n homeostatiese persoonlikheid n relatief geslote sisteem is, wat geneig is om as n nie-progressiewe bestendige toestand te handhaaf (vgl. pp. 120 - 121), sal die tipe persoonlikheid weerstand teen verandering toon. Op grond van hierdie uiteensetting kan die volgende hipotese dus geformuleer word:

HIPOTESE 2 Videobandterugkoppeling sal weerstand teen verandering laat ontstaan by homeostatiese persoonlikhede en sal dus nie hul selfopenbaring verbeter nie.

### 5.2.3 Die kombinasie van videobandmodellering plus gedragsrepetisie en videobandterugkoppeling

Hierdie tegniek betrek al drie die basiese elemente van die kibernetiese kringloop. Videobandmodellering verskaf n doelwit sowel as strategiese handeling waarmee die doelwit bereik kan word. Gedragsrepetisie bied die geleentheid om die strategiese handeling te oefen, terwyl videobandterugkoppeling die individu deur middel van negatiewe terugkoppeling die kans bied om haar eie strategiese handeling in ooreenstemming te bring met die strategiese handeling van die model. Aangesien hierdie opset homeostatiese persoonlikhede voorsien van n strategiese handeling en hul boonop n geleentheid bied om dit te oefen voordat hulle gekonfronteer word met terugkoppeling, behoort hulle nie weerstand teen die nuwe strategiese handeling te toon nie. Die volgende hipotese kan dus geformuleer word:

HIPOTESE 3 Videobandmodellering plus gedragsrepetisie, gekombineer met videobandterugkoppeling, behoort min weerstand by homeostatiese persoonlikhede te laat ontstaan en sal dus bydra tot die verbetering van hul selfopenbaring.

### 5.3 EKSPERIMENTELE ONTWERP

Ten einde die hipotese wat so pas gestel is operasioneel te maak, is daar in hierdie eksperimentele studie van twee strategieë (as onafhanklike veranderlikes) gebruik gemaak. Hierdie twee strategieë bestaan uit videobandmodellering plus gedragsrepetisie en videobandterugkoppeling. Die strategieë is ook gekombineer sodat videobandterugkoppeling gevolg het op videobandmodellering plus gedragsrepetisie. Die afhanklike veranderlike in hierdie studie is selfopenbaring. Die effek van die genoemde strategieë op selfopenbaring is gemeet deur middel van 'n vyfpunt-skaal wat deur Carkhuff (1969 a) ontwerp is.

Die navorsingsmodel, 'n 2 x 2 faktoriale ontwerp, sal later bespreek word. Die afhanklike en onafhanklike veranderlikes, die navorsingsmodel wat gevolg is en die samestelling van die steekproef gaan nou bespreek word.

#### 5.3.1 Onafhanklike veranderlikes (Strategieë)

Die eerste strategie wat in hierdie ondersoek gebruik is, is videobandmodellering plus gedragsrepetisie. Daar is op 'n kombinasie van hierdie twee tegnieke besluit omdat studies

deur McFall en Lillesand (1971) en Young et al. (1973) getoon het dat gedragsrepetisie die effek van modellering verbeter.

Die model wat gebruik is, is 'n verwerking van 'n model wat ontwikkel is deur Goldstein (1973). In die keuse en ontwikkeling van die model is daar gepoog om te voldoen aan die vereistes wat Goldstein, Sprafkin en Gershaw (1976) aan 'n model stel (vgl. pp. 64 - 65). In die model wat ontwikkel is, voer 'n vroulike terapeut 'n onderhoud met 'n vroulike pasiënt. Daar is besluit om twee dames te gebruik in die model omdat die proefpersone almal vroulik was. Tydens die onderhoud maak die terapeut gebruik van selfopenbaring om die weerstand teen selfopenbaring, wat aanvanklik by die pasiënt aanwesig is, te oorkom. Die terapeut openbaar haarself namate die onderhoud vorder al hoe meer, terwyl die pasiënt al hoe meer positief reageer daarop. (Sien bylae B.)

Navorsers het besluit dat 'n videobandmodel die beste keuse is vir die studie, omdat so 'n model lei tot beter kontrole oor hierdie veranderlike (vgl. pp. 65 - 66). Die rol van die terapeut is vertolk deur 'n jong dame wat geregistreer is as Kliniese Sielkundige en wat opleiding gehad het in Drama en Toneel, terwyl die rol van die pasiënt vertolk is deur 'n bekwame toneelspeelster met 'n graad in Drama en Toneelkunde. Nadat 'n geskrewe model ontwikkel is, is dit deur die twee aktrises gememoriseer en herhaaldelik geoefen totdat hulle hul rolle eg en natuurlik, vertolk het. 'n Aantal videobandopnames is gemaak en die beste een is geselekteer en is as model gebruik. Die duur van die videobandmodel is 18 minute en 20 sekondes.

Daar is vyf onderbrekings van 'n minuut op die videoband. Die proefpersoon hoor dan 'n stem wat vra, "Wat sal jy sê?" Die stem gee ook 'n nommer. Die proefpersoon moet dan die nommer en haar respons op 'n vel papier neerskryf. Daar is van haar verwag om 'n selfopenbarende respons neer te skryf. Sy moes haarself verbeel dat sy die terapeut is as sy dit doen. Hierdie prosedure is beskou as koverte gedragsrepetisie, 'n prosedure wat veral van waarde is met die aanleer van simboliese take (vgl. p. 70).

Nadat die proefpersoon na die videobandmodel gekyk het, is die response wat sy neergeskryf het, weer saam met haar deurgegaan deur navorser. Hy het haar gevra watter een van die response kom die meeste ooreen met 'n beskrywing van selfopenbaring wat vooraf aan al die proefpersone gegee is. (Sien bylae A.) Sy is toe gehelp om die respons, as dit nog nie selfopenbarend is nie, te verander na 'n respons wat wel selfopenbarend is. Daarna is aan haar gesê dat sy haar moet verbeel dat sy 'n sielkundige is wat 'n onderhoud voer met 'n pasiënt. Die rol van die pasiënt is dan vertolk deur navorser. Die selfopenbarende respons en as daar tyd oor was, 'n gedeelte van 'n onderhoud waarin die proefpersoon verder gebruik maak van selfopenbaring, is toe deur die proefpersoon geoefen onder toesig van navorser. Hierdie gedeelte van die strategie het vyf minute geduur.

Die tweede strategie wat in hierdie ondersoek gebruik is, is videobandterugkoppeling. In hierdie studie word videobandterugkoppeling beskou as die terugspeel van 'n videoband=



opname van die proefpersoon se eie optrede tydens 'n diadiese interaksieproses. Tydens hierdie interaksieproses het die proefpersoon die rol van 'n helper vertolk, terwyl 'n akteur die rol van 'n kliënt vertolk het. Voordat die videobandopname gemaak is, is 'n kort bespreking, oor wat selfopenbaring deur 'n terapeut behels, aan die proefpersoon voorgehou. (Sien bylae A.) Voor die videobandopname aan die proefpersoon teruggespeel is, is die volgende opdrag aan haar gegee:

" Jy gaan nou weer na die onderhoud wat jy so pas gevoer het, kyk. Probeer om te kyk hoe oop en eerlik jy met jou eie ondervindings en gevoelens was en probeer om te dink waar jy van jou eie ondervindings en gevoelens kon gebruik maak om die ander persoon te help."

Daar is gepoog om deur middel van hierdie opdrag, en die voorafgaande beskrywing van wat selfopenbaring deur 'n terapeut behels, die videobandterugkoppeling te struktureer.

Die derde strategie wat in die studie gebruik is, is 'n kombinasie van die strategieë wat reeds bespreek is. Die proefpersone het egter eers die videobandmodel gesien en die verlangde response met behulp van gedragsrepetisie geoefen, voordat die videobandterugkoppeling plaasgevind het.

### 5.3.2 Afhanklike veranderlike (Selfopenbaring)

Vir die doel van hierdie ondersoek kan selfopenbaring omskryf word as die eerlikheid en oopheid van 'n persoon oor haarself.

Op 'n hoë vlak van selfopenbaring kan 'n persoon persoonlike idees bespreek en maklik praat oor persoonlike houdings, bekommernisse en ondervindings. So 'n persoon gee die indruk dat sy deur haar eie ondervinding geleer het om haarself en die wêreld om haar te verstaan en dat sy gewillig is om dit wat sy uit haar ondervinding geleer het, aan te wend om ander persone te help. Iemand wat op 'n lae vlak van selfopenbaring funksioneer, probeer om nie oor haarself te praat nie en as sy dit wel doen, hou dit nie verband met die behoeftes van die persone met wie sy 'n gesprek voer nie.

Die maatstaf wat gebruik is om selfopenbaring mee te meet, is 'n skaal wat deur Carkhuff (1969 a) ontwikkel is. Die geldigheid daarvan is gedurende navorsing deur Carkhuff en sy medewerkers bewys. Die skaal is so ontwerp dat dit sonder moeite gebruik kan word om interpersoonlike prosesse te evalueer.

Die skaal is verdeel in vyf vlakke van selfopenbaring, waarvolgens hierdie vaardigheid geëvalueer kan word. Die vyf vlakke van selfopenbaring word soos volg deur die skaal omskryf:

Vlak 1: Dit wil voorkom of die helper aktief probeer om afsydig te bly teenoor die persoon wat hy help en hy openbaar geensins sy eie gevoelens of persoonlikheid aan hom nie. As hy homself wel openbaar, doen hy dit op 'n manier wat nie gemik is op die persoon wat hy help se belange nie en mag hy selfs so 'n persoon se algemene vooruitgang vertraag.

Voorbeeld: Die helper mag onbeholpe of met vaardigheid pro=

beer om die persoon wat hy help te verhoed om te fokus op vrae wat gaan oor die helper as persoon; of sy selfopenbarings mag die ego van die ander persoon skade berokken en dit mag uiteindelik daartoe lei dat die ander persoon vertrouwe in hom verloor.

Opsommend: Die helper probeer aktief om 'n dubbelsinnige en onbekende faktor te bly vir die persoon wat hy help, of as hy homself openbaar, doen hy dit primêr om sy eie behoeftes te bevredig en gee hy geen aandag aan die behoeftes van die persoon wat hy probeer help nie.

Vlak 2: Alhoewel dit nie voorkom asof die helper aktief besig is om selfopenbaring te vermy nie, verskaf hy ook nie vrywillig inligting van 'n persoonlike aard nie.

Voorbeeld: Die helper mag kortliks oor homself praat na 'n direkte vraag deur die persoon wat hy behulpsaam is; hy doen dit egter aarselend en gee nooit meer inligting as die waarop die ander persoon aandring nie.

Opsommend: Die persoon wat gehelp word vra nie uit oor die persoonlikheid van die helper nie en indien hy dit wel doen repondeer die helper met die absolute minimum, meestal kort, vae en oppervlakkige antwoorde.

Vlak 3: Die helper kommunikeer vrywillig persoonlike inligting wat inpas by die persoon wat hy behulpsaam is se behoeftes. Die inligting is egter dikwels vaag en gee slegs

n geringe aanduiding van die unieke persoonlikheid van die helper.

Voorbeeld: Alhoewel die helper vrywillig persoonlike inligting verskaf en alhoewel hy nooit die indruk skep dat hy nie meer oor homself wil openbaar nie, is die inhoud van sy gesprek gewoonlik reaksies op die persoon wat hy help se mededelings of sy indrukke oor hoe hulle interreageer.

Opsommend: Die helper praat oor meer abstrakte en persoonlike idees wat verband hou met die persoon wat hy help se belangstellings. Hierdie idees help egter nie om sy unieke persoonlikheid na vore te bring nie. Vlak 3 is die minimum vlak vir meehelpende interpersoonlike funksionering.

Vlak 4: Die helper verskaf vrywillig en maklik inligting oor sy persoonlike idees, houdings en ondervindings. Die inligting hou verband met die persoon wat hy help se belangstellings en bekommernisse.

Voorbeeld: Die helper bespreek persoonlike idees in diepte en in besonderhede en hierdie uitlatings openbaar hom as n unieke persoon.

Opsommend: Die helper is vry en spontaan en verskaf vrywillig persoonlike inligting. Terwyl hy daarmee besig is, openbaar hy op n konstruktiewe wyse intieme besonderhede oor veral sy gevoelens, waardes en die dinge waarin hy glo.

Vlak 5: Die helper verskaf vrywillig baie intieme en gede= taileerde inligting oor sy eie persoonlikheid. Terwyl hy dit doen, neem hy die ander persoon se behoeftes in ag. Die inligting wat hy verskaf mag onder verskillende omstandig= hede, en as dit aan n buitestaander vertel word, n bron van verleentheid wees.

Voorbeeld: Die helper gee die indruk dat hy niks terughou nie en dat hy sy gevoelens en idees heeltemal openbaar aan die persoon wat hy behulpsaam is. As van die gevoelens negatief ingestel is teenoor die ander persoon, gebruik die helper die gevoelens konstruktief as n basis vir n ope= ondersoek.

Opsommend: Die helper funksioneer konstruktief op die intiemste vlakke van selfopenbaring.


### 5.3.3 Die ontwerp

Die navorsingsmodel wat in hierdie ondersoek gebruik is, word deur Kiesler (1971) beskryf as n algemeen manipulerende studie. Hy beskryf die basiese strategie wat in hierdie tipe navorsing gevolg word soos volg:

" The basic strategy in this research is to experimentally manipulate (vary) one or more variables while holding other relevant variables constant, so as to determine the differential effects of the manipulated treatment(s) " (p. 56).


Dié soort navorsing is ontwerp sodat die navorser tot die slotsom kan kom dat sy manipulasie van die onafhanklike veranderlike(s) aanleiding gegee het tot die veranderinge in die afhanklike veranderlike(s). Hierdie veronderstelling kan diagrammaties soos volg voorgestel word:

FIGUUR 5.1



In hierdie ondersoek kan die bostaande ontwerp diagrammaties soos volg voorgestel word:

FIGUUR 5.2



Daar word vier groepe gebruik in hierdie ontwerp. Die betekenis van die simbole is soos volg:

- V̄ - Groep wat nie videobandterugkoppeling ontvang het nie.
- V - Groep wat videobandterugkoppeling ontvang het.
- M̄ - Groep wat nie videobandmodellering plus gedragsrepetisie ontvang het nie.
- M - Groep wat videobandmodellering plus gedragsrepetisie ontvang het.

In figuur 5.1 dui die R aan dat die proefpersone wat in hierdie ondersoek gebruik is ewekansig in die eksperimentele groepe verdeel is. X dui die onafhanklike veranderlikes aan, terwyl die afhanklike veranderlike deur Y aangedui word. Daar is vier eksperimentele groepe in hierdie studie gebruik, naamlik:

- V̄M̄ - n Kontrolegroep;
- V̄M - die groep wat n videomodel plus gedragsrepetisie ontvang het;
- V̄M̄ - die groep wat videobandmodellering ontvang het en
- V̄M - die groep wat videobandterugkoppeling, videobandmodellering en gedragsrepetisie ontvang het.

Volgens Kerlinger (1973) is hierdie tipe ontwerp vir die meeste navorsingstudies in die Sielkunde en die Opvoedkunde die beste ontwerp. Omdat die proefpersone ewekansig aan die vier verskillende groepe toegewys is, word alle onafhanklike veranderlikes teoreties gekontroleer. Dit gee aanleiding tot interne geldigheid. Daar is met hierdie tipe studies egter nie altyd eksterne geldigheid nie. Aangesien die populasie waaruit die proefpersone vir hierdie ondersoek ewekansig getrek is, tweede- en derdejaar Siel=

kunde studente met lae liggaamsgrenstellings is, sal die resultate dus nie veralgemeen kan word na ander populasies nie. n Ander voordeel verbonde aan hierdie tipe ontwerp is dat daar gebruik gemaak word van n kontrolegroep.

Kontrole word ook verkry deur die feit dat vier groepe met mekaar vergelyk kan word. Die ontwerp stel die navorser dus in staat om die resultate van die strategieë afsonderlik en in kombinasie met mekaar te vergelyk. Aangesien die aanwending van die onderskeie strategieë direk opgevolg is deur die interaksieproses (wat later geëvalueer is vir die vlak waarop selfopenbaring plaasgevind het) word die effek van die onttrekking van proefpersone uit die eksperimentele opset heeltemal uitgeskakel. Dit gee volgens Campbell (1957) daartoe aanleiding dat die eksperimentele groep verteenwoordigend is van die populasie waaruit hul ewekansig gekies is. Campbell beskou hierdie ontwerp as n "Posttest- only Control Group Design " (pp. 303 - 306). Dit is n baie goeie ontwerp omdat die resultate van die eksperiment nie beïnvloed word deur toetse wat vooraf op die proefpersone afgeneem word nie.

#### 5.3.4 Steekproef

In hoofstuk vier is oop en geslote sisteme reeds bespreek. Daar is genoem dat lewende sisteme (wat die menslike persoonlikheid insluit) altyd oop sisteme is. Daar is ook daarop gewys dat die persoonlikheid n homeostatiese of n nie-progressiewe bestendige toestand kan handhaaf deur op terugkoppeling te reageer met strategieë wat afwyking teenwerk (vgl. pp. 120 - 121). Veral by onstabiele persoonlikhede kan homeostase



bereik word deur die beskikbare inligting onrealisties te selekteer. By 'n persoon wie se selfbeeld aangetas is, kan negatiewe terugkoppeling ook lei tot weerstand teen verandering (Luttig, 1976). Daar is toe geteoretiseer dat 'n persoon wat homself nie kan openbaar nie, 'n nie-progressiewe (of homeostatiese) toestand handhaaf deur gebruik te maak van strategieë wat verandering teenwerk. So 'n persoon is dus beskou as 'n relatief geslote sisteem wat min informasie uitruil met sy omgewing - met ander woorde iemand wat homself nie kan openbaar nie. Navorser het dus besluit om proefpersone te gebruik met relatief geslote (homeostatiese) persoonlikhede, sodat die strategieë wat navorser wil evalueer, toegepas kan word op persone wat nog nie oor die verlangde vaardigheid beskik nie.

Dit is moontlik om homeostatiese persoonlikhede te selekteer as 'n prosedure wat deur Fisher en Cleveland (1968) ontwikkel is, gebruik word. Hierdie skrywers het bevind dat daar 'n verband bestaan tussen 'n persoon se selfkonsep en die wyse waarop hy sy eie liggaam beleef. Hulle het in die loop van hul navorsing oor hierdie verskynsel daarin geslaag om 'n sisteem te ontwikkel waarvolgens hulle 'n persoon se liggaamsgrenstelling kan bepaal. Dit is nuttig om 'n persoon se liggaamsgrenstelling te bepaal, omdat daar volgens Fisher en Cleveland 'n ooreenkoms is tussen 'n persoon se liggaamsgrenstelling en sekere aspekte van sy gedrag. As 'n persoon se liggaamsgrenstelling bekend is, kan sy gedrag dus op grond daarvan voorspel word. Hulle het byvoorbeeld gevind

dat daar n verband bestaan tussen n persoon se liggaamsgrenstelling en sy sosiale interaksie:

" The Barrier score has been found to be positively related to the following behavioral variables in group situations; spontaneity and expressiveness; low dependence on the group leader; concern with promoting group goals; warmth and friendliness; and willingness to face up to hostility when it arises. A picture has emerged from previous work of the high Barrier person as more open and direct and sometimes more aggressive in his group dealings with others than the low Barrier person, but simultaneously striving harder to achieve group aims and cohesiveness" (Fisher en Cleveland, 1968, p. 381). (Kursivering my eie.)

Later bevind Fisher (1970) dat verdere navorsing hierdie bowerings staaf:

" From various sources of data a picture has emerged of the well-bounded individual as one who has a clear awareness of his identity or self and also the social context in which he is participating. The well-bounded person seems to be in sensitive communication with himself and also with others. He seems to be aware of his own motives and goals and at the same time visibly aware of the expectations and attitudes of others. He knows who he is and how others are responding to him. Of course, the obverse picture typifies the poorly bounded individual" (pp. 265 - 266). (Kursivering my eie.)

Uit hierdie aanhalings blyk dit dat persone met n hoë liggaamsgrenstelling hulself makliker openbaar in hul sosiale interaksies as persone met n lae liggaamsgrenstelling.

Persone met n lae liggaamsgrenstelling kan dus beskou word as homeostatiese persoonlikhede. Liggaamsgrenstellings sal dus in hierdie ondersoek gebruik word om relatief geslote (homeostatiese) persoonlikhede mee te identifiseer.

Aan die hand van die bevindings van Annis en Perry (1977); Dimond en Munz (1967); Himelstein en Lubin (1965); Hood en Back (1971); Jourard en Landsman (1971 b); Jourard en Laskow (1958); Jourard en Richman (1971 b) en Pederson en Higbee (1969) dat **dames** meer selfopenbarend is as mans, is besluit om net dames te gebruik in hierdie studie. Sodoende is die moontlike geslagsveranderlike uitgeskakel.

Die populasie waaruit hierdie steekproef dus getrek is, is alle vroulike tweede- en derdejaarstudente, met lae liggaamsgrenstellings tydens die ondersoek, wat die Sielkunde bestuur aan die U.O.V.S.

Die liggaamsgrenstellings van al hierdie studente is verkry deur gebruik te maak van die Holtzman Inkvlek-tegniek afgeneem in n groep volgens die hersiene metode wat ontwikkel is deur Fisher en Cleveland (1968). (Sien Bylae C.) Die liggaamsgrenstellings is bereken volgens die kriteria wat ontwikkel is deur Fisher (1970). (Sien Bylae D.) Die puntetoekenning is gedoen deur ervare en opgeleide persone wat op n inter=beoordelaarsbetroubaarheid van 0,90 en hoër gewerk het.

Nadat die liggaamsgrenstellings bereken is, is n mediaanwaarde bereken. Almal onder die mediaan van 10 is beskou as lae

liggaamsgrens persone, wat dan vir die doel van hierdie ondersoek gesien kan word as persone met 'n relatief geslote (homeostatiese) persoonlikheid. Die proefpersone vir die ondersoek is toe ewekansig getrek uit hierdie groep met behulp van toevalsyfers. Toevalsyfers is ook gebruik om hierdie groep van 44 studente te verdeel in 4 groepe waarin daar elk 11 studente was. (Slegs 9 proefpersone per groep is blootgestel aan die onafhanklike veranderlikes, maar daar is gevoel dat daar voorsiening gemaak moes word vir proefpersone wat nie opdaag nie, daarom is daar 11 proefpersone per groep geselekteer.)

Die samestelling van die steekproef sien dus soos volg daar uit:

TABEL 5.1

SAMESTELLING VAN DIE STEEKPROEF

Groepe	N
Kontrole	9
Videobandmodellering plus gedragsrepetisie	9
Videobandterugkoppeling	9
Videobandmodellering plus gedragsrepetisie asook videobandterugkoppeling	9

## 5.4 PROSEDURE

### 5.4.1 Uitvoering van die eksperiment

Tydens die uitvoering van die eksperimentele gedeelte het navorser twee medewerkers betrek. Hulle was twee dames= studente wat besig was om te studeer vir n honeursgraad in die Sielkunde. Navorser het die videobandopnames gemaak en die gedragsrepetisie aan die proefpersone verduidelik en hulle daarmee gehelp. Hy het ook die bespreking oor selfopenbaring (Sien Bylae A.), waarvan daar n transparant gemaak is en wat op n skerm geprojekteer is, saam met die proefpersone deurgegaan. Die twee medewerkers het hulself voorgedoen as kliënte tydens die onderhoude met die proefpersone. Vier tipiese probleemareas wat dikwels onder studente voorkom, is ontwikkel en die twee medewerkers het dit herhaaldelik geoefen, totdat beide eg en natuurlik voorgekom het en dieselfde emosionele toon oorgedra het. (Sien Bylae E.) Die akteurs, sowel as die probleemareas, is ewekansig gevarieer om die moontlike afsonderlike invloed van een of albei hierdie veranderlikes teen te werk. Die eerste probleemarea, wat as n oefensessie beskou is waar= tydens die proefpersoon die geleentheid gehad het om meer op haar gemak te kom, is egter deurgaans dieselfde gehou.

Die eksperiment is so beplan dat die twee medewerkers wat hul voorgedoen het as kliënte, nooit insae gehad het in watter eksperimentele groep die persoon wat voor haar sit was nie. Slegs navorser, wat die onafhanklike veranderlikes

gemanipuleer het, het presies geweet in watter groep die proefpersoon ingedeel was. Dieselfde lokaal is deurgaans gebruik en nadat die proefpersoon gaan sit het, het die medewerker wat haarself sou voordoen as die kliënt die volgende verduideliking aan die proefpersoon verskaf:

" Ons het jou gevra om hierheen te kom sodat ons sekere aspekte van n terapeutiese onderhoud kan ondersoek. Jy gaan nou die geleentheid kry om jou voor te doen as n terapeut, terwyl ek gaan voorgee dat ek n student is met n probleem. Al wat ek wil hê is dat jy moet reageer soos jy dink, jy behoort te reageer as iemand met n probleem by jou om hulp kom aanklop. Soos jy sal sien, is dit probleme wat op die kampus voorkom en jy het miskien al reeds met n soortgelyke probleem te doen gehad. Jy sal die geleentheid kry om n paar sulke probleme te hanteer. Elke gesprekkie sal egter nie langer as vyf minute duur nie. Die eerste gesprekkie is slegs n oefenlopie sodat jy meer op jou gemak kan raak en jy presies kan weet wat van jou verwag word. Die latere gesprekkies sal op videoband opgeneem word, maar jy sal dit nie eers agterkom nie, aangesien die opname in die lokaal langs hierdie een gemaak word. Jy kan my nou beskou as n student wat met jou kom gesels oor n probleem. Goed, ek is nou Susan. Kan ons begin?"

Nadat die proefpersoon gesê het sy is gereed, is daar begin met die oefenlopie. Dit is nie op videoband opgeneem nie. Elke gesprekkie het presies vyf minute geduur. Na die tweede gesprek, wat op videoband opgeneem is, is die eksperimentele strategieë toegepas wat verskillend was vir die verskillende groepe. Daar is deurgaans verbale opdragte gegee voordat die videomodel aangebied is of voordat video=

bandterugkoppeling plaasgevind het. Dit is gedoen omdat dit die effek van modellering verhoog volgens navorsing deur Goldstein (1973); Hersen et al. (1973 en Uhlemann, Lea en Stone (1976). Uhlemann et al. (1976) bevind byvoorbeeld dat n kombinasie van modellering en n opdrag veral help by persone wat laag funksioneer in hulle interpersoonlike kommunikasie. Die verbale opdrag wat hy gebruik, is met behulp van n videoband aangebied voordat die proefpersone na die videomodel gekyk het. Die navorsers kom tot die volgende slotsom:

" Therefore, the combining of instructions (which give specific focus) and modeling (which reveals other components of emphatic communication) may have led to the enhanced performances" (p. 513).

Opdragte help ook volgens Pompe van Meerdervoort (1976) om videobandterugkoppeling te struktureer. Die aandag van die waarnemer word vooraf op bepaalde gedragspatrone gevestig deur van opdragte gebruik te maak.

Die verskillende strategieë is soos volg in die vier groepe toegepas:

A. Modellerings- plus gedragsrepetisiegroep: Na afloop van die tweede gesprek het navorser, die lokaal binnegek. Die medewerker het die lokaal toe verlaat. Navorser het die bespreking van selfopenbaring saam met die proefpersoon deurgegaan (Sien Bylae A) en toe die volgende opdrag aan haar voorgelees op die transparant:

" In die onderhoud wat jy nou gaan sien, funksioneer die terapeut op 'n hoë vlak van terapeutiese oopheid. Ek wil hê jy moet noukeurig luister hoe sy dit doen. Op verskeie plekke sal die terapeutiese sessie onderbreek word en jy sal 'n stem hoor wat vra, 'Wat sal jy sê?' Die stem sal ook 'n nommer sê. Skryf die nommer en wat jy sal sê neer op die vel papier op die tafel. Probeer so oop en eerlik wees as wat jy kan. As die pasiënt op die band byvoorbeeld sê, 'Ek voel rêrig sleg die laaste tyd. Ek het 'n belangrike toets gedruip en alles is hopeloos', dan hoor jy 'n stem op die band sê, 'Wat sal jy sê? - Een.' Jy mag besluit dat as jy die terapeut is jy sal sê, 'Dit klink of jy baie swaar kry. Ek weet wat jy bedoel, ek het ook al 'n toets gedruip en dit het heelwat energie en moed gekos om aan te gaan met my studies.' Jy moet dan eers die nommer een skryf en dan wat jy sal sê. Probeer so duidelik moontlik skryf. Jy kry elke keer 'n minuut om jou reaksie neer te skryf. Nadat jy die opname klaar gesien het, sal jy die kans kry om die antwoorde wat jy neergeskryf het te oefen."

Nadat hy hiermee klaar was, het hy die lokaal verlaat en het die proefpersoon na die videobandmodel gekyk. Navorsers het, nadat die proefpersoon klaar na die videobandmodel gekyk het, weer die lokaal binnegekom en gedragsrepetisie het gevolg soos reeds beskryf is (vgl. p.134).

Daarna het die derde en die vierde gesprek met die medewerker gevolg. Die laaste gesprek is weer op videoband opgeneem.

B. Videobandterugkoppelingsgroep: Na afloop van die tweede gesprek het navorsers die lokaal binnegekom en die medewerker het die lokaal verlaat. Nadat navorsers die bespreking oor selfopenbaring met die proefpersoon deurgegaan het, het hy



die volgende opdrag op die transparant voorgelees:

" Jy gaan nou n geleentheid kry om weer na die onderhoud wat jy so pas gevoer het, te kyk. Probeer om te kyk hoe oop en eerlik jy met jou eie ondervindings en gevoelens was en probeer om te dink waar jy van jou eie ondervindings en gevoelens kon gebruik om die 'pasiënt' te help."

Nadat die proefpersoon na die videobandopname van die tweede gesprek gekyk het, het die medewerker weer die lokaal binnegekome. Daarna het die derde en die vierde gesprek gevolg. Die laaste gesprek is weer op videoband opgeneem.

C. Videobandmodellering, gedragsrepetisie en videobandterugkoppelingsgroep: Na afloop van die tweede gesprek is dieselfde prosedure as by groep A gevolg. Na afloop van die derde gesprek, wat op videoband opgeneem is, het navorser die volgende opdrag aan die proefpersone gegee:

" Jy gaan nou weer na die onderhoud wat jy so pas gevoer het, kyk. Probeer om te kyk hoe oop en eerlik jy met jou eie ondervindings en gevoelens was en probeer om te dink waar jy van jou eie ondervindings en gevoelens kon gebruik om die 'pasiënt' te help."

Nadat die proefpersoon na die videobandopname van haar derde gesprek gekyk het, het die medewerker weer die lokaal binnegekome. n Vierde gesprek is toe op videoband opgeneem.

D. Kontrolegroep: Navorsers het na afloop van die tweede gesprek die bespreking van selfopenbaring met die proefpersoon deurgegaan. Daarna het die medewerker weer twee gesprekke met haar gevoer. Die laaste gesprek is ook op videoband opgeneem.

#### 5.4.2 Verwerking van data

Die doel van hierdie ondersoek is om vas te stel of die strategieë wat aangewend is wel 'n beduidende invloed op selfopenbaring het. Hierdie invloed kan afgelei word aan die hand van die verskille, wat daar na afloop van die strategieë, tussen die verskillende groepe bestaan.

Die data wat gebruik is vir die statistiese vergelyking van die vier groepe is verkry deur elke respons van elke proefpersoon te beoordeel volgens die Carkhuff skaal wat reeds bespreek is. Aan elke respons is 'n punt toegeken volgens die vyfpuntskaal. Hierdie punttoekenning is gedoen deur drie beoordelaars. Hulle is vooraf opgelei in die prosedure en het dit geoefen totdat hulle punttoekenning in 'n groot mate ooreengestem het. Na afloop van hul opleiding is hulle gevra om 'n paar videobande te beoordeel. Hul inter-beoordelingskoëffisiënte is toe bereken met behulp van 'n standaard rekenarsprogram (Dixon, 1975). Die volgende resultate is verkry:

TABEL 5.2

## INTER-BEOORDELINGSKOEFFISIËNTE

	X(1)	X(2)	X(3)
X(1)	1		
X(2)	,887	1	
X(3)	,920	,867	1

Die volgende betekenis word aan die bostaande simbole geheg:

X(1) = die eerste beoordelaar.

X(2) = die tweede beoordelaar.

X(3) = die derde beoordelaar.

Soos reeds verduidelik is, is videobandopnames van die tweede en die laaste gesprekke gemaak. Beide hierdie gesprekke is direk van die videobandopnames beoordeel volgens Carkhuff se vyfpuntskaal en tydens die punttoekenning is die proefpersone op geen stadium geïdentifiseer nie - gevolglik het die beoordelaars nie geweet aan watter groep die proefpersoon behoort het nie. Na elke respons is die videoband vir 'n oomblik gestop om 'n geleentheid te gee vir 'n deeglike evaluering van die respons. As daar onduidelikheid bestaan het oor 'n respons, is dit weer teruggespeel, sodat dit her-evalueer kon word. Waar die beoordelaars se punttoekenning verskil het, is die punttoekenning bespreek en is 'n ge-

middelste punt vir die respons toegeken as die beoordelaars nie kon ooreenkom nie.

Nadat al die proefpersone geëvalueer is, is 'n gemiddelde telling vir elke proefpersoon bereken. Die tellings van elke proefpersoon is toe onder sy groep ingeskryf waarna 'n 2 x 2 faktoriale variansie-analise uitgevoer is deur 'n metode te gebruik wat uiteengesit word deur Hardyck en Petrinovich (1976).

Vir die doel van die statistiese verwerking van die data, kan die volgende nulhipoteses geformuleer word op 'n wyse wat deur Harshbarger (1971, p. 306) uiteengesit is:

$$H_0 (1) : \bar{M} = M$$

$$H_a (1) : \bar{M} \neq M$$

$$H_0 (2) : \bar{V} = V$$

$$H_a (2) : \bar{V} \neq V$$

$$H_0 (3) : \sqrt{VM} = \bar{V}M = V\bar{M} = VM$$

$$H_a (3) : \sqrt{VM} \neq \bar{V}M \neq V\bar{M} \neq VM$$

Die volgende betekenisse word aan hierdie simbole geheg:

$\bar{V}$  = die effek van geen videobandterugkoppeling op die onafhanklike veranderlike.

$V$  = die effek van videobandterugkoppeling op die afhanklike veranderlike.

$\bar{M}$  = die effek van geen videobandmodellering plus gedragsrepetisie op die afhanklike veranderlike.

$M$  = die effek van videobandmodellering plus gedragsrepetisie op die afhanklike veranderlike.

$V M$  = die effek van die kombinasie van videobandterugkoppeling plus videobandmodellering en gedragsrepetisie op die afhanklike veranderlike.

$\overline{VM}$  = die effek van die kombinasie van geen videobandterugkoppeling, videobandmodellering en gedragsrepetisie op die afhanklike veranderlike.

Aangesien hierdie slegs 'n verkennende studie is, is besluit op 'n beduidendheidspeil van 5% om hierdie hipoteses te toets.

Omdat die eksperimentele ontwerp wat gebruik is vir hierdie studie slegs voorsiening maak vir 'n nameting, is dit nodig geag om eers te bepaal of die verskillende groepe voor die eksperimentele manipulasie wel gelyk was ten opsigte van hul selfopenbaring. Dit was nodig omdat die aard van die navorsing vereis het dat daar met elke proefpersoon individueel gewerk moes word sodat die steekproef gevolglik klein was ( $N = 36$ ).

Die eerste videobandopname, wat plaasgevind het voor die eksperimentele manipulasie, is gebruik om te bepaal of die verdeling van die proefpersone in die onderskeie groepe, enige effek gehad het.

Die hipotese word gestel dat die verdeling van proefpersone in subgroepe geen effek gehad het op die selfopenbaring van die proefpersone nie.

Die volgende nulhipoteses sowel as alternatiewe hipoteses kan dus gestel word:

$$H_0 : \bar{M} = M$$

$$H_a : \bar{M} \neq M$$

$$H_0 : \bar{V} = V$$

$$H_a : \bar{V} \neq V$$

$$H_0 : \overline{VM} = \bar{V}M = V\bar{M} = VM$$

$$H_a : \overline{VM} \neq \bar{V}M \neq V\bar{M} \neq VM$$

Die volgende betekenisse word aan die simbole geheg:

$\bar{M}$  = Die effek van die verdeling in groepe op die afhanklike veranderlike by die groep wat nie aan 'n videomodel plus gedragsrepetisie blootgestel sal word nie;

$M$  = die effek van die verdeling in groepe op die afhanklike veranderlike by die groep wat wel aan 'n videomodel plus gedragsrepetisie blootgestel sal word;

$\bar{V}$  = die effek van die verdeling in groepe op die afhanklike veranderlike by die groep wat nie videobandterugkoppeling sal ontvang nie;

$V$  = die effek van die verdeling in groepe op die

afhanklike veranderlike by die groep wat videobandterugkoppeling sal ontvang en

$V \frac{M}{\sqrt{V M}}$  = die effek van die verdeling in groepe op die afhanklike veranderlike by die groep wat video=modellering, gedragsrepetisie en videobandterugkoppeling sal ontvang, teenoor die groep wat nie aan hierdie strategieë blootgestel sal word nie.

Bostaande hipoteses is getoets deur middel van 'n 2 x 2 faktoriale variansie-analise wat volgens 'n standaardmetode uitgevoer is (Hardyck en Petrinovich, 1976).

Vir interpretasiedoeleindes kan die verdeling van die proefpersone in hul onderskeie groepe soos volg uiteengesit word:

FIGUUR 5.3

		VIDEOBANDMODELLERING PLUS GEDRAGSREPETISIE	
		Geen videobandmodellering plus gedragsrepetisie.	Videobandmodellering plus gedragsrepetisie.
		$\bar{M}$	$M$
VIDEOBANDTERUGKOPPELING	Geen video=bandterugkoppeling $\bar{V}$	Kontrole	Videobandmodellering plus gedragsrepetisie
	Videobandterugkoppeling $V$	Videobandterugkoppeling	Videobandmodellering plus gedragsrepetisie en video=bandterugkoppeling

In tabelle 5.3 en 5.4 word die resultate van die 2 x 2 faktoriale variansie-analise uiteengesit:

TABEL 5.3

## VARIANSIE-ANALISE TEN OPSIGTE VAN GROEPSVERDELING

Bron van variansie	Som van Kwadrate.	Grade van Vryheid.	Gemiddelde variansie=skatting	F
Videobandmodellering plus gedragsrepetisie	,004	1	,004	,4
Videobandterugkoppeling	,003	1	,003	,3
Interaksie	,027	1	,027	2,7
Fout	,327	32	,010	



TABEL 5.4

REKENKUNDIGE GEMIDDELDES VAN DIE VERSKILLENDE GROEPE VOOR  
EKSPERIMENTELE MANIPULASIE

	$\bar{M}$	M	$\bar{X}$ van video= bandterugkop= pelingsgroepe
$\bar{V}$	1,908	2,008	1,958
V	2,007	1,975	1,991
$\bar{X}$ van videoband= modellerings- en gedragsrepetisie= groepe	1,957	1,991	

Op die 5% is die kritieke waarde 4,15. Volgens tabel 5.3 word al die nulhipoteses aanvaar, terwyl die alternatiewe hipoteses verwerp word. Daar kan dus aanvaar word dat die groepe nie aan die begin verskil het ten opsigte van hul vermoë om hulself te openbaar nie.

In die volgende hoofstuk sal die hipoteses wat gestel is, aan die hand van die eksperimentele resultate bespreek word.

## HOOFSTUK 6

### RESULTATE EN BESPREKING

#### 6.1 INLEIDEND

In die vorige hoofstuk is daar drie hipoteses gestel. As eerste hipotese is gestel dat videobandmodellering plus gedragsrepetisie min weerstand teen verandering sal laat ontstaan by homeostatische persoonlikhede en dat hierdie strategie dus hul selfopenbaring sal verbeter.

Volgens die tweede hipotese is gestel dat videobandterugkoppe-ling weerstand teen verandering sal laat ontstaan by homeostatische persoonlikhede en dat hierdie strategie dus nie hul selfopenbaring sal verbeter nie.

As derde hipotese is gestel dat die interaksie-effek van videobandmodellering, gedragsrepetisie en videobandterugkoppe-ling min weerstand by homeostatische persoonlikhede behoort te laat ontstaan en dat dit dus sal bydra tot die verbetering van hul selfopenbaring.

Om hierdie hipoteses empiries te kan ondersoek, is daar toe n aantal nulhipoteses sowel as alternatiewe hipoteses geformuleer. n Vyfpuntskaal wat deur Carkhuff (1969 a) ontwerp is, is as meetmiddel gebruik om die proefpersone se vlak van selfopenbaring te bepaal. Vier probleme is in n rollespelsituasie aan elke persoon voorgehou. Die eerste gesprek is beskou as

n oefenloopie, terwyl die tweede en die laaste gesprekke op videoband opgeneem is. Hierdie gesprekke is ewekansig afgewissel om die afsonderlike effek wat elke gesprek kon hê, uit te skakel. Al die eksperimentele groepe is deurgaans aan vier gespreksituasies blootgestel. Die data van die laaste videobandopname is gebruik vir die statistiese verwerkings wat gedoen is om die effektiwiteit van die verskillende strategieë te bepaal. Die data is verwerk deur gebruik te maak van 'n 2 x 2 faktoriale variansie-analise en dit is gedoen volgens 'n standaardmetode (Hardyck en Petrinovich, 1976). F-waardes is gebruik om die beduidendheid van die effek van elk van die strategieë mee te bepaal.

## 6.2 RESULTATE

In tabelle 6.1 en 6.2 word die resultate wat verkry is met die 2 x 2 faktoriale variansie-analise, uiteengesit.

TABEL 6.1

## VARIANSIE-ANALISE NA EKSPERIMENTELE MANIPULASIE

Bron van variansie	Som van Kwadrate.	Grade van Vryheid	Gemiddelde variansie=skatting	F
Videobandmodelle=ring plus gedrags=repetiesie	,760	1	,760	8,837 *
Videobandterug=koppeling	0	1	0	0
Interaksie	,690	1	,690	8,023 *
Fout	2,745	32	,086	

\* Beduidend ( $P \leq 0,01$ )

TABEL 6.2

REKENKUNDIGE GEMIDDELDES VAN DIE VERSKILLENDE GROEPE NA  
EKSPERIMENTELE MANIPULASIE

	$\bar{M}$	M	$\bar{X}$ van video= bandterugkop= pelingsgroepe
$\bar{V}$	2,046	2,594	2,32
V	2,303	2,336	2,319
$\bar{X}$ van videoband= modellerings- plus gedragsrepetisie groepe	2,174	2,465	

(Vir die betekenis van die simbole vgl. Fig. 5.2 )

Volgens tabel 6.1 word nulhipotese twee aanvaar, terwyl alternatiewe hipotese twee verwerp word. Hieruit kan daar afgelei word dat videobandterugkoppeling nie 'n beduidende verandering ten opsigte van selfopenbaring kan bewerkstellig nie. Nulhipoteses een en drie word egter verwerp, terwyl alternatiewe hipoteses een en drie aanvaar word. Videobandmodellering plus gedragsrepetisie het 'n beduidende effek op selfopenbaring gehad. Die interaksie van videobandmodellering plus gedragsrepetisie en videobandterugkoppeling het ook 'n beduidende effek op die selfopenbaring van die proefpersone gehad.

op grond van hierdie resultate kan die volgende afleidings gemaak word:

6.2.1 Videobandmodellering plus gedragsrepetisie kan as 'n effektiewe tegniek beskou word om selfopenbaring by vroulike homeostatiese persoonlikhede te bewerkstellig. Die aanvanklike hipotese wat ten opsigte van videobandmodellering plus gedragsrepetisie geformuleer is, kan dus aanvaar word. Navorser wil hom vereenselwig met die groep navorsers wat die vermeerdering van selfopenbaring toeskryf aan modellering (Droster en Brooks, 1974; Morgan en Evans, 1977; Marlatt et al., 1970; Spiritas en Holmes, 1971; Sykes, 1976; Whalen, 1969). Daar is in hierdie studie nie veel sprake van die sogenaamde "diadiese effek" wat volgens Davis en Skinner (1974), Davis en Sloan (1974), Ehrlich en Graeven (1971), Jourard (1971 a, 1971 b) en Worthy, Gary en Kahn (1969) selfopenbaring verhoog nie. Hierdie standpunt word gehuldig omdat die helpers wat tydens die studie gebruik is, rolle vertolk het van persone wat hulself nie kan openbaar nie. Tydens die gedragsrepetisie het navorser ook die rol vertolk van 'n persoon wat homself nie kan openbaar nie. Hierdie studie bevestig die positiewe resultate wat met behulp van videobandmodellering verkry is deur Annis en Perry (1977), Highlen en Voight (1978), Schreiderer (1977), Smith en Lewis (1974) en Thase en Page (1977). Navorser wil hom vereenselwig met die volgende stelling van Thase en Page (1977):


"The present study has further documented the use of modeling to increase ... subjects' willingness to disclose. This findings may be directly extended to counseling settings by the use of counselor modeling

to facilitate client's self-exploration and self-disclosure, which in turn may facilitate the process and outcome of counseling" (p. 39).

6.2.2 Videobandterugkoppeling kan nie as 'n effektiewe tegniek beskou word om selfopenbaring by homeostatiese persoonlikhede te bewerkstellig nie. Die aanvanklike hipotese wat ten opsigte van hierdie strategie gestel is, naamlik dat videobandterugkoppeling weerstand teen verandering sal ontlok by homeostatiese persoonlikhede en dat dit dus nie hul selfopenbaring sal verbeter nie, kan dus as korrek aanvaar word. Hierdie resultaat kom ooreen met Luttig (1976) en Pompe van Meerdervoort (1976) se bevindings. Hulle het dieselfde resultate verkry by persone met lae liggaamsgrenstellings alhoewel hulle met ander afhanklike veranderlikes gewerk het. Saunders (1977) en Van Zyl (1975) kry ook soortgelyke resultate, maar hul populasies en afhanklike veranderlikes verskil. Daar kan dus met 'n groot mate van sekerheid aanvaar word dat videobandterugkoppeling 'n oneffektiewe strategie is wanneer dit gebruik word met homeostatiese persoonlikhede.

6.2.3 Die interaksie tussen videobandmodellering plus gedragsrepetisie en videobandterugkoppeling het wel 'n beduidende effek op selfopenbaring. Hierdie interaksie-effek kan grafies soos volg voorgestel word:

FIGUUR 6.1



Die volgende betekenis word aan die simbole wat gebruik is geheg:

- $\bar{V}$  = die groep wat geen videobandterugkoppeling ontvang het nie.
- $V$  = die groep wat wel videobandterugkoppeling ontvang het.
- $\bar{M}$  = die groep wat geen videobandmodellering plus gedragsrepetisie ontvang het nie.
- $M$  = die groep wat wel videobandmodellering plus gedragsrepetisie ontvang het.



Figuur 6.1 toon dat wanneer daar van videobandmodellering plus gedragsrepetisie gebruik gemaak word, sou dit onder 'n toestand van geen videobandterugkoppeling die beste resultate gee. Wanneer daar egter nie van videobandmodellering plus gedragsrepetisie gebruik gemaak word nie, sou videobandterugkoppeling die beste resultate gee.

Alhoewel die interaksie-hipotese wat gestel is aanvaar is, blyk dit dat die rigting van die interaksie anders was as wat voorspel is volgens hipotese drie (vgl. p. 132 ). Met hierdie hipotese is voorspel dat videobandmodellering plus gedragsrepetisie, gekombineer met videobandterugkoppeling, min weerstand by homeostatische persoonlikhede sou laat ontstaan en dat dit daartoe sou bydra dat hulle hul selfopenbaring verbeter. Uit die resultate wat verkry is, kan daar afgelei word dat die positiewe effek wat videobandmodellering plus gedragsrepetisie het op die selfopenbaring van vroulike homeostatische persoonlikhede moontlik verminder word deur videobandterugkoppeling.

Hierdie resultaat stem ooreen met Saunders (1977) se bevinding dat die interaksie-effek van videobandterugkoppeling en videobandmodellering nie 'n verbetering in die interpersoonlike kommunikasie van die proefpersone wat hy gebruik het, kon bewerkstellig nie. Met sy ondersoek het videobandterugkoppeling ook die effek van videobandmodellering verminder. Aangesien hy eers gebruik gemaak het van videobandterugkoppeling en daarna 'n videobandmodel gewys het, kan daar afgelei word dat hierdie interaksie-effek moontlik aanwesig is indien videobandterugkoppeling voor of na videobandmodellering geskied.

### 6.3 BESPREKING

Vervolgens gaan die resultate wat verkry is met die studie, bespreek word aan die hand van die Algemene Sisteemteorie en dan veral met verwysing na die Kibernetika.

'n Homeostatiese persoonlikheid wat nie in staat is om haarself te openbaar nie, handhaaf 'n nie-progressiewe bestendige, toestand ten opsigte van haar interaksie met haar omgewing. Haar intrinsieke kontrolesisteem speel 'n belangrike rol in haar reaksies op haar omgewing. Die resultate wat tydens hierdie studie verkry is met die verskillende strategieë kan dus soos volg verklaar word:

#### 6.3.1 Videobandmodellering plus gedragsrepetisie

'n Strategiese handeling (selfopenbaring) is deur middel van 'n videobandmodel aan die waarnemer gedemonstreer. Die informasie op die videoband is inset vir die persoonlikheidsisteem van die waarnemer. Dit bied aan haar 'n doel wat sy kan nastreef en demonstreer 'n strategiese handeling wat sy kan naboots. Gedragsrepetisie gee haar dan die geleentheid om haar strategiese handeling aan te pas by die gemodelleerde strategiese handeling. As sy suksesvol is, het sy die gedemonstreerde strategiese handeling aangeleer. In hierdie studie het sy geleer om haarself te openbaar.

### 6.3.2 Videobandterugkoppeling

Aangesien videobandterugkoppeling nie die waarnemer van die verlangde doel voorsien het nie, is dit gedoen deur die strategiese handeling (selfopenbaring) met haar te bespreek. Tydens videobandterugkoppeling is sy slegs met haar eie strategiese handeling en die strategiese handeling van iemand wat haarself ook oneffektief openbaar het (die helper), gekonfronteer. Sy moes dus haar eie strategiese handeling beplan. Sy kon ook nie haar strategiese handeling aanpas by die strategiese handeling wat met haar bespreek is, deur gebruik te maak van gedragsrepetisie nie. Toe sy dus nie die verlangde strategiese handeling korrek kon uitvoer nie, het sy haar bestaande strategiese handeling tydens videoterugkoppeling as negatiewe terugkoppeling ervaar en teruggekeer na haar vorige bestendige toestand. Hierdie uiteensetting verklaar hoekom hierdie groep nie geleer het om hulself beduidend beter te openbaar nadat hulle blootgestel is aan videobandterugkoppeling nie.

### 6.3.3 Videobandmodellering plus gedragsrepetisie gevolg deur videobandterugkoppeling

Daar is gepoog om met hierdie tegniek al drie die basiese elemente van die kibernetiese kringloop te betrek. Met hierdie studie is gevind dat videobandmodellering wel 'n doel aan 'n waarnemer verskaf. Sy kon ook die gemodelleerde strategiese handeling naboots en haar daaropvolgende strategiese handeling aanpas by die gemodelleerde strategiese handeling met behulp van gedragsrepetisie. Hierdie proses is egter geïnhibeer deur

videobandterugkoppeling. Dit mag wees dat die waarnemer tydens videobandterugkoppeling bewus word van die verskille tussen haar strategiese handeling en die gemodelleerde strategiese handeling. Sy sal dus eerder gebruik maak van haar eie strategiese handeling wat sy as negatiewe terugkoppeling ervaar. Haar doel is dan nie meer om 'n nuwe strategiese handeling aan te leer nie, maar om terug te keer na die bestendige toestand wat sy voorheen met haar bestaande strategiese handeling gehandhaaf het. Die inset wat beskikbaar is tydens videobandterugkoppeling is baie omvangryk. Dit is dus vir die waarnemer moeilik om slegs die verlangde strategiese handeling te selekteer en om dan daarop te reageer deur negatiewe terugkoppeling. Sy maak dus nie gebruik van negatiewe terugkoppeling om 'n nuwe bestendige toestand, waartydens sy haarself openbaar, te bereik nie. Omdat sy nog nie vantevore haar bestaande strategiese handeling so direk kon waarneem nie, mag sy die situasie bedreigend vind. Sy sal dus in die daaropvolgende interaksieproses probeer om haarself minder te openbaar.

#### 6.3.4 Moontlikhede wat verder ondersoek kan word.

Uit hierdie studie blyk dit dat die volgende moontlikhede verder ondersoek kan word:

- A. Wat is die effek van gedragsrepetisie op die selfopenbaring van homeostatiese persoonlikhede?
- B. Wat sal gebeur as die homeostatiese persoonlikheid eers die geleentheid kry om gewoon te raak aan videobandterugkoppeling, voordat sy opgelei word om haarself te

openbaar met behulp van videobandmodellering plus gedragsrepetisie en videobandterugkoppeling?

- C. Sal die resultate wat verkry is met vroulike homeostatische persoonlikhede ook verkry word met manlike homeostatische persoonlikhede?
- D. Kan videobandmodellering en gedragsrepetisie ook in die praktyk gebruik word om die persone wat hulself nie aan 'n terapeut kan openbaar nie, te help om dit te doen?
- E. Sal persone wat geleer is om hulself te openbaar, aanhou om dit te doen en sal hulle dit onder ander omstandighede ook doen?
- F. Sal die resultate wat verkry is herhaal kan word met ander populasies?

## OPSOMMING

Met hierdie ondersoek is daar gepoog om metodes te vind waarmee persone gehelp kan word om hulself te openbaar.

Nadat die standpunte van 'n aantal belangrike skrywers bespreek is, is daar besluit dat selfopenbaring 'n vaardigheid is wat verband hou met 'n persoon se geestesgesondheid. In 'n literatuurstudie is daar ook gevind dat hoewel die onoordeelkundige gebruik van selfopenbaring deur 'n terapeut vermy behoort te word, is die gebruik van hierdie tegniek onder bepaalde omstandighede van terapeutiese waarde.

Vorige navorsing toon dat 'n persoon se selfopenbaring verhoog kan word met behulp van modellering. Daar is ook bewyse dat die effek van modellering tydens die aanleer van selfgeldende gedrag, verhoog is as dit saam met gedragsrepetisie gebruik word. Navorsing het egter getoon dat videobandterugkoppeling weerstand teen verandering veroorsaak, as dit gebruik word om verandering te weeg te bring by homeostatiese persoonlikhede.

Daar is met hierdie ondersoek van die teoretiese veronderstelling uitgegaan dat videobandmodellering plus gedragsrepetisie suksesvol gebruik kan word om 'n homeostatiese persoonlikheid se selfopenbaring te verhoog. Daar is ook gepoog om vas te of die weerstand teen verandering wat opgemerk is by homeostatiese persoonlikhede, wat onderwerp is aan videobandterugkoppeling, nie vermy kan word as sulke persone eers geleer word om hulself te openbaar met behulp van videobandmodellering en gedragsrepetisie nie.

Die Algemene Sisteemteorie is gebruik as 'n teoretiese raamwerk vir hierdie studie. Daar is veral klem gelê op die kibernetiese kringloop om die tegnieke wat aangewend is om selfopenbaring te verbeter, teoreties te verantwoord.

Tydens die eksperimentele gedeelte van hierdie ondersoek is videobandmodellering plus gedragsrepetisie asook 'n kombinasie van hierdie tegnieke gebruik as onafhanklike veranderlikes. Selfopenbaring is beskou as die afhanklike veranderlike. Die vlak van selfopenbaring is gemeet deur gebruik te maak van 'n Carkhuff-skaal wat vir hierdie doel ontwerp is. Homeostatiese persoonlikhede is gebruik as proefpersone. Hul liggaamsgrenstellings, soos ontwikkel deur Fisher en Cleveland, is gebruik om hulle te identifiseer.

Die liggaamsgrenstellings van al die sielkunde studente in hul tweede en derde jaar aan die U.O.V.S. is dus vasgestel. 'n Ewekansige steekproef van ses-en-dertig damesstudente is toe uit dié groep getrek deur toevalsyfers te gebruik. Tydens die steekproeftrekking is slegs dames met 'n liggaamsgrenstelling van tien en onder in berekening gebring. Die steekproef is ewekansig in die volgende groepe verdeel: videobandmodellerings- plus gedragsrepetisiegroep; videobandterugkoppelingsgroep; videobandterugkoppelingsgroep plus videobandmodellerings- en gedragsrepetisiegroep en 'n kontrolegroep wat gevra is om hulself te openbaar nadat daar aan hulle verduidelik is wat selfopenbaring behels.

Tydens die eksperiment is daar gebruik gemaak van analoë gespreksituasies. In hierdie gesprekke moes die proefpersoon as 'n helper optree teenoor 'n medewerker wat die rol van 'n kliënt vertolk het. Die medewerker het vooraf die geleentheid gekry om haar rol te oefen en sy het gepoog om dit op 'n standaardwyse te vertolk. Vier probleemsituasies is aan elke proefpersoon voorgehou. Die eerste probleemsituasie, wat deurgaans dieselfde gebly het, is beskou as 'n oefenlopie. Die ander probleemsituasies is ewekansig gewissel. Die tweede, derde en vierde gesprekke is op videoband opgeneem. Die videobandopname van die derde gesprek is gebruik tydens videoband-terugkoppeling. Die videobandmodel is aan die betrokke proefpersone getoon na afloop van die tweede gesprek en gedragsrepetisie het daarop gevolg.

Die videobandopname van die vierde gesprek is geëvalueer en hierdie data is deur middel van 'n  $2 \times 2$  faktoriale variansie-analise geïnterpreteer.

Omdat die steekproef klein was, moes daar eers vasgestel word of die verskillende groepe voor die eksperimentele manipulasie vergelykbaar was. Die videobandopname van die tweede gesprek is dus geëvalueer en hierdie data is ook deur middel van 'n  $2 \times 2$  faktoriale variansie-analise geïnterpreteer. Hierdie ondersoek het bevestig dat die groepe wel vergelykbaar is en daar is dus voortgegaan om die resultate wat verkry is met die laaste meting, te interpreteer. Die belangrikste bevindings kan soos volg saamgevat word:



1. Videobandmodellering plus gedragsrepetisie het die selfopenbaring van die proefpersone beduidend verhoog. Die veronderstelling dat videobandmodellering plus gedragsrepetisie min weerstand teen verandering by homeostatiese persoonlikhede sou laat ontstaan, is dus bevestig.
2. Videobandterugkoppeling kon nie die selfopenbaring van die proefpersone beduidend verhoog nie. Die veronderstelling dat videobandterugkoppeling weerstand teen verandering by homeostatiese persoonlikhede sou laat ontstaan, is dus ook bevestig.
3. Die interaksie-effek van videobandmodellering, gedragsrepetisie en videobandterugkoppeling het getoon dat die positiewe effek wat videobandmodellering plus gedragsrepetisie het op die selfopenbaring van homeostatiese persoonlikhede, moontlik verminder word deur videobandterugkoppeling. Die veronderstelling dat die kombinasie van hierdie tegnieke min weerstand by homeostatiese persoonlikhede sou bewerkstellig, is dus nie bevestig nie.

## BIBLIOGRAFIE

- ALGER, I. Freedom in analytic therapy. Current Psychiatric Therapy, 1969, 9, 73 - 78.
- ALKIRE, A.A. & BRUNSE, A.J. Impact and possible casualty from videotape feedback in marital therapy. Journal of Consulting and Clinical Psychology, 1974, 42 (2), 203 - 210.
- ALLEN, T.W. Effectiveness of Counselor Trainees as a Function of Psychological openness. Journal of Counseling Psychology, 1967, 14, 35 - 40.
- ALLPORT, G.W. The open system in personality theory. Journal of Abnormal and Social Psychology, 1960, 61, 301 - 310.
- ANNIS, L.V. & PERRY, D.F. Selfdisclosure modeling in same-sex and mixed-sex unsupervised groups. Journal of Counseling Psychology, 1977, 24 (4), 370 - 372.
- BAILEY, K.G.; DEARDORFF, P. & NAY, W.R. Students play therapist : Relative effects of role playing, videotape feedback and modeling in a simulated interview. Journal of Consulting and Clinical Psychology, 1977, 45 (2), 257 - 266.
- BAILEY, K.G. & SOWDER, T.W. Audiotape and videotape self-confrontation in psychotherapy. Psychological Bulletin, 1970, 74, 127 - 137.
- BAKKER, C.B. Why people don't change. Psychotherapy : Theory, Research and Practice, 1975, 12 (2), 164 - 171.

- BANDURA, A. Behavioral modification through modeling procedures. In L. Krasner and L.P. Ullman (Eds.), Research in Behavior modification : New developments and implications, New York : Holt, Rinehart and Winston, 1965.
- BANDURA, A. Modeling Theory. In W.S. Sahakian, Psychology of learning : Systems, models and theories. Chicago : Markham Publishing Company, 1970.
- BANDURA, A. Principles of Behavior Modification. New York : Holt, Rinehart and Winston, 1969.
- BANDURA, A. Psychotherapy based upon modeling principles. In A.E. Bergin and S.L. Garfield (Eds.), Handbook of Psychotherapy and behavior change : An empirical analysis. New York : John Wiley, 1971.
- BANDURA, A. Social Learning Theory. Englewood Cliffs, New Jersey : Prentice - Hall, 1977.
- BANDURA, A.; JEFFRY, R.W. & WRIGHT, C.L. Efficacy of participant modeling as a function of response induction aids. Journal of Abnormal Psychology, 1974, 83, 56 - 64.
- BELLUCCI, J.E. Microcounseling and Imitation Learning : A behavioral approach to counselor education. Counselor Education and supervision, 1972, 12, 88 - 97.
- BERENSON, B.G.; CARKHUFF, R.R.; & MYRUS, P. The interpersonal functioning and training of college students. Journal of Counseling Psychology, 1966, 13, 441 - 446.
- BERGER, M.M. The use of videotape in the integrated treatment of individuals, couples, families and groups in private practice. In M.M. Berger (Ed.), Videotape Techniques in Psychiatric Training and Treatment. New York : Brunner/Mazel, 1970.

- BERGER, M.M. Videotape techniques in psychiatric training and treatment. New York : Brunner/Mazel, 1970.
- BERGIN, A.E. The evaluation of therapeutic outcomes.  
In A.E. Bergin and S.L. Garfield (Eds.), Handbook of Psychotherapy and Behavior Change : An empirical analysis. New York : John Wiley, 1971.
- BERGIN, A.E. & STRUPP, H.H. New directions in psychotherapy research. Journal of Abnormal Psychology, 1970, 76 (1), 13 - 26.
- BERNSTEIN, D.A. & PAUL, G.L. Some comments on therapy analogue research with small animal "phobias".  
Journal of Behavior Therapy and Experimental Psychiatry, 1971, 2, 225 - 237.
- BODIN, A.M. Videotape applications in training family therapists. Journal of Nervous and Mental Disease, 1969, 148, 251 - 261.
- BORKOVEC, T.D. & O'BRIEN, G.T. Methodological and target behavior issues in analogue therapy outcome research.  
In M. Hersen, R.M. Eisler and P.M. Miller (Eds.)  
Progress in Behavior Modification (Vol. III).  
New York : Academic Press, 1976.
- BOYD, J.D. Microcounseling for a counseling-like verbal response set : Differential effects of two micromodels and two methods of counseling supervision. Journal of Counseling Psychology, 1973, 20, 97 - 98.
- BRETALL, R. A Kierkegaard Anthology. Princeton : Princeton University Press, 1951.
- BUCKLEY, W. Society as a Complex System. In W.F. Buckley (Ed.), Modern Systems research for the behavioral scientist. Chicago : Aldine, 1968.

- BUNDZA, K.A. & SIMONSON, N.R. Therapist self-disclosure : Its effects on impressions of therapist and willingness to disclose. Psychotherapy : Theory, Research and Practice, 1973, 10, 215 - 217.
- CAMBELL, D.T. Factors relevant to the validity of experiments in social settings. Psychological Bulletin, 1957, 54 (4), 297 - 312.
- CANNON, W.B. Self-regulation of the body. In W. Buckley (Ed.), Modern systems research for the behavioral scientist. Chicago : Aldine, 1968.
- CARKHUFF, R.R. Helping and Human Relations : A primer for lay and professional helpers, (Vol. I) New York : Holt, Rinehart and Winston, 1969 a.
- CARKHUFF, R.R. Helping and Human Relations : A primer for lay and professional helpers, (Vol. II) New York : Holt, Rinehart and Winston, 1969 b.
- CARKHUFF, R.R. The prediction of the effects of teacher-counselor training : The development of communication and discrimination selection indexes. In R.R. Carkhuff, Helping and Human Relations : A primer for lay and professional helpers, (Vol. II ) New York : Holt, Rinehart and Winston, 1969 c.
- CARKHUFF, R.R. & BERENSON, B.G. Beyond Counseling and Therapy. New York : Holt, Rinehart and Winston, 1967.
- CARKHUFF, R.R. & BIERMANN, R. Training as a preferred mode of treatment of parents of emotionally disturbed children. Journal of Counseling Psychology, 1970, 17, 157 - 161.
- CARKHUFF, R.R.; PIAGET, G. & PIERCE, R. The development of skills in interpersonal functioning. Counselor Education and Supervision, 1968, 7, 102 - 106.

- CHIN, R. The utility of systems models and developmental models for practitioners. In W.G. Bennis, K.D. Benne, R. Chin and K.E. Corey, The planning of change. (Third edition) New York : Holt, Rinehart and Winston, 1976.
- CHITTICK, E.V. & HIMELSTEIN, P. The manipulation of self-disclosure. Journal of Psychology, 1967, 65, 117 - 121.
- CONE, H.E. The effects of videotape modeling on self disclosing behaviors of clients in a clinical setting. Dissertation Abstracts International, 1976, 37 (5A), 2630.
- COZBY, P.C. Self-disclosure : A Literature review. Psychological Bulletin, 1973, 79, 73 - 91.
- DANET, B.N. Self-confrontation in Psychotherapy reviewed : Videotape playback as a clinical and research tool. American Journal of Psychotherapy, 1968, 22 (2), 245 - 257.
- DAVIES, M.H. Social Imitation - A neglected factor in psychotherapy? British Journal of Psychiatry, 1972, 121, 281 - 285.
- DAVIS, J.D. & SKINNER, A.E.G. Reciprocity of self-disclosure in interview : modeling or social exchange? Journal of Personality and Social Psychology, 1974, 29, 779 - 784.
- DAVIS, J.D. & SLOAN, M.L. The basis of interviewee matching of interviewer selfdisclosure. British Journal of Social and Clinical Psychology, 1974, 13, 359 - 367.
- DAWLEY, H.H. & WENRICH, W.W. Achieving assertive behavior : A guide to assertive training. Monterey, California : Brooks/Cole, 1976.

- DERLEGA, V.J.; HARRIS, M.S. & CHAIKEN, A.L. Self-disclosure reciprocity, liking, and the deviant. Journal of Experimental Social Psychology, 1973, 9, 277 - 284.
- DIMOND, R.E. & MUNZ, D.C. Ordinal position of birth and self-disclosure in high school students. Psychological Reports, 1967, 21, 829 - 833.
- DIXON, W.J. (Ed.) Missing Value Correlation (BMDP8D) In Biomedical Computer Programs. Los Angeles : University of California Press, 1975.
- DRAG, R.M. Experiment-subject interaction : A situational determinant of different levels of self-disclosure, 1968. In S.M. Jourard, Self-disclosure : An experimental analysis of the transparent self. New York : John Wiley, 1971.
- DROSTER, J.A. & BROOKS, S.J. Interviewer disclosure, modeling, information revealed, liking, and the deviant. Journal of Consulting and Clinical Psychology, 1974, 42, 420 - 426.
- DROSTER, J.A. & STRICKLAND, B.R. Disclosing of verbal material as a function of the information about the interviewer and interviewee differences. Journal of Consulting and Clinical Psychology, 1971, 37, 187 - 194.
- EGAN, G. The skilled helper : A model for systematic helping and interpersonal relating. Monterey, California : Brooks/Cole, 1975.
- EGAN, G. Interpersonal Living : A Skills/Contract approach to Human Relations Training in groups. Monterey, California : Brooks/Cole, 1976.
- EHRlich, H.J. & GRAEVEN, D.B. Reciprocal self-disclosure in a dyad. Journal of Experimental Social Psychology, 1971, 7, 389 - 400.

- EISLER, R.M. & HERSEN, M. Behavioral techniques in family-oriented crisis intervention. Archives of General Psychiatry, 1973, 28, 111 - 116.
- EISLER, R.M.; HERSEN, M. & MILLER, P.M. Effects of modeling on components of assertive behavior. Journal of Behavior Therapy and Experimental Psychiatry, 1973 a, 4, 1 - 6.
- EISLER, R.M.; MILLER, P.M. & HERSEN M. Components of assertive behavior. Journal of Clinical Psychology, 1973 b, 29, 295 - 299.
- ELSENATH, D.E.; COKER, D.L. & MARTINSON, W.D. Microteaching interviewing skills. Journal of Counseling Psychology, 1972, 19, 150 - 155.
- EYSENCK, H.J.; ARNOLD, W.J. & MEILI, R. Encyclopedia of Psychology. (Vol. II) Suffolk : Fontana/Collins, 1975.
- FANTASIA, S.C.; LOMBARDO, J.P. & WOLF, T.M. Modification of self-disclosing behaviors through modeling and vicarious reinforcement. The Journal of General Psychology, 1976, 95 (2), 209 - 218.
- FISHER, S. Body Experience in Fantasy and Behavior. New York : Appleton - Century - Crofts, 1970.
- FISHER, S. & CLEVELAND, S.E. Body Image and Personality. (Second edition) New York : Dover, 1968.
- FRANSELLA, F. Need to change? London : Methuen, 1975.
- FREUD, S. Recommendations to physicians practising psychoanalysis (1912). In The standard edition of the complete psychological works of Sigmund Freud, (Vol. XII) London : The Hogarth Press, 1958.



- FRIEDMAN, P.H. The effects of modeling on components of assertive behavior. In R. Rubin, H. Fensterheim, A.A. Lazarus and C.M. Franks (Eds.), Advances in Behavior Therapy. New York : Academic Press, 1971.
- FULLER, F.F. & MANNING, B.A. Selfconfrontation reviewed : A conceptualization for video playback in teacher education. Review of Educational Research, 1973, 43 (4), 469 - 528.
- GAMBRILL, E.D. Behavior Modification. Handbook of Assessment, Intervention and Evaluation. San Francisco : Josey - Bass, 1977.
- GEERTSMA, R. & REIVICH, R. Auditory and visual dimensions of externally mediated self-observation. Journal of Nervous and Mental Disease, 1969, 148, 210 - 223.
- GEERTSMA, R. & REIVICH, R. Repetitive self-observation by videotaped playback. Journal of Nervous and Mental disease, 1965, 141, 29 - 41.
- GEERTSMA, R. Studies in self-cognition : An introduction. Journal of Nervous and Mental Disease, 1969, 148, 193 - 197.
- GIBSON, R.E. The recognition of systems engineering. In C.D. Flagle, W.H. Huggins, and R.H. Roy (Eds.), Operations research and systems engineering. Baltimore : John Hopkins Press, 1960.
- GLUCKSTERN, N. Training parents as drug counselors in the community. Personnel and Guidance Journal, 1973, 51, 676 - 680.
- GOLDENBERG, H. Contemporary Clinical Psychology. California : Brooks/Cole, 1973.

- GOLDFRIED, M.R. & DAVISON, G.C. Clinical Behavior Therapy.  
New York : Holt, Rinehart and Winston, 1976.
- GOLDSTEIN, A.P. The use of modeling to increase independent behavior. Behavior Research and Therapy, 1973, 11, 31 - 42.
- GOLDSTEIN, A.P. Structured Learning Therapy : Toward a psychotherapy for the poor. New York : Academic Press, 1973.
- GOLDSTEIN, L.D. & REINECKER V.M. Factors affecting self-disclosure : A review of the literature. In B.A. Maher (Ed.), Progress in Experimental Personality Research, (Vol. VII) New York : Academic Press, 1974.
- GOLDSTEIN, A.P.; SPRAFKIN, P.P. & GERSHAW, N.J. Skill training for community living : Applying Structured Learning Therapy. New York : Pergaman Press/Structured Learning Associates, 1976.
- GORMALLY, J.; HILL, C.E.; OTIS, M. & RAINEY, L.  
A microtraining approach to assertion training.  
Journal of Counseling Psychology, 1975, 22, 299 - 303.
- GOUS, L.A.; LOUW, D.A.; MEYER, W.F. & PLUG, C.  
Psigologie woordeboek. Johannesburg : McGraw-Hill, 1979.
- GREEN, A.G. & MARLATT, G.A. Effects of instructions and modeling upon affective and descriptive verbalization.  
Journal of Abnormal Psychology, 1972, 80, 189 - 196.
- GREENSON, R.R. Beyond transference and interpretation.  
International Journal of Psychoanalysis, 1972, 53, 213 - 217.

- GUTTMAN, M.A. & HAASE, R.F. Generalization of microcounseling. Skills from Training Period to Actual Counseling Setting. Counselor Education and Supervision, 1972, 11, 98 - 108.
- HAASE, R.F. & DIMATTIA, D.J. The application of the micro-counseling paradigm to the training of support personnel in counseling. Counselor Education and supervision, 1970, 10, 16 - 22.
- HAASE, R.F.; DIMATTIA, D.J. & GUTTMAN, M.A. Training of personnel in three human relations skills : A systematic one-year follow-up. Counselor Education and supervision, 1972, 11, 194 - 199.
- HACKNEY, H.L.; IVEY, A.E. & OETTING, R. Attending, island and hiatus behavior : A process conception of of counselor and client interaction. Journal of Counseling Psychology, 1970, 17, 342 - 346.
- HALL, A.D. & FAGEN, R.E. Definition of System. In W.F. Buckley (Ed.), Modern Systems research for the behavioral scientist. Chicago : Aldine, 1968.
- HARDYCK, C.D. & PETRINOVICH, L.F. Introduction to Statistics for the Behavioral Sciences. (Second Edition). London : W.B. Saunders, 1976.
- HARSHBARGER, T.R. Introductory Statistics : A Decision Map. New York : Macmillan, 1971.
- HEFELE, T.J. The role of teacher interpersonal communication factors in the graduate education of prospective teachers of the deaf and the influence of such factors on the academic achievement of deaf students. In R.R. Carkhuff, Helping and Human Relations. A primer for lay and professional helpers, (Vol. II.) New York : Holt, Rinehart and Winston, 1969.

- HELLER, K. Laboratory Interview Research as an Analogue to Treatment. In A.E. Bergin and S.L. Garfield (Eds.), Handbook of Psychotherapy and Behavior Change : An empirical analysis. New York : John Wiley, 1971.
- HERSEN, M. & EISLER, R.M. Social skills training. In W.E. Craighead, A.E. Kazdin and M.J. Mahoney, Behavior modification : Principles, issues, and applications. Boston : Houghton Mifflin, 1976.
- HERSEN, M.; EISLER, R.M. & MILLER, P.M. An experimental analysis of generalization in assertive training. Behaviour Research and Therapy, 1974, 12, 295 - 310.
- HERSEN, M.; EISLER, R.M. & MILLER, P.M. Development of assertive responses : Clinical measurement and research considerations. Behaviour Research and Therapy, 1973, 11, 505 - 522.
- HERSEN, M.; EISLER, R.M.; MILLER, P.M.; JOHNSON, M.B. & PINKSTON, S.G. Effect of practice, instructions and modeling on components of assertive behavior. Behaviour Research and Therapy, 1973, 11, 443 - 451.
- HIGGINS, W.; IVEY, A.E. & UHLEMANN, M.R. Media therapy : A programmed approach to teaching behavioral skills. Journal of Counseling Psychology, 1970, 17, 20 - 26.
- HIGHLLEN, P.S. & VOIGHT, N.L. Effects of social modeling, cognitive structuring and self-management strategies of affective self-disclosure. Journal of Counseling Psychology, 1978, 25 (1), 21 - 27.
- HIMELSTEIN, P. & LUBIN, B. Attempted validation of the Self-disclosure Inventory by the peer nomination technique. Journal of Psychology, 1965, 61, 13 - 16.

- HOLZMAN, P.S. On hearing and seeing oneself. The Journal of Nervous and Mental Disease, 1969, 148 (3), 198 - 209.
- HOOD, T.C. & BACK, K.W. Self-disclosure and the volunteer : A source of bias in laboratory experiments. Journal of Personality and Social Psychology, 1971, 17, 130 - 136.
- IVEY, A.E. Media Therapy : Educational change planning for psychiatric patients. Journal of Counseling Psychology, 1973, 20, 338 - 343.
- IVEY, A.E. Microcounseling and Media Therapy : State of the art. Counselor Education and Supervision, 1974, 13, 172 - 183.
- IVEY, A.E. Microcounseling : Innovations in interviewing training. Springfield, Illinois : Charles C. Thomas, 1971.
- IVEY, A.E.; NORMINGTON, C.J.; MILLER, C.D.; MORRIL, W.H. & HAASE, R.F. Microcounseling and attending behavior : An approach to prepracticum counselor training. Journal of Counseling Psychology, 1968, 15 (5, Pt. 2), 1 - 12.
- JOHNSON, C.F. & DABBS, J.M. Self-disclosure in dyads as a function of distance and the subject-experimenter relationship. Sociometry, 1976, 39(3), 257 - 263.
- JOHNSON, R.A.; KAST, F.E. & ROSENZWIEG, J.E. The theory and management of systems. New York : McGraw-Hill, 1963.
- JOUBERT, E. Die gebruik van n model by oudio-visuele terugvoer in gesinsterapie. Ongepubliseerde meestersverhandeling. Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1976.

- JOURARD, S.M. Healthy personality : an approach from the viewpoint of humanistic psychology. New York : Mcmillan, 1974.
- JOURARD, S.M. Healthy personality and self-disclosure. In C. Gordon and K.J. Gergen (Ed.), The self in social interaction. (Vol. I) Classic and contemporary Perspectives. New York : John Wiley, 1968.
- JOURARD, S.M. The transparent self. (second edition) New York : Van Nostrand, 1971 (a).
- JOURARD, S.M. Self-disclosure : An experimental analysis of the transparent Self. New York : John Wiley, 1971 (b).
- JOURARD, S.M. Self disclosure and liking, 1959. In S.M. Jourard, Selfdisclosure : An experimental analysis of the transparent Self. New York : Wiley, 1971 (b).
- JOURARD, S.M. & FRIEDMANN, R. Experimenter-subject "distance" and selfdisclosure. Journal of Personality and Social Psychology, 1970, 8, 278 - 282.
- JOURARD, S.M. & JAFFE, P. A further effect of experimenter's selfdisclosure on Subjects' Self-disclosure, 1970. In S.M. Jourard, Self-disclosure : An experimental analysis of the transparent self. New York : John Wiley, 1971 (b).
- JOURARD, S.M. & JAFFE, P. Influence of an interviewer's disclosure on the self-disclosure behavior of interviewees. Journal of Counseling Psychology, 1970, 17, 252 - 257.
- JOURARD, S.M. & LANDSMAN, M.J. Knowing, liking and the Dyadic Effect in men's self-disclosure, 1960. In S.M. Jourard, Self-disclosure : An experimental analysis of the transparent self. New York : John Wiley, 1971 (b).

- JOURARD, S.M. & LASKOW, P. Some factors in self-disclosure. Journal of Abnormal and Social Psychology, 1958, 56, 91 - 98.
- JOURARD, S.M. & RESNICK, J.L. High Versus low disclosers : A contest, 1970. In S.M. Jourard, Self-disclosure : An experimental analysis of the transparent self. New York : John Wiley, 1971 (b).
- JOURARD, S.M. & RICHMAN, P. Factors in the self-disclosure inputs of college students, 1963. In S.M. Jourard, Self-disclosure : An experimental analysis of the transparent self. New York : John Wiley, 1971 (b).
- KANFER, F. & PHILLIPS, J. Behavior therapy. Archives of General Psychiatry, 1966, 15, 114 - 128.
- KASWAN, J. & LOVE, L. Confrontation as a method of psychological intervention. Journal of Nervous and Mental Disease, 1969, 148, 224 - 237.
- KATZ, D. & KAHN, R.L. The Social Psychology of Organizations. New York : John Wiley and Sons, 1966.
- KAZDIN, A.E. Effects of covert modeling and model reinforcement on assertive behavior. Journal of Abnormal Psychology, 1974, 83, 240 - 252.
- KAZDIN, A.E. Evaluating the Generality of findings in Analogue Therapy Research. Journal of Consulting and Clinical Psychology, 1978, 46, 673 - 686.
- KERLINGER, F.N. Foundations of Behavioral Research. (Second edition) London : Holt, Rinehart and Winston, 1973.
- KERSHNER, R.B. A survey of systems engineering tools and techniques. In C.D. Flagle; W.H. Huggins and R.H. Roy (Eds.), Operations research and systems engineering. Baltimore : John Hopkins, 1960.

- KHAILOV, K.M. The problem of systematic organization in theoretical biology. In W. Buckley (Ed.), Modern Systems research for the behavioral scientist. Chicago : Aldine, 1968.
- KIESLER, D.J. Experimental Designs in Psychotherapy Research. In A.E. Bergin and S.L. Garfield (Eds.), Handbook of Psychotherapy and Behavior Change : An empirical analysis. New York : John Wiley, 1971.
- KRATOCHVIL, D. Changes in values and interpersonal functioning of nurses in training. Counselor Education and supervision, 1969, 8, 104 - 107.
